# PREDIKING BINNE DIE KONTEKS VAN DIE HEDENDAAGSE GESINSEREDIENS

**BJ VAN TONDER**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad:**

**M.A. TEOLOGIE**

**in die**

**TEOLOGIESE FAKULTEIT**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Studieleier: Prof HJC Pieterse**

**Medestudieleier: Prof CJA Vos**

**Pretoria: Oktober 2006**

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK EEN:
## INLEIDING


| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **Agtergrond van hierdie studie** | **1** |
| **1.2** | **Probleemstelling van hierdie studie** | **2** |
| **1.3** | **Werkshipotese van hierdie studie** | **3** |
| **1.4** | **Doel van hierdie studie** | **3** |
| **1.5** | **Metodiek van hierdie studie** | **3** |


## HOOFSTUK TWEE:
## TEOLOGIESE OMSKRYWING VAN PREDIKING


| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **Inleiding** | **5** |
| **2.2** | **God se Woord as basis vir prediking** | **5** |
| **2.3** | **Pneumatologie binne die prediking** | **8** |
| **2.4** | **Prediking as kommunikatiewe geloofshandeling** | **10** |
| **2.5** | **Prediking as hermeneutiese geloofshandeling** | **13** |
| **2.6** | **Samevatting** | **15** |

**HOOFSTUK DRIE:**

**PREDIKING BINNE DIE KONTEKS VAN 'N GESINSDIENS**


| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Inleiding** | **16** |
| **3.2** | **'n Nuwe hermeneutiese benadering tot die prediking vanweë die post-moderne konteks** | **16** |
| **3.3** | **Die konteks van die post-moderne hoorder** | **18** |
| **3.4** | **Die konteks van die post-moderne gesin** | **22** |
| **3.4.1** | **Definiëring van die post-moderne gesin** | **22** |
| **3.4.2** | **Verskillende gesinstrukture in die post-moderne konteks** | **24** |
| **3.4.3** | **Verskillende gesinsamestellings in die post-moderne konteks** | **25** |
| **3.5** | **Gesinsbediening as teologiese én hermeneutiese vertrekpunt vir die prediking binne 'n hedendaagse post-moderne konteks** | **28** |
| **3.5.1** | **God se heilsdoel met die gesin** | **29** |
| **3.5.2** | **Gesin as hermeneutiese konteks** | **30** |
| **3.5.3** | **Spanning tussen die gesin en die evangelie** | **31** |
| **3.5.4** | **'n Klemverskuiwing binne die huidige jeugbediening** | **33** |
| **3.5.5** | **'n Prakties-teologiese begronding vir gesinsbediening** | **35** |
| **3.5.6** | **'n Prakties-teologiese begronding vir die gesinserediens** | **38** |
| **3.5.7** | **Prediking aan die post-moderne hoorder** | **44** |
| **3.5.8** | **Prediking aan die post-moderne gesin** | **46** |
| **3.5.9** | **Die hedendaagse kind binne die erediens** | **49** |
| **3.5.10** | **Die hedendaagse tiener binne die erediens** | **54** |
| **3.6** | **Konklusie** | **61** |

**HOOFSTUK VIER:**

**’N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE WAARDE VAN GESINSEREDIENSTE**


| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **Inleiding** | **62** |
| **4.2** | **Empiriese navorsing wetenskaplik begrond** | **62** |
| **4.3** | **Empiriese navorsing metodologies begrond** | **63** |
| **4.4** | **Metodiek van hierdie empiriese ondersoek** | **64** |
| **4.5** | **Praktyk van hierdie empiriese ondersoek** | **65** |
| **4.6** | **Resultate van hierdie empiriese ondersoek** | **68** |
| **4.7** | **Analise van hierdie empiriese ondersoek** | **72** |
| **4.7.1** | **Tabel A** | **72** |
| **4.7.2** | **Tabel B** | **74** |
| **4.7.3** | **Tabel C** | **77** |
| **4.8** | **Samevatting** | **80** |


**HOOFSTUK VYF:**

**RIGLYNE VIR DIE SAMESTELLING EN AANBIEDING VAN ’N GESINSEREDIENS VIR DIE HEDENDAAGSE GESIN**


| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | **Inleiding** | **81** |
| **5.2** | **Toetserediens as praktiese voorbeeld van ’n gesinserediens** | **81** |
| **5.2.1** | **Beplanningskedule vir die toetserediens** | **81** |
| **5.2.2** | **Liturgie van die toetserediens** | **83** |
| **5.2.3** | **Preek van die toetserediens** | **85** |
| **5.2.4** | **Oudiovisuele aanbieding van die toetserediens** | **89** |
| **5.2.5** | **Drama van die toetserediens** | **91** |

| | | |
|---|---|---|
| **5.2.6** | **Meting van die toetserediens** | **93** |
| **5.3** | **Praktiese riglyne vir die samestelling van die gesinserediens** | **95** |
| **5.3.1** | **Algemene riglyne vir die gesinserediens** | **95** |
| **5.3.1.1** | **Betrokkenheid** | **96** |
| **5.3.1.2** | **Deelname** | **96** |
| **5.3.1.3** | **Verhoudinge en mentorskap** | **97** |
| **5.3.1.4** | **Verweefdheid van spiritualiteite en generasiebehoeftes** | **98** |
| **5.3.1.5** | **Verbeelding en verwondering** | **98** |
| **5.3.1.6** | **Kreatiwiteit en oorspronklikheid** | **99** |
| **5.3.1.7** | **Waarde van die liturgie** | **100** |
| **5.3.1.8** | **Balans van die primêre elemente** | **100** |
| **5.3.1.9** | **Vloeiendheid** | **101** |
| **5.3.1.10** | **Beweging en afwisseling** | **101** |
| **5.3.1.11** | **Tuisopdragte en opvolg** | **102** |
| **5.3.1.12** | **Veelvlakkige aanbidding** | **103** |
| **5.3.1.13** | **Outentieke aanbidding** | **103** |
| **5.3.1.14** | **Behoefte aan gemeenskap** | **103** |
| **5.3.1.15** | **Behoefte aan drama** | **104** |
| **5.3.2** | **Spesifieke riglyne vir die gesinspreek** | **105** |
| **5.3.2.1** | **Relevansie en aktualiteit** | **105** |
| **5.3.2.2** | **Narratiewe prediking** | **105** |
| **5.3.2.3** | **Dialogiese prediking** | **106** |
| **5.3.2.4** | **Oop-einde prediking** | **106** |
| **5.3.2.5** | **Lerende prediking** | **107** |
| **5.3.2.6** | **Eenvoudige taalgebruik** | **108** |
| **5.3.2.7** | **Kort maar kragtige preke** | **108** |
| **5.3.2.8** | **Oudiovisuele kunsvorme** | **109** |
| **5.3.2.9** | **Oudiovisuele hulpmiddels** | **110** |

| | | |
|---|---|---|
| **5.3.2.10** | **Illustrasies en bybehore** | **110** |
| **5.3.2.11** | **Humor en komedie** | **111** |
| **5.3.2.12** | **Simbole en rituele** | **111** |
| **5.4** | **Ander riglyne vir die aanbieding van die gesinserediens** | **112** |
| **5.4.1** | **Persoon van die prediker** | **112** |
| **5.5** | **Skematiese voorstelling van die riglyne vir die gesinserediens en –preek** | **113** |
| **5.6** | **Slot** | **113** |

**BIBLIOGRAFIE** **114**

# HOOFSTUK EEN

# INLEIDING

## 1.1 Agtergrond van hierdie studie

"Ek wil nie kerk toe gaan nie," is sekerlik woorde wat menige gelowige ouer al een of ander tyd uit die mond van sy of haar kleuter, kind of tiener gehoor het. Wanneer 'n ouer uiteindelik oor die aanvanklike skok van hierdie eerste mededeling kom, en dan versigtig probeer uitvind wat die rede daarvoor mag wees, sou die tipiese kleuter of kind reageer met "Dis nie lekker nie!" terwyl die tipiese tiener sou antwoord "Want dis 'boring!'"

Van hierdie eerste donker dag af wanneer kinders só op die erediens reageer, besef ouers: dinge in ons huis het dramaties verander! Van nou af sal ons gereeld gevegte oor 'kerk toe gaan' in ons gesin veg! Van vandag af gaan die erediens spanning in ons andersins vredevolle huis bring...

Wat probeer hierdie heel goeie kinders eintlik sê? Wil hulle miskien sê dat hulle intussen in ongelowiges ontaard het, want hoe kan 'n ontmoeting met die lewende God in die erediens dan nie meer 'lekker' wees nie? Wil hulle dalk sê dat 'die kerk' intussen in ongelowiges ontaard het, omdat dit wat binne eredienste gebeur dan nie meer vol opwinding en vreugde is nie? Hoe moet hierdie antwoorde van hulle dan verstaan word?

Lê die fout – met alle respek gesê – by God? Lê die fout – met dieselfde respek bedoel – by die Woord en die wonderlike evangelie van Jesus Christus? Lê die fout by die prediker of liturg? Lê die fout by die gemeente? Lê die fout by die kinders – en dus by die ouers? Lê die fout by die erediens? Hoe ookal hieroor nagedink word, is die reaksie van kinders op die erediens terselfdertyd 'n ontnugtering as 'n aanklag. Waar het dinge dan so verkeerd gegaan dat die erediens kinders afsit en moeilik aanspreek? Juis in hierdie vraag lê ook die antwoord! *Eredienste spreek kinders moeilik aan!*

Uit die aard van die saak sukkel kinders en tieners nog om hulleself behoorlik uit te druk, wat beteken dat heelwat interpretering gedoen sal moet word om by die werklike antwoorde uit te kom. Feit is egter, dat die kinders verseker iets vir die kerk wíl sê, en uit die mond van die suigeling sal ons mos die waarheid hoor – hoe gebrekkig en geradbraak dit ookal mag klink!

Sal ouers bereid wees om na hierdie jong stemme te luister? Sal die kerk bereid wees om hierdie jong stemme te hoor? Of sal die dalende syfers van kerkbywoning sowel as die veroudering van die gemiddelde kerklidmaat wêreldwyd bloot toegeskryf word aan sekularisasie, en dit midde in ’n tyd waar die hedendaagse mens nou meer as ooit tevore geestelik soekend is?

In dié studie word eerlik gepoog om ’n versigtige tree te gee in die rigting van die interpretering van hierdie uitsprake van die kerk se kinders. Wat beteken die kind se woorde dat die erediens nie lekker is nie? Wat bedoel die tiener met die woorde dat die erediens vervelig is? Deur middel van ’n praktykteorie sowel as empiriese navorsing gaan gepoog word om by hierdie antwoorde uit te kom, en uiteindelik die spanning rondom eredienste binne gesinne en ouers se gemoedere te ontlont deur positiewe ervaringe vir gesinne rondom eredienste te skep.

## 1.2 Probleemstelling van hierdie studie

**Die huidige gesamentlike eredienste in gemeentes spreek nie werklik die post-moderne kleuter, kind, tiener en volwassene se behoeftes aan nie omdat dit hoofsaaklik op modernistiese volwassenes gerig word. Vandaar het vele gemeentes ’n generatiewe benadering tot eredienste begin volg in ’n poging om die verskillende geslagte binne gesinne meer gespesialiseerd aan te spreek. Gevolglik het ’n gefragmenteerde bediening tot stand gekom wat die eenheid van die kerk asook gesinne huidig ernstig bedreig. Om die saak verder te belemmer, is die meeste kerkleiers en predikers van mening dat dit onmoontlik is om die totale gesin binne een erediens sinvol aan te spreek en na behore te bedien.**

### 1.3 Werkshipotese van hierdie studie

Indien daar bo alle twyfel bewys kan word dat gesinseredienste of intergeneratiewe eredienste met sukses aan post-moderne gesinne aangebied kan word, sal die behoefte aan die oorbeklemtoning van generatiewe eredienste daardeur opgehef kan word. Op hierdie wyse sal die spanning binne gesinne en gemeentes rondom eredienste ontlont word, terwyl ouers ook nie meer met skuldgevoelens rondom hulle kinders se aversie van die erediens hoef te worstel nie. Verder sal ouers ook weer in hulle primêre rol as geestelike begeleiers van hulle kinders herstel word sodat God se oorspronklike bedoeling met die geloofsgesin binne die verbond tot reg kan kom.

### 1.4 Doel van hierdie studie

In hierdie studie gaan gepoog word om aan te toon hoe die huidige generatiewe bediening gesinne verskeur maar tegelykertyd ook vervreem van die wortels van die Christelike kerklike tradisie. In dieselfde asem het hierdie studie ten doel om empiries na te vors hoe generasie-gefokusde eredienste by gesinne die begeerte laat om weer saam as gesin binne die erediens te aanbid. Uiteindelik sal die resultate hiervan lei na die omskrywing en definiëring van ’n gesinserediens en spesifiek ‘n gesinspreek, tesame met bepaalde praktiese en teologiese riglyne vir die inrigting van so ’n intergeneratiewe erediens en preek.

### 1.5 Metodiek van hierdie studie

Deur middel van ‘n teologiese konseptualisering na aanleiding van die literatuur in die veld van die homiletiek asook sosiale wetenskappe, word in hoofstuk twee en drie ’n greep verkry op die huidige tendense binne die betrokke navorsingsveld. Hiervanuit word ’n praktykteorie saamgestel waaarmee die bestaande situasie wetenskaplik getoets kan word. Om hierdie toetsing te laat realiseer, word in hoofstuk vier deur middel van ’n kwalitatiewe empiriese ondersoek onder ’n groep post-moderne gesinne vanuit ’n breë spektrum, navorsing gedoen om te bepaal of

die bestaande praktykteorie ook empiries ondersteun word. Aan die hand van ’n spesifieke toetserediens sal ook nagevors word hoe ’n gesinserediens en veral gesinspreek saamgestel kan word om post-moderne gesinne in totaliteit aan te spreek. Nadat hierdie proses deeglik verloop het, sal daar in hoofstuk vyf by die saamstel van riglyne en praktiese voorstelle uitgekom word om gesinseredienste en veral gesinspreke suksesvol vir post-moderne gesinne in te rig.

# HOOFSTUK TWEE

# TEOLOGIESE OMSKRYWING VAN PREDIKING

## 2.1 Inleiding

Om by ’n grondige preekteorie uit te kom, moet vanuit die staanspoor deeglik kennis geneem word van Vos se onderskeiding van die twee belangrike aspekte binne die homiletiek, naamlik die hermeneutiese dimensie en die kommunikatiewe dimensie (Vos 1996:6). Alhoewel hierdie ’n baie geldige onderskeiding is, pleit Vos dat dit nooit van mekaar geskei mag word nie, juis omdat beide dimensies in die prediking noodsaaklik is. Ook Pieterse kies vir hierdie tweeledige model binne die benadering van die homiletiek (2001:17). In hierdie betrokke hoofstuk word beide dié dimensies van die prediking in ag geneem vir die ontwikkeling van ’n homiletiese teorie vir die prediking, wat uiteindelik in die woorde van Vos as ’n hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie bekend sal staan (1996:6).

Alvorens daar egter hierby stilgestaan kan word, moet die vraag na die gesag van die Woord van God binne die homiletiek, asook die verstaan van die werking en rol van die Heilige Gees binne die prediking, eers deeglik aangespreek word, sodat ’n Gereformeerde basis vir beide die hermeneutiese en die kommunikatiewe fokusse van die homiletiek gelê kan word.

## 2.2 God se Woord as die basis vir prediking

Binne die Gereformeerde tradisie speel die Woord van God ’n buitengewoon belangrike rol (Heyns en Pieterse 1990:5). Van hierdie feit getuig byvoorbeeld die eerste sewe artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis onomwonde (Handboek vir die erediens 1983:155-157). Hiermee word onmiddelik impliseer dat die Skrif ook binne die prediking as norm en bron van die grootste belang sal wees (Van Wyk 2002:43).

Prediking is immers ten diepste 'n Bybelse opdrag (Pieterse 2001:18). Vir die Nuwe Testamentiese skrywers het prediking uitgestaan as die gebeure waardeur God werk (Robinson 1980:17). In 1 Petrus byvoorbeeld, beskryf Petrus hoe die lesers uit onverganklike saad weergebore is, en hoe hierdie onverganklike saad deur verkondiging en prediking van die evangelie na hulle gekom het (1 Pet 1:23-25).

Vandaar is prediking ook ten nouste aan die Skrif self verbind (Pieterse 2001:19). God spreek tog deur die Bybel as die primêre instrument van kommunikasie met die mens (Robinson 1980:18). Hierdie saak bly die basiese belydenis van die Gereformeerde tradisie (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1.17; Handboek vir die erediens 1983:229).

Die Woord van God is God se Woord omdat God sélf daarin aan die woord kom (Pieterse 1979:51). Pieterse beskryf dit as 'n Woord – 'n Goddelike Woord – in mensetaal. Volgens artikel twee van die Nederlandse Geloofsbelydenis maak God Hom deur sy heilige en Goddelike Woord aan die mens bekend (Handboek vir die erediens 1983:155). Uit die mond van Ebeling is die Woord van God waarneembaar in die Heilige Skrif (Pieterse 1979:52). In ander woorde kan die Woord van God in die Skrif waargeneem word, en word die Skrif die bron waarin die Woord van God neerslag vind. God se Woord kry dus konkrete beslag in die fisiese taalkode van die mens. Nêrens anders in die wêreld kan die spreke van God hier en nou so betroubaar en duidelik verneem word, as behalwe in die Bybel nie (Heyns 1976:100).

Uiteraard kom die vraag na die gesag en plek van die Skrif binne die Praktiese teologie hiermee ter sprake. Drie benaderingswyses binne die Praktiese teologie, wat ook al drie te make het met die vraag na die plek en gesag van die Skrif, kan ook binne die homiletiek aangedui word:

- In die eerste plek is daar die diakonologiese benadering tot die Skrif wat dit as enigste openbaringsbron vir die teologie beklemtoon, en dus die praktyk of die werklikheid negeer (Van Tonder 2001:18). Hier word wel van die

sosiaal-wetenskaplike metodiek gebruik gemaak, maar dan alleen in soverre dit die teks kan help interpreteer (Van Wyk 2002:37). Teologie is egter, aldus Pieterse, nie alleen maar kennis van die Skrif nie (1993:106).

- In die tweede plek vind ons die kontekstuele benadering wat weer aan die ander kant van die spektrum, vanuit die samelewing na die Skrif beweeg en sodoende sosiale transformasie teweeg wil bring (Van Tonder 2001:18). Hierdie benadering word ook die bevrydingsteologie genoem, wat die feministiese en emansipasie-teologie insluit, en waar dit nie primêr gaan om die akademie of kerk as instituut nie, maar om die uitgangspunt van die mondige gelowige (Van Wyk 2002:37). 'n Eie huidige konteks, asook die gerigtheid op die breër wêreld, speel hier die dominante rol, maar dan ten koste van die openbaring van God en sý spesifieke bedoeling met die Skrif.
- In die derde plek het ons te make met die handelingswetenskaplike benadering wat 'n verbreding van die objek van die praktiese teologie bepleit, sodat kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie ook buite die kerk, binne die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer kan word (Pieterse 1993:107). Teologiese teorie staan dus in wisselwerking met die werklikheid of konteks (Van Wyk 2002:44) wat tot 'n bepaalde spanningsveld aanleiding gee (Immink 2003:189). Hierdie benadering gaan steeds uit van die standpunt dat die Bybel die enigste bron en norm vir die prediking is, maar laat tog ruimte vir 'n voortgaande openbaring in die tradisie en in die harte van gelowiges (Van Wyk 2002:43). Sodoende kan die religieuse of kerklike praxis ook deur middel van die metodes van die sosiale wetenskappe ondersoek word (Van Wyk 2002:37.)

Een van die groot misverstande rondom hierdie empiries-analitiese benadering is die beskuldiging dat dit pragmaties van aard is, en die normatiewe (Bybelse) asook kritiese dimensie verlore gaan (Van Tonder 2001:18). Tog is die bedoeling eerder om die empiriese benadering binne die breë hermeneutiese interpretasie-

wetenskaplike raamwerk te plaas, sodat sinvolle wisselwerking tussen tradisie en situasie kan geskied.

Op hierdie trant pleit Borgman (1997:14) vir ’n holistiese eksegese waar ’n drievoudige proses van interpretasie gevolg word: eksegese van die Skrif (getrouheid aan die Woord van God), eksegese van die kultuur (relevansie en sensitiwiteit teenoor die samelewing) en die eksegese van die self en die gemeenskap (bewustheid van eie menslikheid en paradigmas).

Wie die Skrif as kenbron wil respekteer, moet in gedagte hou dat die Skrif altyd vanuit ’n bepaalde ervaring verstaan word (Heyns en Pieterse 1990:45). Aldus Borgman bring elke teoloog ’n eie persoonlike ervaring en kulturele geskiedenis na die tafel (1997:xix). Hierdie ervaring en menslike verstaansbril moet ook aan wetenskaplike ondersoek onderwerp word, indien dit nie bloot voorwetenskaplik en minder werklikheidsgetrou wil wees nie (Van Tonder 2001:20).

Juis hierdie handelingswetenskaplike benadering sal ons help om op ’n verantwoordelike en verantwoordbare wyse met die teks én konteks om te gaan. Vandaar vorm hierdie benadering binne die Praktiese teologie en die homiletiek die basis vir die vorming van ’n kommunikatiewe en hermeneutiese model vir die prediking.

## 2.3 Pneumatologie binne die prediking

Bostaande nuwere insigte in Skrifverstaan binne die teologie, vereis volgens Nel ook ’n nuwe denke rondom die verstaan van die Pneumatologie (1991:21). God kom tot ons in sy Woord deur die werk van die Gees (Pieterse 1993:139). Petrus bely in 2 Petrus 1:20 dat geen profesie in die Skrif op grond van eie insig reg uitgelê kan word nie, omdat dit nie deur die wil van ’n mens voortgebring is nie.

Ook vir die prediking is hierdie uitgangspunt geldig, naamlik dat ons glo dat God in die preek na die mens kom deur die werking van die Heilige Gees. In 2 Petrus 1: 21 word juis bevestig dat mense deur die Heilige Gees meegevoer, die Woord wat van God kom, verkondig het (Heyns 1978:18).

Verstaan van die Skrif is immers nie vanselfsprekend nie, maar loop nou saam met die belydenis dat ons die Skrif nie kan verstaan sónder die werking van die Heilige Gees nie (Pieterse 1979:92). Alle menslike kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie word deur die Gees moontlik gemaak (Van Wyk 2002:16).

Die werkswyse van die Heilige Gees geskied egter op so ’n manier dat Hy aan mense die bevoegdhede en die vermoëns gee om God as menslike wesens te ken en ook te dien (Van Tonder 2001:15). So maak die Heilige Gees dus nie menslike optrede of geloofshandelinge oorbodig nie, maar eerder móóntlik deurdat Hy mense daartoe oproep, asook die vryheid en verantwoordelikheid daarvoor gee.

Hier gaan dit dus om die praxis of handelinge van God wat deur die Gees geskied, maar waarvoor die Gees mense op konkrete wyse gebruik in die kommunikasie van die evangelie. Dit is dan die Gees wat die mens in God se diens opneem, en ook die mens daartoe bemagtig.

Gelowige mense met wie die Gees meewerk, tree deur hulle eie vermoëns, persoonlikhede, redelikheid, kommunikasievaardighede en handelingskompetensie in vryheid selfstandig op, in die geloof dat die Gees hulle werk in sy diens neem (Pieterse 1993:139). Nie alleen neem die Gees die mens ernstig op nie, maar neem Hy ook die mens volledig op in die koms van God deur sy Woord na hierdie wêreld (Nel 1991:30). Aldus Nel pleit Veenhof heel tereg dat, omdat die Gees mense in hulle eie menswees respekteer, die pastor en prediker dieselfde moet doen (Nel 1991:30).

God spreek via die prediking in ons midde deur die vertolking van die Skrifwoorde deurdat Hy die vertolker in diens neem (Heyns en Pieterse 1990:5). Op hierdie wyse kom die mens binne die kragveld van die Heilige Gees te staan. Wanneer ons dan oor die mens – die antropologie – wil praat, moet ons in dieselfde asem ook oor die Gees – die Pneumatologie – nadink. In die handelinge van die mens is die handelinge van die Gees tog ook teenwoordig (Van Tonder 2001:16).

Binne die homiletiek moet dus genoegsaam rekening gehou word met handelinge van die Heilige Gees in en deur mense, en sodoende kan die praxis nie maar bloot as minderwaardig of sondig afgemaak word nie. ’n Gelowige is immers ’n nuwe mens in wie die Gees deur Christus woon, en wat deur hierdie Gees gelei word – Romeine 8:1-17 (Heyns en Pieterse 1990:6).

## 2.4 Prediking as kommunikatiewe geloofshandeling

Nog altyd was die mens betrokke by God se openbarende handelinge en woorde (Pieterse 2001:5). God se openbaring is as bekendstelling en toenadering gerig op die mens en ter wille van die mens. God betrek dan ook die mens as aktiewe gespreksgenoot en bondgenoot. Hiervanuit volg dat die mens as wese, antwoord op God se toenadering omdat God juis daardie vermoë in die mens geplaas het (Pieterse 2001:6). Hierdie antwoord kom in die vorm van geloof en liefde wat lei tot ’n lewende verhouding van gemeenskap met die lewende God.

Daarná neem die handelende God die mens – onder leiding van sy Gees – in sy diens om namens Hom handelend op te tree (Heyns en Pieterse 1990:42). So word die mens dus deur geloofshandelinge as daadwerklike subjek by die werk van God betrek. Heitink verstaan dit as ’n bipolêre verhouding waarin God en mens met mekaar staan, maar waarin geeneen hulle eie identiteit prysgee nie (1993:170).

Alle geopenbaarde Goddelike en menslike handelinge is kommunikatief van aard. Ook in die handelinge van die gelowige mens soos gevind in die kerugma, koinonia, leitourgia, didachè en diakonia, is kommunikasie met God, mekaar en die samelewing aan die orde (Van Tonder 2001:10). Binne die gewoon alledaagse lewe van elke dag sien ons kommunikatiewe handelinge (Vos 1996:50). Hierdie handelinge is by uitstek gemik op ontmoetings (Vos 1996:51). In wese het die mens dus ’n behoefte aan handelinge wat kommunikasie en dus gemeenskap kan bewerkstellig.

Ongelukkig, merk Vos tereg op, kan nooit uit die oog verloor word dat die mens op wie die evangelie gemik is, altyd vanuit ’n kommunikasiebreuk verstaan moet

word nie (1996:52). Hierdie sogenaamde kommunikasiestoornisse loop vanaf die Genesisverhaal (Genesis 3) deur die hele menslike bestaan en moet daarom duidelik verreken word.

Ook prediking as handeling – en in besonder geloofshandeling – is ten diepste kommunikasie van die evangelie. Hierdie kommunikatiewe handeling is in besonder gerig op verandering (Nel 1991:24). Heitink definieer juis die begrip "handeling" as 'n aksie om willens en wetens iets in die wêreld tot stand te bring (1993:152). Nooit is dit dan 'n doel opsigself nie, maar doelbewus gemik op die impaktering van die wêreld.

Binne die prediking word hierdie doelwit bewerkstellig deur die verbetering en vernuwing van kommunikatiewe handelinge (Immink 2003:156). Vir hierdie rede moet ook die prediker, wat in die prediking vir God soos Hy Hom in sy Woord openbaar, ernstig opneem as die handelende Een wat met sy kerk en die wêreld op weg is, in die beoefening van die prediking huiwerend maar gelowig deelneem aan die skep van 'n aarde en samelewing waar God regeer (Nel 1991:32).

In die preek gaan dit dus primêr om kommunikatiewe handelinge (Vos 1996:53). In die eerste plek het dit te make met God se kommunikatiewe handelinge op die mens gerig, maar in die tweede plek ook die mens (onder leiding van die Gees) se kommunikatiewe handelinge op mekaar gerig. Met hierdie soort handeling word 'n besondere ruimte geskep waar God se heil gekommunikeer en gevier kan word.

Twee basiese kommunikasiemodelle kan in die homiletiek gevolg word (Vos 1996:168):

- Aan die een kant is daar 'n liniêre benadering, waar dit gaan om 'n lynreg en kliniese oordrag van die boodskap vanaf 'n sender na 'n hoorder. Vier basiese komponente is hier ter sprake, naamlik die bron, die boodskap, die kanaal en die ontvanger. Een van die groot tekortkominge van hierdie model is egter dat die hoorder bloot as ontvanger beskou word en dus in wese geen aktiewe rol te speel het nie.

- Aan die ander kant is daar ’n dialogiese benadering, waar dit gaan om gespreksgenote wat in vryheid en op gelyke voet streef na onderlinge begrip en bestaansverwesenliking (Vos 1996:170). Alhoewel die term “dialoog” normaalweg na ’n tweegesprek verwys (Vos 1996:178), en daar strenggesproke nie daarvan in ’n preekdiens sprake is nie, word die term hier wyer verstaan as ’n insluiting van die liturgie asook die dialogiese en gemeenskaplik-menslike proses van aktief luister, saam dink en saam worstel.

In hierdie dialogiese kommunikatiewe geloofshandeling van die preek is daar dus tweerigting verkeer (Pieterse 2001:23). Aan die een kant is daar die prediker wat vanuit ’n eie ervaringswêreld die teks verstaan en so oordra. Aan die ander kant is daar die hoorder wat ook vanuit ’n eie ervaringswêreld die boodskap verstaan en so toe-eien of vir daardie selfde rede nié toe-eien nie (Pieterse 2001:9). Ook die hoorder is ’n deelnemer op gelyke vlak met die sender. Op hierdie wyse vind dialoog plaas tussen die sender en hoorder, maar ook tussen die hoorder en sender, sodat ooreenstemming daardeur gevind kan word.

Stott beskryf ’n egte preek as een wat nié die monoloog is wat dit oënskynlik blyk te wees nie (1982:60). Ware prediking is vir hom altyd dialogies van aard. Binne hierdie dialogiese preekmodel word alle mense gelykwaardig beskou, kommunikeer hulle op gelyke voet, kry hulle gelyke geleentheid om insette te lewer en aan die gesprek deel te neem, en is hulle vry om die boodskap te aanvaar of nié te aanvaar nie (Pieterse 2001:26).

Vir hierdie studie word aangesluit by die dialogiese kommunikasieteorie vir die prediking, en wel met goeie motivering. Enersyds is die prediker heel eerste ook ’n hoorder – die eerste hoorder van die boodskap wat gebring gaan word – en daarom nié die sender in daardie sin van die woord nie (Vos 1996:180). God is die eintlike Sender van die boodskap! Andersyds is die hoorder ook ’n subjek, in die eerste plek weens die dialoog wat in die preek plaasvind, en in die tweede plek weens die feit dat die hoorder medevertolker van die boodskap is.

Al is hierdie dialoog dan ook in die minste bloot debatterende dialoog wat in stilte geskied, deurdat die prediker in die boodskap telkens vrae by die hoorder laat opkom waarop hy of sy – beide hoorder en prediker – dan weer antwoord (Stott 1982:61), bly dit steeds ’n dialogiese proses tussen hoorder en prediker.

## 2.5 Prediking as hermeneutiese geloofshandeling

Hermeneutiek is die wetenskap van verstaan – in ander woorde gaan dit in die hermeneutiese wetenskap oor hoe die mens sy omgewing, situasie, en geskrifte binne die huidige werklikheid interpreteer (Pieterse 2001:5). Interpretasie van tekste en geloofshandelinge is spesifiek hier ter sprake, en dan veral die vraag na die betekenis van ’n historiese teks vir die hede (Van Wyk 2002:13).

Vandag word algemeen aanvaar dat die basiese metodiek van die teologie ’n hermeneutiese metodiek is (Pieterse 2001:8). Teologie is in geheel hermeneutiek (Pieterse 1979:39). Vroeër is feitlik al die aandag in die homiletiek aan die teks gewy, terwyl byna geen aandag aan die hoorder gegee is nie (Van Wyk 2002:56). Vandag word binne die nuwe hermeneutiek gepoog om die nodige balans tussen teks en hoorder te herstel.

Die proses van verstaan word nie meer soos voorheen as ’n vanselfsprekende gebeure beskou nie, maar as ’n dinamika met ’n eie problematiek (Pieterse 1979:34). Aldus Dingemans lê die problematiek van die hermeneutiek juis in die feit dat daar geen absolute objektiewe sekerhede of feite bestaan nie (Immink 2003:188). Feite word altyd beskou binne die verstaanshorison van die mens, en dan binne ’n veelheid van begripsmoontlikhede.

Omdat die mens ’n aktiewe deelgenoot in die verhouding met God is, speel die mens ook ’n belangrike rol in die interpretasie van hierdie ervaringe met God en geloof in God (Pieterse 2001:7). Berkhof sien God en mens as twee afsonderlike persone wat in ’n verhouding te staan kom op God se genadige inisiatief (Pieterse 2001:6). Binne die Praktiese teologie het dus nou ’n nuwe insig gekom rondom die mens se rol in die verstaan van die kommunikasie met God (Pieterse 2001:7).

Wanneer Vos (1996:12) oor die hermeneutiek nadink, verstaan hy dit saam met Heitink as ‘n refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in ’n bepaalde situasie, waarin drie momente onderskei kan word: eerstens die verstaan (begrip), tweedens die verstaanbaar maak (verklaring) en derdens die tot verstaan kom (toe-eiening):

- Fase een het te make met die ontsyfering van die historiese betekenis van die teks binne ‘n bepaalde tyd en konteks.
- Fase twee het te make met die verstaanbaar maak van hierdie teks binne die eietydse kultuur en konteks.
- Fase drie het te make met die huidige hoorder wat tot verstaan kom van die teks vir ’n eie situasie en konteks (Vos 1996:12).

Binne die uitlegproses van die teks word die hoorder dus ook betrek (Van Wyk 2002:56). Teks én konteks is van belang, eerder as teks òf konteks, of selfs teks versus konteks. Hierdie hermeneutiese homiletiek vra ook na die kennis en verstaan van die situasie van die hoorder. Vir die prediker impliseer dit dat die teks enersyds wetenskaplik ge-eksegetiseer moet word, maar dat daar ook andersyds met begrip vir die konkrete situasie van die hoorder opgetree moet word (Pieterse 1979:101).

Immink voeg egter ’n belangrike dimensie in hierdie hermeneutiese benadering by, deur dit duidelik te stel dat die geloofspraxis nie alleen vanuit ’n hermeneutiese hoek benader kan word nie (2003:191). Vir hom is die Christelike geloofstradisie sonder twyfel ook histories belê, wat beteken dat God Homself in die geskiedenis van ’n konkrete historiese volk Israel en in die konkrete Persoon van die lewe van Jesus Christus bekend maak. Hierdie historiese openbaring kan nie alleen vanuit ’n kultuur-historiese oorlewering verstaan word nie, maar moet ook die noodsaaklike metafisiese dimensie van die heilshandelinge van God met die mens daarby betrek (Immink 2003:192).

Hiermeesaam bly staan ook steeds die vraag na wat die teks wil sê. Verantwoording aan die teks bly steeds krities deel van die problematiek van die

moderne hermeneutiek (Robinson 1999:73). Robinson pleit daarom vir eksegese, homiletiek en hermeneutiek as ondersteunende dissiplines wat by mekaar aansluit (1999:83).

## 2.6 Samevatting

Binne die homiletiek soos dit in hierdie studie teologies beskryf word, word gepleit vir ’n teologiese preekteorie wat ’n hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie genoem word. Hierdie preekteorie vorm wel die basis vir die teoretiese begronding van prediking, maar word stewig ingebed binne die Gereformeerde verstaan van die Skrif as Woord van God, wat alleen deur die Heilige Gees Wóórd vir die mens kan word. Die wyse waarop God aan die mens kenbaar word, is deur handelinge wat op sý inisiatief op die mens gerig word en waardeur die mens tot geloofshandelinge opgeroep en opgerig word.

# HOOFSTUK DRIE

# PREDIKING BINNE DIE KONTEKS VAN ’N GESINSDIENS

## 3.1 Inleiding

Noudat die homiletiese preekteorie vir die prediking aan die gesin binne ’n hedendaagse gesinserediens bepaal is, moet vervolgens gekyk word na die konteks waarbinne hierdie besondere kommunikasie sal geskied. Juis hierdie hermeneutiese proses wat nou gevolg gaan word, is bepalend vir die verstaan van die situasie en behoeftes van die hoorder, asook vir die konteks en uitdagings van die huidige eredienskonteks.

## 3.2 ’n Nuwe hermeneutiese benadering tot die prediking vanweë die post-moderne konteks

Weens die impak van die post-moderne denke op die hedendaagse hoorder, het daar binne die homiletiek ’n verskuiwing in die hermeneutiese verstaan van die konteks plaasgevind. ’n Nuwe fokus in die prediking het onstaan as gevolg van ’n swaai in klem na die hoorder se spesifieke behoeftes, naamlik hoe om die lewe se probleme en die mens van vandag se uitdagings die hoof te bied (Janse van Rensburg 2003:21). Hierdie wending in die hermeneutiese benadering moet behoorlik in die homiletiek verreken word.

‘n Homiletiese verskuiwing, weg van die deduktiewe benadering na die induktiewe benadering, kenmerk die vernuwing wat nou tot stand gekom het. In ander woorde, ’n wegbeweeg vanaf ’n modernistiese proklamasie van die objektiewe waarheid, na ’n post-modernistiese soeke na betekenis binne die kompleksiteit van die diverse kontekste van elke individu (Janse van Rensburg 2003:21).

Binne die deduktiewe benadering is prediking liniêr dogmaties aangepak, waar die klem sterk geval het op outoritêre verkondiging met die Bybel (teks) as enigste

faktor van gesag. In die nuwe induktiewe benadering lê die fokus nie meer op die dogmatiese nie, maar eerder op die pragmatiese. Nié die Bybel (teks) word as wegspringplek gebruik nie, maar die konteks – in ander woorde egte situasies en die konkrete ervaringe van mense (die praxis).

In die prediking aan die post-moderne hoorder, moet egter gewaak word teen die afspeel van die deduktiewe teenoor die induktiewe benadering (Janse van Rensburg 2003:26). Nooit is dit die een óf die ander nie, maar eerder ’n kombinasie van hierdie twee benaderings, oftewel ’n dialogiese interaksie tussen beide. Sodoende staan die prediker binne die post-moderne konteks met een voet stewig op die Goddelike waarhede van die teks, terwyl die ander voet behoorlik geanker is in die hoorder se konteks en behoeftes (Janse van Rensburg 2003:27).

In die praktyk behels dit sondermeer die betrekking van die hoorder – in hierdie spesifieke geval dan die gesin – by die prediking. Predikers kan naas die verstaan van die teks, groot baat vind by die verstaan van die konteks waarbinne daardie teks moet grondvat, deur die betrekking van hoorders by die praktiese voorbereiding van die boodskap (Esslinger 1982:2).

Aan die einde van die dag moet predikers kan gaan sit waar die hoorders sit – eksistensieel sowel as kultureel. Hoe kan die prediker egter weet waar die hoorder sit, anders as om minstens saam met ’n geselekteerde groep van hulle te gaan sit? Sonder twyfel is die teologiese voorbereiding van die preek van die allergrootste belang, maar hoe die hoorder daardie preek ontvang, bepaal uiteindelik in wese die effektiwiteit daarvan! (Esslinger 1982:3). Geen preek, hoe goed ookal eksegeties voorberei en dogmaties verantwoord, is enigsins suksesvol sónder dat die hoorder dit verstaan en sinvol met sy of haar lewe kan integreer nie.

Indien die hoorder – in hierdie geval die gemeente en in besonder dan die gesin binne daardie gemeentekonteks – nie verstaan en benader word vanuit ’n eie konteks nie, is die prediking ten diepste oneffektief (Janse van Rensburg 2003:5). ’n Hermeneutiese begrip vir die konteks waarbinne die boodskap gelewer word en waartoe die preek gerig is, moet dus vervolgens deeglike aandag geniet.

### 3.3 Die konteks van die post-moderne hoorder

Vir hierdie studie is dit van groot belang om die hedendaagse hoorder van die 21ste eeu as 'n post-moderne mens te verstaan (Janse van Rensburg 2003:6). Juis hierdie post-moderne hoorder moet ernstig opgeneem word in vandag se prediking.

Janse van Rensburg maak die volgende sewe kritieke stellings oor die post-moderne hoorder (2003:11):

1. Die post-moderne hoorder is onseker en soekend:

Tydens veral die Eerste en die Tweede Wêreld-oorlog is die euforiese sekerhede van die moderne wetenskap grotendeels vernietig. 'n Groot ontnugtering in die mens se vermoë om 'n beter wêreld te skep, het plaasgevind (Joubert 2005:6). Sodoende is die mens se vertroue in die vermoëns van die menslike rede ernstig geskend (Van Tonder 2001:28). 'n Nuwe soeke na sekerheid en veral na die sin van die lewe het ontstaan (Phelan 1999:20). Post-moderne mense is soos "verlorenes" in hulle soektog na identiteit en lewenssin (Joubert 2005:13). Rick Warren se wegholsukses met sy geestelike topverkoperboek, "The Purpose Driven Life," waarin juis die eksistensiële vraag na die betekenis van die individu se lewe aangespreek en beantwoord word, bevestig hierdie behoefte van die hedendaagse mens.

2. Die post-moderne hoorder is gerig op voluit lewe in die hier en nou:

Weens die ontnugtering van die mens in die sekerhede van die wetenskap en die menslike rede, is opnuut begin soek na betekenis en sin binne die persoonlike lewe sélf. Post-moderne mense se lewensmotto is: "Geniet die lewe voluit." Hierdie onsekerheid het ook oorgespoel na die hernieude vraag na lewe ná die dood. Vandaar die obsessie met die onmiddelike – selfs die kortstondige – behoefte aan plesier, pret en genot (Janse van Rensburg 2003:14). Binne 'n eredienssituasie en in besonder die prediking, veronderstel dit dat die hoorder eerstens ingestel is op die beantwoording van die selfgerigte vraag: "Wat beteken dit nou hier vir my?"

3. Die post-moderne hoorder is krities en skepties:

’n Tipiese kenmerk van die post-moderne mens is skeptisisme – álles word bevraagteken en betwyfel (Janse van Rensburg 2003:15). Waarheid is relatief, en alle waarheid en feite hang af van die individu se persoonlike belewenis (Van Tonder 2001:27). Elkeen het die reg op ’n eie opinie wat net soveel en selfs meer gesag dra as dié van ander. Aangesien die post-moderne mens nie meer funksioneer met ’n stel reëls van reg en verkeerd nie, is hy en sy aangewese op pragmatisme – wat reg voel of wat werk, is goed (Joubert 2005:13). Vir die prediking impliseer dit ’n kritiese luister van die hoorder, terwyl teologiese stellinge en eeue-oue vastighede nie sondermeer aanvaar word nie.

4. Die post-moderne hoorder is globaal-holisties maar steeds individualisties:

Globalisering weens die ontwikkeling en invloed van die media, soos onder meer geleë in die TV, selfoon en die Internet, veroorsaak dat die hedendaagse mens baie meer blootgestel en ingelig is (Janse van Rensburg 2003:16). Weens dinamiese lugvervoer het die wêreld baie klein geword – ‘n globale gemeenskap met internasionale lidmaatskap. Gemeenskap en holisme is tipiese wagwoorde van die post-modernistiese gedagtegang (Joubert 2005:13). Vir die prediking hou dit in dat die huidige hoorder dikwels meer weet van die wêreld as die prediker, en daarmee ’n oorgestimuleerde ontvanger van die boodskap geword het.

5. Die post-moderne hoorder is heelbrein-georiënteerd:

Waar die linkerbrein-logika en geberedeneerdheid die modernisme sterk oorheers het, het die regterbreinfunksie by die post-moderne mens meer tot reg gekom. ’n Minder gestruktureerde en logiese wyse van denke is aan die orde by die post-moderne hoorder. In die prediking bied dit die uitdaging vir die aanspreek van ’n groeiende behoefte aan spontaniteit, narratiewe prediking, kreatiwiteit, ervaring, simboliek en rituele (Janse van Rensburg 2003:17).

6. Die post-moderne hoorder kom in opstand teen gesagstrukture:

Strukture van gesag, op alle terreine van die samelewing, word negatief deur die post-moderne mens beoordeel (Janse van Rensburg 2003:17). Post-moderne

mense staan suspisieus teenoor enige vorm van gesag (Joubert 2005:13). Vandaar sien ons hierdie vaste en rigiede strukture stadig maar seker verdwyn, of minstens uitplat tot al hoe meer informele en vloeiende strukture. Post-moderne mense staan veral skepties teenoor die bestaande politieke strukture asook die formele tradisionele kerklike strukture. Sinodebesluite byvoorbeeld, het al hoe minder van ’n impak op die grondvlak van die kerk. Wat die post-moderne hoorder betref, is daar dan ook ’n opstandigheid teen die gesag van die kansel. Hierdie hoorder laat maklik van hom of haar hoor: “Moenie vir my preek nie.”

7. Die post-moderne hoorder is seksueel bevry:

Met die opkoms van die feminisme, homoseksualiteit en die seksuele verligting staan die post-moderne mens seksueel baie meer blootgestel, ingelig en selfs in ’n mate afgestomp. Seksualiteit is nou minder privaat, maar ook meer persoonlik betreffende voorkeure en keuses. Vir die prediking impliseer dit dat die Bybelse seksuele waardes deur hierdie hoorder bevraagteken en selfs gekritiseer word.

Roxburgh maak gebruik van twintig verhelderende begrippe waarmee hy die veranderende wêreldbeeld duidelik aandui (1993:31):

| MODERNISME: | POST-MODERNISME: |
|---|---|
| **1. “VERLIGTING:”**<br>Ook die “Aufklärung” genoem – ‘n Europese intellektuele beweging van die 17e en 18e eeu wat die menslike rede en logika hoog aanslaan. Die wetenskap, onder leiding van persone soos Bacon, Descartes, Newton, Galileo en Kopernikus, maak die mens vry van bygelowe, mites en irrasionele denke – ontmitologisering. Die modernistiese era begin met die kwyning van die middeleeue en die geboorte van die “Renaissance.” | **1. “DEKONSTRUKSIONISME:”**<br>Die post-modernistiese era neem in aanvang rondom die begin van die 20ste eeu, toe die heersende modernistiese lewensbeskouing begin wegkwyn het vanweë die invloed van persone soos Einstein (met sy teorie van relatiwiteit), Nietszche (met sy kritiese aanvalle teen die Christendom) en Darwin (met sy teorie van die evolusie), wat die waarde van die “Verligting” bevraagteken het. Dekonstruksie beteken ’n herinterpretasie van waarheid – alles is nou relatief. |
| **2. “FUNDAMENTALISME:”**<br>Bloudrukke, strukture, patriargië en hiërargië is van die grootste belang, terwyl gesag, status, titels, orde en tradisie die hoogste agting geniet. | **2. “ANTI-FUNDAMENTALISME:”**<br>Bloudrukke, strukture, patriargië en hiërargië word verwerp terwyl gesag, status, titels, orde en tradisie geen groot gewig dra nie. |

| | |
|---|---|
| **3. “NON-RELATIVISME:”** Ruimte en tyd is absoluut. Klem word op die waarheid geplaas; reg en verkeerd is objektief; swart en wit is duidelik afgebaken. | **3. “RELATIVISME:”** Ruimte en tyd is nie absolute konsepte nie. Waarheid is relatief; reg en verkeerd is subjektief; die bestaan van grys areas word aanvaar. |
| **4. “OBJEKTIVISME:”** Objektiewe metinge word bo subjektiewe ervaringe gestel. Feite is belangriker as opinie. Objektiewe waarhede bestaan. Logika en rede staan voorop. | **4. “SUBJEKTIVISME:”** Subjektiewe ervaringe neem die plek van objektiewe metinge in. Opinie is belangriker as feite. Daar is geen objektiewe waarhede nie. Gevoelens en verhoudinge staan voorop. |
| **5. “OPTIMISME:”** Geloof in die menslike vermoëns en wetenskap word bo alles verhef. Die volkomenheid en voltooidheid van die menslike denke word beklemtoon. | **5. “SKEPTISISME:”** Die vermoëns van die mens en die wetenskap word bevraagteken. Die onvolkomenheid en onvoltooidheid van die menslike denke word erken. |
| **6. “NATUURLIKE:”** Klem val op die natuurlike. Daar is geen ruimte vir realiteite wat die wetenskap nié kan meet nie. Vertroue word alleenlik in die menslike waarnemingsvermoëns gestel. Slegs wat gesien, gevoel en gehoor kan word, is werklik terwyl die res bloot ’n illusie is. | **6. “BONATUURLIKE:”** Klem val op die bonatuurlike. Ruimte bestaan vir realiteite wat die wetenskap nie kan meet nie, bv die bonatuurlike, trans-rasionele en geestelike dimensies. Vertroue in opinie is belangriker as vertroue in menslike waarneming; intuïsie en verbeelding is ook waarneembaar. |
| **7. “RASIONELE:”** Die rasionele word bó die gevoelsmatige gestel. Die rede is absoluut. “Wat dink jy?” is die vraag van die tyd. Min ruimte vir belewing en intuïsie word gelaat. | **7. “EMOSIONELE:”** Die gevoelsmatige word bó die rasionele gestel. Emotiewe belewing is absoluut. “Hoe voel jy?” is die vraag van die tyd. Waarheid is nie-rasioneel, selfs intuïtief van aard. |
| **8. “EEN-DIMENSIONEEL:”** Die werklikheid is eenduidig. Die samelewing is eenvormig, met slegs een dimensie wat geldig kan wees. | **8. “MEER-DIMENSIONEEL:”** Die werklikheid is veelduidig. Die samelewing is gedifferensieerd, met talle dimensies wat geldig kan wees. |
| **9. “DUALISME:”** Kompartementalisasie geld. Die verheerliking van individualisme en fragmentasie geniet die hoogste voorrang. ‘n Dualistiese benadering tot menswees word gevolg. | **9. “HOLISME:”** Integrasie geld. Die verheerliking van gemeenskap en die sistemiese ineengeskakeldheid geniet die hoogste voorrang. ‘n Volkome benadering tot menswees word gevolg. |
| **10. “POST-MITOLOGIES:”** Die rasionele godsdiens word beklemtoon. In die godsdiens gaan dit om die vaste waarheid wat verifieerbaar is. | **10. “POST-CHRISTELIK:”** Die samelewing het die godsdiens ontgroei. In die godsdiens gaan dit om die persoonlike voorkeur wat bloot ’n private saak is. |

### 3.4 Die konteks van die post-moderne gesin

Alhoewel die post-moderne mens sterk individualisties van aard is, verander dit nie die feit dat hierdie mens steeds binne 'n bepaalde gesinstruktuur funksioneer nie. Elke individu is immers 'n produk van verskeie sisteme soos die gemeenskap, skool, media, vriendekringe en ook die gesin (Borgman 1997:105). Van al hierdie groeperinge waaraan die individu behoort, het die gesin egter die mees verreikende impak op die persoonlike ontwikkeling (Borgman 1997:107). Om dus die konteks van die post-moderne mens behoorlik te verstaan, moet ook die konteks van die gesinsopset waarbinne hy of sy leef, met erns bejeën word.

#### 3.4.1 Definiëring van die post-moderne gesin

Gewoonlik word een van twee weë in die gesinsliteratuur ingeslaan, wanneer in besonder oor die gesin nagedink word. Aan die een kant is daar die meer algemene gesigshoek van groot kommer waar statistieke aangehaal word om te bewys hoe die disintegrasie van die gesin as samelewingstruktuur plaasvind. Aan die ander kant is daar die minder bekende uitgangspunt om weer ander soorte statistieke aan te wend wat die teendeel bewys, naamlik dat die gesin as samelewingstruktuur nié in duie stort nie (Durka en Smith 1980:95).

Hoofsaaklik is daar twee redes vir laasgenoemde wyse van benadering: enersyds die realistiese observasie dat letterlik elke liewe generasie vanaf 1607 geglo het dat die gesin soos hulle dit geken het, ineengestort het; andersyds die beoordeling dat alle statistieke betreffende egskeidings, aborsie, gesinsgeweld en kindermishandeling altyd binne 'n realistiese historiese perspektief beskou moet word.

Miskien gaan dit eerder hier om die krisis wat bestaan in die persepsie van wat die gesin werklik is! Die woord "gesin" word gewoonlik maar baie los en vas gebruik – dikwels ook om wyer groeperinge soos 'n netwerk of 'n stamgroep mee te omskryf. Solank die gesin egter só wyd verstaan word, het ons inderdaad 'n krisis

in die gesin omdat hierdie wyer strukture besliste verval in die post-modernisme beleef (Durka en Smith 1980:96).

Sonder twyfel het daar in die afgelope dekades belangrike strukturele en kontekstuele veranderinge binne die gesin plaasgevind. ‘n Faktor soos die verlenging van lewensverwagting verander die tradisionele denke oor die gesin dramaties, aangesien meer as een derde van ’n ouer se lewe nou nog oor is nádat die rol van ouerskap in die engere sin van die woord vervul is (Durka en Smith 1980:97). Een van die implikasies hiervan is dan dat die ouer-kind-verhouding vir ’n groot deel van beide partye se lewens dramaties anders daaruit sien.

Een verdere faktor het te make met die vooruitgang van die geboortebeperkingstegnologie wat die grootte van gesinne dramaties beïnvloed het. Uiteraard hou dit in dat enkel-kind-gesinne geensins vandag ’n vreemde verskynsel meer is nie – groot gesinne het bykans verdwyn.

Alhoewel die konteks van die gesin oor die eeue verander het, het die sentrale en primêre eenheid van die gesin egter nié verander nie. Vir ’n sinvolle definiëring van die gesin moet daarom onderskei word tussen die veranderbare konteks van die gesin aan die een kant, en die vaste biologiese nukleüs van die gesin aan die ander kant.

’n Werkbare definisie van die gesin wat steeds ook binne ’n post-moderne konteks gebruik kan word, kan as volg daaruit sien: ’n gesin is die basiese biologiese eenheid wat elke mens van die begin van die beskawing gehad het (Durka en Smith 1980:99). Uiteraard moet ’n gesin kinders insluit om werklik as “gesin” te kan kwalifiseer (Durka en Smith 1980:169). Die sentrale betekenis van die gesin kon nog altyd gevind word binne die relasie tussen ouers en kinders (Durka en Smith 1980:99).

Tog sluit hierdie definisie natuurlik meer in as net ouers en hulle kinders – anders gestel, is dit veel omvangryker as die tradisionele en modernistiese siening van die gesin. So sluit dit dan ook die tiperende “gebroke” gesinne in, wat niks anders as ’n professionele “diskriminasie” teen enkelouer-gesinne en opgedeelde gesinne

veronderstel nie. Borgman verkies ook hierdie oorkoepelende definiëring van die gesin as daardie onderskeidende en fundamentele groepering van mense wat een tuiste deel (1997:107).

### 3.4.2 Verskillende gesinstrukture in die post-moderne konteks

Gans onderskei drie tipes gesinne binne die post-moderne omgewing (Durka en Smith 1980:37): eerstens volwasse georiënteerde gesinne wat deur volwassenes vír volwassenes bedryf word; tweedens kind-gesentreerde gesinne wat sterk gefokus op, en hoogs sensitief teenoor, kinders is; derdens volwasse gesentreerde gesinne wat ‘n groter openheid vir kinders se selfontwikkeling en individuele groei openbaar.

Baumrind identifiseer twee gesinstrukture (Durka en Smith 1980:37): enersyds die outoritêre gesin waar die ouers domineer, en andersyds die permissiewe gesin waar die kinders domineer.

Op hierdie trant onderskei Marais ’n drastiese verskuiwing in ouerskapstyl wat gesinstrukture dramaties in die afgelope paar dekades beïnvloed het (2001:17). Vier primêre ouerskapstyle waarmee ouers hulle ouerskap binne gesinstrukture uitoefen, kan identifiseer word (Marais 2001:9-14):

(i) Die outoritêre ouerskapstyl, waar een ouer of beide ouers sterk outokraties teenoor kinders optree, terwyl reëls en fisiese dissiplinering streng toegepas word.

(ii) Die toegeeflike ouerskapstyl, waar een ouer of beide ouers kinders soveel ruimte en individualiteit toelaat, dat kinders uiteindelik die gesin dikteer en selfs regeer. Kinders se wense en begeertes is hier die eerste prioriteit. In hierdie ouerskapstyl funksioneer reëls baie losweg terwyl alternatiewe en veel sagter dissiplineringsvorme in die tugtiging van kinders aangewend word.

(iii) Die deelnemende ouerskapstyl waar ouers in vennootskap en onderhandeling met hulle kinders gaan sodat almal binne die gesin geakkomodeer kan word, terwyl die kind binne die gesin behoorlik as unieke individu gerespekteer word.

(iv) Die inkonsekwente ouerskapstyl waar ouers beweeg tussen bogenoemde drie ouerskapstyle, sonder dat daar enigsins konsekwentheid en deurlopendheid bestaan. Hierdie tipe ouer word ook die geleentheidsouer genoem.

Volgens Marais bevind die post-moderne mens hom of haar hoofsaaklik binne ’n gesinsopset waar een van die laaste drie ouerskapstyle domineer (2001:17). Eersgenoemde ouerskapstyl het veral sterk in die vorige millenium tot diep in die 20$^{e}$ eeu gefunksioneer, met die gevolg dat die pendulum in die afgelope dekade of drie heeltemal oorgeswaai het na die ander kant van die spektrum, juis as gevolg van die huidige geslag ouers wat in teenreaksie teen die outoritêre ouerskapstyl ‘n veel meer toegeeflike ouerskap probeer beoefen.

### 3.4.3 Verskillende gesinsamestellings in die post-moderne konteks

Sonder twyfel sien die gesin binne die post-moderne wêreld anders daaruit as ooit vantevore. Aan die een kant is daar die terugkeer van die vader binne die gesin weens die verandering van professionele rolle en die gevolge van werkloosheid, die emansipasie van die vrou en veral haar nuwe rol as moeder én beroepsvrou, asook die ontwikkeling van en sensitering rondom kinderregte wat alles werklikhede is wat die hedendaagse gesin dramaties raak (Durka en Smith 1980:109). Lede van die hedendaagse gesin word boonop sosiaal en wetlik deur wetgewing as individue hanteer eerder as deel van ’n gesin (Borgman 1997:109).

Aan die ander kant is daar die realiteite rondom veiligheid en ekonomiese oorlewing wat grootouers al hoe meer saam met ouers en kinders op een werf en selfs saam in een huis sien. Hiermeesaam het die maklike verplanting en verskuiwing van mense, byvoorbeeld kinders wat oorsee gaan woon of tydelik daar gaan werk, ook ’n herdefiniëring van die gesin tot gevolg.

Die gesin verloor deesdae talle van die primêre groepskwaliteite wat tradisioneel daarmee geassosieer is: vandag is daar minder samewerkende interaksie onder lede van gesinne (Borgman 1997:108). Soos gesinne sommige van hierdie tradisionele funksies verloor, word dit deur ander instellings soos skole,

werkgewers, kerke ensomeer oorgeneem wat beide die gesin komplementeer maar ook soms met die gesin kompeteer.

McCall onderskei drie verskillende samestellings van gesinne met betrekking tot die leemte aan uiters nodige ondersteuningstelsels (Durka en Smith 1980:116):

1. Die nukleüs gesin, bestaande uit een vader, een moeder en een of twee kinders, staan in skrille kontras met die uitgebreide familie van ’n klompie dekades gelede toe grootouers, ooms en tannies gewoonlik naby genoeg gewoon het om as breë ondersteuningstelsel te kon dien. Al hoe meer verander die gesinstruktuur vanaf uitgebreide families na geïsoleerde kerngesinne (Borgman 1997:108).
2. Die mobiele gesin, wat weens werksgeleenthede van een plek na die ander trek, en dus nêrens regtig wortels skiet wat voldoende ondersteuningstelsels tot gevolg kan hê nie.
3. Die geïsoleerde gesin, wat ten minste een ouer ken wat ver van die huis af werk, of vir lang tydperke weg van die huis af is. Hiermeesaam is daar ook die gesin wat weens misdaad en veiligheid, of een of ander huislike probleem soos substansmisbruik, of selfs kulturele verskille of diskriminasie, van die res van die gemeenskap onttrek of geïsoleer word.

Post-moderne gesinne staan dus in vele opsigte meer op hulle eie as gesinne van voorheen. Hierdie waarneming is belangrik in die verstaan van die gesinne wat in die huidige situasie deur die prediking benader en bedien moet word.

Natuurlik kan daar nie bloot van die gesin gepraat word asof alle gesinne dieselfde daaruit sien nie. Vir hierdie rede moet na die verskeie samestellinge van gesinne gekyk word, ten einde ’n volledige prentjie te kry van die konteks van die hedendaagse hoorder op wie die prediking gerig word:

1. Die tradisionele gesin:

Alhoewel hierdie benaming dalk nie heeltemal gepas is nie, beskryf dit tog ’n sterk kontingent van gesinne bestaande uit ’n getroude pa en ma met hulle eie kinders. De Vries verklaar dat dit net eenvoudig nie waar is dat hierdie

tradisionele gesin bykans verdwyn het, soos dikwels te kenne gegee word nie (1994:201). Tradisionele gesinne waar die vader werk en die moeder tuis bly, maak volgens De Vries steeds meer as ’n derde van alle gesinne uit, terwyl semi-tradisionele gesinne waar die vader voltyds werk en die moeder deeltyds werk, ’n verdere 16% van die totale persentasie uitmaak! Hieronder sorteer natuurlik ook gesinne waar beide die biologiese en steeds getroude ouers voltyds werk (De Vries 1994:109). In totaal kan dus minstens 50% van alle gesinne nog as “tradisioneel” beskou word.

2. Die opgedeelde gesin:

Hier het ons te make met ’n gesin waar die biologiese ouers fisies of wettig van mekaar geskei is en die kinders by een of om die beurt by albei ouers inwoon. Hierdie verskeurde gesinne soos Van Pelt dit beskryf (1997:135) maak vandag ’n geweldige groot persentasie van gesinne uit (De Vries 1994:37).

3. Die enkelouer-gesin (De Vries 1994:106):

In hierdie gesin is daar weens afsterwe óf die keuse om ongetroud te bly slegs een ouer wat na die kinders omsien (Durka en Smith 1980:169).

4. Die hersaamgestelde gesin:

’n Hersaamgestelde gesin bestaan uit een of twee geskeide ouers met of sonder kinders wat met mekaar of met ’n ongetroude persoon in die huwelik tree om ’n nuwe gesin te vorm bestaande uit stiefouers en stiefbroers en -susters (De Vries 1994:107).

5. Die saamwoon-gesin:

Hier gaan dit om een of twee ouers met of sonder kinders wat met mekaar of met ’n enkellopende persoon ’n langtermynverhouding buite die tradisionele huweliksopset aangaan.

6. Die uitgebreide gesin:

Binne die uitgebreide gesin word ruimte gemaak vir die grootouers asook ander familielede, of selfs pleegouers en peetouers wat deel van die gesinsopset uitmaak (Durka en Smith 1980:170).

7. Die nié-biologiese gesin:

’n Nié-biologiese gesin word van bostaande gesinne onderskei in die sin dat alleen pleegkinders of aangenome kinders deel hiervan uitmaak. Alhoewel hierdie onderskeiding slegs tegnies bedoel is, ontneem dit egter geensins iets aan die egtheid en legitimiteit van hierdie gesin nie.

Gesinne binne die post-moderne konteks is dus uiters gediversifiseerd. Tog mag die rol van die gesin vandag, en die invloed daarvan op die individu, nog steeds nie onderskat word nie. Alleen deur middel van ’n behoorlike hermeneutiek van die konteks van die hedendaagse post-moderne gesin, kan die prediking werklik relevant raak in die bediening aan die post-moderne hoorder.

### 3.5 Gesinsbediening as teologiese én hermeneutiese vertrekpunt vir die prediking binne ’n hedendaagse post-moderne konteks

Noudat die post-moderne hoorder binne sy of haar gesin duidelik gedefinieer is, is dit aan die ander kant van dieselfde kardinale belang om die bediening aan gesinne binne die gemeente prakties-teologies te konseptualiseer. Reeds vanaf die tagtigerjare, het die kerk al hoe meer onder die indruk daarvan gekom dat die gesin die fondament van die kerklike lewe uitmaak (Durka en Smith 1980:203).

Hier word uitgegaan van die standpunt dat beide die teologies-dogmatiese dimensie vanuit God se hoek, as die reële konteks vanuit die mens se hoek, vra na ’n Bybelse filosofiese begronding vir die bediening aan gesinne, wat uiteindelik as gesinsbediening of gesinsgebaseerde bediening bekend sal staan. Alhoewel ’n duidelike en afgebakende definisie nog gevind moet word (Burns 2002:1), behels gesinsbediening in wese die sistemiese bediening van die post-moderne mens binne sy of haar gesinsverband.

### 3.5.1 God se heilsdoel met die gesin

God wíl gesinne! (Durka en Smith 1980:25). ’n Gesin is die deur-God-ingestelde instelling vir die bou van geloof en vir die oordrag van geloof van een generasie na die volgende (Wagner-Ferreira 2005:36). God se heel eerste gawe van geloofsbou is juis die gesin (De Vries 1994:164). Gesinne is reeds vanaf die vroegste tye en die heel eerste mense sy Goddelike strategie met die mensdom – Gen 1:28 en Gen 2:24.

Vandaar is die gesin ook instrumenteel binne die verbond tussen God en mens – Gen 17:1-14 en Deut 6:6-9. God se verbond met die mens is ten diepste gesinsgeoriënteerd. In Ou Testamentiese tye het die mense van Israel ’n veel beter verstaan gehad van hulle Bybelse ouerskapsrol, as vandag se ouers (Burns 2006:2). Selfs nog vandag memoriseer Ortodokse Jode die Shema van Deut 6:4-9 letterlik!

Ook nêrens in die Nuwe Testament is daar voorbeelde opgeteken van waar God met mense in isolasie – bloot as individue – werksaam is nie (De Vries 1994:166). Telkens waar ’n individu (byvoorbeeld Saulus) wel tot bekering gekom het, is daardie persoon onmiddelik aan die geloofsfamilie verbind – Hand 9:1-31.

Aldus die Formulier vir die doop is héle gesinne gedoop waar die gesinshoof tot geloof gekom het (Handboek vir die erediens 1983:60). Hiervan is Hand 16:15; Hand 16:33 en 34 asook 1 Kor 1:16 goeie voorbeelde. Maak nie saak watter soort doop ’n spesifieke kerk voorstaan nie, bly daar altyd twee groepe wat hulle aan die geestelike versorging van daardie gedoopte verbind: die ouers asook die gemeente, oftewel die groter geestelike gesin (De Vries 1994:167).

Die gesin is ook ’n uiters belangrike agent in die morele ontwikkeling van die kind (Durka en Smith 1980:35). Gesinstrukture dra morele en godsdienstige waardes die heel beste oor. Gesinne is en bly verder ook steeds die primêre agent (naas speelgroepe, skool en vriendekringe) vir sosialisering – met ander woorde die oordra van waardes en normes van die samelewing wat ‘n effektiewe

funksionering van die individu in daardie samelewing tot gevolg sal hê (Durka en Smith 1980:36).

Ouers is en bly volgens God se model die primêre geestelike opvoeders binne die kerk (Wagner-Ferreira 2005:36). Nooit kan die kerk as instituut daardie verantwoordelikheid van die ouer om geestelik te onderrig oorneem nie, alhoewel die kerk die ouer wél daarin moet begelei en bystaan (Handboek vir die erediens 1983:61). Reeds vanaf die Ou Testamentiese tyd is die ouer duidelik as geestelike begeleier van die kind uitgestippel (Eks 13:8; Ps 78:3-7; Deut 6:20-25). Geloofsopvoeding deur ouers lê byvoorbeeld ten diepste aan die viering van die paasmaaltyd in Eksodus 12 (Wagner-Ferreira 2005:36).

Nog altyd was kinders outomaties ingesluit by volwassenes se geloofsbelewenisse met God. Wanneer Petrus byvoorbeeld in Handelinge onder leiding van die Heilige Gees op Pinksterdag, die mense in die Pilaargang van Salomo toespreek, verklaar hy dat dit wat God beloof het, vir die toehoorders sowel as hulle kinders bedoel is (Hand 2:39). In Hand 2:17-21 haal hy dan ook die profesie uit Joël 2:28-32 aan waarmee hy aandui dat die uitstorting en werking van die Gees van God nie net tot volwassenes beperk word nie.

As Paulus sy pastorale briewe aan die vroeë Christelike gemeentes skryf, veronderstel hy dat kinders ook deel sal uitmaak van die gehoor aan wie hierdie briewe uiteindelik voorgelees sal word – Ef 6:1-4; Kol 3:20. Ook was dit geensins vreemd dat kinders normaalweg by die aktiwiteite van gelowiges in die vroeë kerk ingesluit was nie (Hand 21:5). Selfs die Hebreërskrywer haal Jer 31:34 in Heb 8:11 aan om te toon hoe groot én klein God in die nuwe verbond sal ken en dien.

### 3.5.2 Gesin as hermeneutiese konteks

Cooke en Turner sien die huis as daardie besondere ruimte waar die tipies menslike ervaringe van die alledaagse lewe geïnterpreteer kan word, en waar geestelike viering sinvol kan plaasvind (Durka en Smith 1980:187). In die huis stel ouers kinders bekend aan die betekenis en sin van die lewe, lei hulle kinders in die

proses van selfontdekking en selfontwikkeling, en help hulle kinders om hulle belewenisse te verbaliseer en te interpreteer.

Wysheid, bestaande uit ’n kombinasie van kennis, waardes, ideale en praktiese “weet-hoe-vaardighede” wat individue en groepe van mense vorm, word binne die ruimte van die huis oorgedra. Deur middel van lewenservaringe, menslike belewenisse en vrae-en-antwoord-gebeure geskied hierdie besondere hermeneutiek van die lewe in die gesinsverband.

Binne die Christelike gesin word ’n nuwe dimensie van interpretasie ingebou: die dimensie van geloof (Durka en Smith 1980:188). Elke verbondsgesin poog telkens om ’n greep op die sin van die konkrete lewe, deur die bril van die geloof, te verkry. Hoe die lewe vanuit ’n geloofshoek verstaan moet word, is en bly een van die kritiese fokusse van die geloofsgesin.

Om die lewe te interpreteer, veral binne die geloofskonteks, bly egter ook een van die mees komplekse vraagstukke. Daarom doen die verbondsgesin dit nooit in isolasie nie (Durka en Smith 1980:190). Alleen binne die gróter geloofsfamilie van die verbondsgemeenskap, kom hierdie hermeneutiek werklik behoorlik tot reg.

### 3.5.3 Spanning tussen die gesin en die evangelie

Alhoewel die gesin ’n kritieke rol speel, is dit nie állerbelangrik nie (Durka en Smith 1980:50), aangesien daar ook fundamentele waardes is wat nie bloot deur gesinslidmaatskap bereik kan word nie! Uiteindelik, vanuit ’n Bybelse gesigshoek, is die gesin bloot ’n hulpmiddel tot ’n veel groter doel, naamlik die koninkryk van God, en nooit ’n doel opsigself nie (Durka en Smith 1980:51). Sodoende staan die gesin sekondêr tot die koninkryk en die verheerliking van God (De Vries 1994:171). Die gesin is nié God nie, en kan dus nooit verheerlik of as sodanig geïdealiseer word nie! (De Vries 1994:170). Volgens Tilby is dit ’n dwaling dat die Westerse nukleüs-gesin God se patroon vir die menslike samelewing is (Vos en Müller 1989:30).

Uiteraard het die werklikheid van die bestaan van sonde ook spanning binne die gesin tot gevolg. Gesinne word ook deur die gebroke werklikheid van die sondige bestel aangetas, en moet dus realisties beoordeel word! (Van Pelt 1997:83). Ook die gesin word deur die evangelie uitgedaag tot geestelike groei en gehoorsaamheid aan God. In hierdie geestelike ontwikkeling kan die gesin òf help, òf die groei verhinder en dit selfs teëstaan (Durka en Smith 1980:49).

Aan die ander kant van hierdie muntstuk is God nooit aan die instelling van die gesin gebind om met sy heilswerk voort te gaan nie, en kan dit nie perke stel aan sy vermoë om die mens tot verstaan te bring nie (Wagner-Ferreira 2005:36). God se heilshandelinge met die mens is dus nooit afhanklik van die gesin, of selfs van ’n gesonde gesin afhanklik nie, alhoewel Hy steeds verkies om deur die gesin te werk.

Om hierdie rede moet daar ’n duidelike onderskeiding tussen die natuurlike gesin en die geestelike familie van God gemaak word! Wanneer die Bybel oor die geestelike gesin van God nadink, geskied dit in geen onduidelike terme nie as ’n nuwe relasie wat groter en hoër as die natuurlike gesin staan. ’n Beklemtoning van die gesin ten koste van die evangelie, die geestelike gesin van God en sy Woord, hou vir die kerk groot gevaar in (Brown 2005:5).

As Jesus byvoorbeeld in Mat 12:46-50 deur sy moeder en broers versoek word om onmiddelike aandag aan hulle te skenk, antwoord Hy onomwonde dat diegene wat sy Vader in die hemel se wil uitvoer, sy moeder en sy broer en suster is. Aldus Paulus is die natuurlike bloedrelasie altyd ondergeskik aan die geloofsindentifikasie met die nuwe geestelike familie van God – Gal 3:26-28 (Durka en Smith 1980:50).

Vanuit die Skrif is daar ses redes waarom gelowiges in en deur Christus wáárlik as die geestelike huisgesin van God kan bekend staan (Van Tonder 2005:16):

| | |
|---|---|
| 1. Almal wat in Christus as Verlosser glo is kinders van God | Ef 5:1 |
| 2. Diegene wat glo het almal een Vader | Ef 4:6 |

| | |
|---|---|
| 3. Gelowiges is bloedfamilie weens Jesus se bloed wat hulle sonde afwas en hulle in geloof saambind | Kol 1:20 |
| 4. Almal is deel van een groot geestelike huisgesin – die gemeente | Ef 2:19 |
| 5. Jesus is alle gelowiges se "Ouboet" of geestelike "Broer" | Mat 12:50<br>Heb 2:11 |
| 6. Gelowiges is almal erfgename van God | Gal 4:7 |

Vir hierdie rede sal die natuurlike gesin altyd in 'n bepaalde spanning verkeer met die geestelike gesin van God. Grotendeels kan hierdie konflik verklaar word in die feit dat die Christelike geloof die waarde van elke individu voor God benadruk, en terselfdertyd 'n lojaliteit aan die transendente kerk-gemeenskap eis, wat 'n bepaalde geloof en sakramentele praktyk in gemeen het (Durka en Smith 1980:49). Hierdie lojaliteit word duidelik in Mat 10:34-39 waar Jesus dit sonder huiwering stel dat iemand wat 'n vader of moeder, broer of suster, liewer het as vir Hom, nie werd is om aan Hom te behoort nie (De Vries 1994:67).

De Vries sien egter hierdie uitgebreide geestelike gesin nie as bedreigend nie, maar juis as bevrydend! (1994:116). Bo en behalwe die natuurlike gesin, kan die kerkgemeenskap moontlik die énigste versorgende struktuur wees wat mense lewenslank kan bekragtig en kan aanmoedig tot geestelike volwassenheid. Ook Hybels beskou die plaaslike kerk juis as die hoop vir die wêreld wat in besonder gelowiges en hulle gesinne kan versterk (2002:12).

### 3.5.4 'n Klemverskuiwing binne die huidige jeugbediening

'n Paradigmaskuif binne die jeugbediening na 'n gesinsgebaseerde jeugbediening, is stadig maar seker besig om regoor die wêreld plaas te vind (Burns 2006:4). Vir Hestorff lyk die hedendaagse jeugbediening nie meer soos die huidige geslag ouers dit nog onthou nie, maar het dit 'n totale gedaanteverwisseling ondergaan (2005:2).

Al hoe meer hoor ons selfs die vraag opklink: "Het ons nog jeugbediening nodig?" (Zaher 2006:1). Zaher baseer haar vraag op die verskynsel in die Westerse kultuur om ouderdomsgroeperinge van mekaar te skei, en nie toe te laat dat hulle saam lewe en by mekaar leer nie. Alhoewel Kimball in antwoord hierop sterk daaroor voel dat jeugbediening steeds 'n plek binne die kerk het, erken hy dat dit dringend herontwerp sal moet word (2006:8). Hierdie herontwerp het vir hom enersyds te make met die strukturering van die geestelike formasie van tieners as deel van die kerklike lewe in geheel, en andersyds met die ontwikkeling van strategieë wat tieners en hulle ouers byeen bring.

Tradisionele jeugbediening beleef tans 'n geweldige krisis. Hierdie krisis het nie te make met die bekwaamheid van jeugleiers of met styl of selfs met die kwaliteit van programme nie. Nee, die krisis bestaan in die besondere plek wat die jeug binne die geloofsgemeenskap inneem (De Vries 1994:21). Deur die jeug van volwasse gelowiges te isoleer, ontneem ons die jeug van noodsaaklike geestelike volwasse rolmodellering en kritiese geestelike mentorskap, en werk ons uiteindelik téén die jeug (Hestorff 2005:1).

Jeugbediening het vir té lank die jeugkultuur geïdealiseer as 'n doel opsigself (De Vries 1994:55). Hiermee het ons die waardevolle beskerming wat alle groeiende dinge nodig het, inderwaarheid van ons groeiende jeug ontneem, en sodoende daarmee eerder die geestelike groei tot volwassenheid in Christus belemmer – Kol 1:28; Heb 5:11-14. Daar bestaan vir Clark geen twyfel nie dat die gesin se geloof, veral as dit ten volle geïntegreer is met die alledaagse lewe van die ouers, die mees treffende korrelasie toon met kinders wat getuig dat hulle geloof 'n belangrike deel van hul lewens uitmaak (2006:2).

Jeugbediening van die toekoms gaan groter ouer- en lidmaatbetrokkenheid verg! Prakties beteken hierdie verskuiwing dat daar te alle tye binne die gemeentebediening teen gesinsversnippering gewaak moet word (Wagner-Ferreira 2005:36). Vir te lank binne die kerk, het gemeentebedieninge die verskillende generasies apart bedien en sodoende gefragmenteer (De Vries 1994:41). Alhoewel

die bedoeling daaragter die gespesialiseerde aanspreek van unieke en besondere behoeftes was, het dit gesinne in die praktyk uitmekaar geskeur.

Al hoe meer kom jeugwerkers onder die indruk dat, indien hulle ’n langtermyn impak op die jeug wil uitoefen, hulle bediening ’n bediening aan die jeug én hulle gesinne, aan die jeug ín hulle gesinne, moet wees (Van Pelt 1997:77). Van Pelt meen ook dat ons vir te lank met ’n kompartementalisasie van bedieninge gewerk het, en veral die sistemiese konteks van die jeug met wie gewerk word, gruwelik geïgnoreer het (1997:78).

Gesinsgebaseerde bediening moenie gesien word as ’n saak wat op die periferie van die jeugbediening lê nie (Burns 2006:2). Eerder moet dit beskou word as die sentrum van die roeping van die jeugbediening binne die kerk. Vir Burns het die bediening aan die totale gesin binne die gesinsverband, nie te make met die toevoeging van net nóg ’n program tot die jeugbediening nie, maar het dit eerder te make met ’n totaal nuwe ingesteldheid! (2006:2).

Hier volg ’n aangepaste 1 Kor 12:12-14; 21 en 27 vir gesinsbediening:

“Net soos die liggaam ’n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die gesin van Christus. Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou man of vrou, volwassene of kind is. Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. Die tiener kan nie vir die ouer sê: ‘Ek het jou nie nodig nie.’ Die volwassene kan weer nie vir die kind sê: ‘Ek het jou nie nodig nie.’ Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is julle elkeen ’n lid daarvan.” (Collison 2000:9).

### 3.5.5 ’n Prakties-teologiese begronding vir gesinsbediening

Die gesin is die kerk in die kleine! Rahner verstaan nie hierdie teologiese uitspraak bloot vergelykend asof die gesin sóós ’n kerk is, of bloot déél van die kerk is nie, maar liewer dat dit waarlik kérk is (Durka en Smith 1980:205). Sodoende is die gesin ’n bepaalde dog werklike gemeentelike uitdrukking van God se

teenwoordigheid onder gemeenskappe van mense op aarde – ’n klein kerk ten volle toegewy aan Christus, en volledig deur Hom beïnvloed en regeer (De Vries 1994:85).

Alhoewel hierdie na ’n radikale uitspraak mag klink, lê die kerkwees van die gesin teologies in vier sentrale aspekte van die ware kerk ingebed: die konkrete teenwoordigheid van Christus (Christus woon immers in elke gelowige gesinslid as sy tempel); gemeenskap met mekaar en met Christus; geloofsrituele (Skrifgegronde geloofsgewoontes wat gesinne deel en saambind); dienskneg in die gemeenskap en samelewing (Durka en Smith 1980:207).

Selfs die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29 se kenmerke van die ware kerk, kan goedskiks op die verbondsgesin toegepas word, naamlik die suiwer verkondiging van die evangelie, die tug wat aangewend word om sondes te straf, en die lewe wat ooreenkomstig die suiwere Woord van God ingerig word en sodoende alles wat daarmee in stryd is, verwerp (Handboek vir die erediens 1983:175).

Wie dus die gesin bedien, bedien die wese van die kerk en die Christelike gemeente! Gesinsgebaseerde bediening is vir De Vries nie bloot ’n nuwe vleuel wat tot die gemeentebediening of jeugbediening toegevoeg word nie, maar fundamenteel tot die verstaan van gemeentebediening (1994:72). Kol 1:28 en 29 lê die teologiese fondasie vir gesinsgedrewe bediening, naamlik die bring van elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus. Hierdie is die verbintenis en visie van élke gelowige binne die liggaam van Christus!

Gesinsbediening word in wese op die verbondsteologie gebaseer (Wagner-Ferreira 2005:36). Volgens die doopformulier van die NG Kerk, sluit God immers van die begin af die kind in sy verbond met gelowige ouers in (Handboek vir die erediens 1983:60). Kinders maak daarom integraal deel uit van die verbondsgemeente van die lewende God. Heidelbergse Kategismus Vraag en antwoord 74 verklaar dat die sakrament van die doop juis ook aan kinders bedien moet word, aangesien hulle

nét soos volwassenes in die verbond van God ingesluit is (Handboek vir die erediens 1983:204).

Vandaar impliseer dit dat die jeugbediening die onvervreembare en onoordraagbare verantwoordelikheid van die kerk (wat natuurlik ook die verbondsgesin veronderstel) uitmaak (Kerkorde 1999, Artikel 50.1:74). In die woorde van artikel 50.2 van die Kerkorde is die bediening aan die jeug ’n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening (1999:74).

Nie net word die jeug tot ’n verhouding met God begelei nie (Jos 4:21 en 22), maar ook tot ‘n verhouding met ander gelowiges wat as die geloofsgemeenskap oftewel huisgesin van God bekend staan (1 Tim 3:15). Geen gelowige kan immers in isolasie leef nie, maar is deur God geskep om as volwaardige ledemaat deel van sy liggaam hier op aarde te wees – Rom 12:5; 1 Kor 12:12.

God werk in wese binne verhoudinge met mense (Wagner-Ferreira 2005:37), en binne daardie verhoudinge vind geestelike groei plaas! Waar Paulus tydens sy sendingreise nuwe grond vir die evangelie oopgebreek het, het hy onmiddelik voortgegaan met die planting van gemeentes, omdat hy verstaan het dat die lewe van dissipelskap ’n praktiese verbintenis aan ’n geloofsgemeenskap insluit (De Vries 1994:167). Kinders en tieners groei dan ook tot geestelike volwassenheid binne die verbintenis aan die totale liggaam van Christus (De Vries 1994:43).

Nie een van die verskillende ekklesiologiese beelde in die Bybel, soos “die huisgesin van God,” “gebou van God” en “liggaam van Christus,” kom enigsins behoorlik tot hulle reg buite die gesinsbediening om nie (Van Wyk 2002:253), solank ons dit net inklusief verstaan binne die geestelike huisgesinsdimensie soos dit in die Nuwe Testament ter sprake kom.

Gesinsbediening is daarom nie bloot ’n nuwe modewoord of modegier nie, maar die teologiese fondament vir die kerklike bediening aan die mens! Hierdie soort bediening spreek ook die nood van die eensame en verhoudings-uitgehongerde post-moderne mens ten diepste aan. Collison verklaar dat een van die sewe tendense waarvoor in die volgende dekade uitgekyk moet word, te make het met

intergenerasie-bediening (2000:9). Waar geloofsreise oor grense met mekaar gedeel word, word die eenheid van die liggaam van Christus werklik gedien, en verdwyn die skeidings tussen mense.

Daar is geen beter gesinsbediening as dat gelowiges as gesin saam die Here dien nie – ten eerste as die natuurlike gesin en ten tweede as deel van die geestelike gesin (Potgieter 1995:62). In die woorde van Louw klink ’n definisie vir gesinsbediening dan as volg: “Gesinsbediening is daarop ingestel om die gesinsinteraksie met God deur middel van die reeds bestaande verbondsisteem te beïnvloed, sodat gesinslede gesamentlik in volwassenheid groei en die gesin in heiligmaking toeneem” (Potgieter 1995:62).

**3.5.6 ’n Prakties-teologiese begronding vir die gesinserediens**

Die erediens is daardie ruimte waar Christene God gesamentlik in die openbaar eer en verheerlik (Barnard 1981:58). Hier is die woord “gesamentlik” van kardinale belang. Enersyds impliseer dit gemeenskap met God en met mekaar, en andersyds eenheid met God en met mekaar (Heyns 1978:378). In hierdie gemeenskap en eenheid kan en mag die kind as volwaardige lidmaat nooit uitgesluit word nie. Volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 34 het Christus sy bloed tog nie minder vir die reiniging van gelowiges se kinders as vir volwassenes vergiet nie (Handboek vir die erediens 1983:179).

Omdat die erediens vir Barnard verder ook die organiese hoogtepunt in voortdurende verbinding van die heen en weer met alle ander gebeure van die kerk is (1981:62), veronderstel dit dat geen deel van die verbondsgesin daarby uitgesluit kan word nie. Hier vind ons die kulminasiepunt van die gemeentelike lewe waarvan kinders ten diepste deel uitmaak.

Elke erediens moet ’n ontmoeting wees tussen die gemeente en haar Here, waar die erediens verloop as ’n dialogiese gebeure waarin die heil van God bemiddel word en deur die gemeente beleef word (Handboek vir die erediens 1983:2). Naas die elemente van verkondiging en lering, moet daar ook die elemente van viering

en aanbidding wees. Hierdie groot gesprek tussen God en mens, mens en God, sluit die volledige gesin in. Alle mense het immers die verwagting om ’n lewende ontmoeting met God en sy gemeente in die erediens te beleef (Wagner-Ferreira 2005:38).

Ongelukkig vind hierdie dialogiese ontmoetingsgebeure nie altyd binne die erediens plaas nie. Een van die redes hiervoor is dat die erediens en veral die prediking deur die post-moderne mens as vreemd en ver verwyder beleef word (Pieterse 1979:36). Vandag bestaan die tendens aan ’n behoefte na prediking wat niemand uitsluit nie (Wagner-Ferreia 2005:38). Hierdie soort prediking kan alleen geslaagd wees indien die boodskap by elke hoorder daarvan tuis kom.

’n Verdere rede vir die gebrek aan die dialogiese ontmoetingsgebeure, het te make met die feit dat die hoorder vir die grootste deel van die erediens passief en onbetrokke is (Wagner-Ferreira 2005:38). Liturgie word dikwels as stagnant en dood ervaar, eerder as daardie dinamiese ruimte waar die gesprek tussen God en mens aan die gang kan kom (Handboek vir die erediens 1983:5).

Tog beteken hierdie kritiek teen die erediens geensins dat die erediens nié as ontmoetingsruimte tussen God en die post-moderne gesin kan funksioneer nie. Inteendeel, sou dit steeds die ideale situasie kan wees vir die fasilitering van kommunikasie tussen God en gesin, asook tussen die gesinslede onderling. Intergeneratiewe eredienste beklemtoon juis die belangrikheid van die gesin binne die geloofsbelewing (York 2000:11). Generasie-gefokusde eredienste en gemeentes is volgens York in wese ’n bedreiging vir die gesin tot in daardie mate dat om saam te aanbid fundamenteel tot die gesin tuishoort (2000:12).

Vir te lank het die kerk in haar poging tot gespesialiseerdheid deur middel van generatiewe eredienste, die generasiegaping tussen verskillende geslagte versterk, en sodoende ook die verbond ernstig negeer (Van Wyk 2002:253). Op hierdie wyse het eintlik ’n kerk bínne die kerk tot stand gekom! (York 2000:10). Een van die groot gevare hiermee is dat die gemeente só versnipper word dat die erediens nie meer ’n ontmoeting van God met sy volk is nie, maar slegs met fragmente

daarvan (Dressel 1987:113). Sodoende help die kerk mee om die persepsie aan te vuur dat gesinne nie werklik gesamentlik sinvolle geestelike belewenisse kan hê nie en dus daarvoor opgedeel moet word (Roehlkepartain 2003:27).

Generatiewe bediening en veral eredienste het meegewerk aan die abdikering van ouers se primêre verantwoordelikheid as geestelike begeleiers van hulle kinders, deurdat die kerk die boodskap uitgedra het dat die bediening aan kinders en tieners só hoogs gespesialiseerd is, dat dit eerder vir die "proffesioneles" gelaat moet word. Hierdie tipiese sosiale tendens van spesialisasie sal tot 'n einde moet kom, en die kerk sal ouers moet begin help om hulle holistiese taak meer effektief te verrig. Ouers sal deur die kerk bemagtig moet word om hulle primêre taak as verbondsouers na te kom, en gesinseredienste kan verseker tot die versterking van daardie mandaat bydra.

Gesamentlike eredienste waar die verskillende generasies sáám bedien word, is verseker 'n groot uitdaging, en vir baie steeds 'n onmoontlike. Natuurlik kan daar so hard gepoog word om al die generasies binne een erediens te bereik, dat al die generasies uiteindelik in die proses gemis word (Van Wyk 2002:253). Tog moet daar ook in die gemeentebediening en veral die erediensbediening gewaak word teen 'n idealisering van generasies asof die versoening van verskillende generasies 'n totale onmoontlikheid en selfs verkeerd sou wees.

Verder moet daar ook versigtig omgegaan word met die persepsie dat geen erediens of preek werklik elke generasie van die gesin gesamentlik kan aanspreek nie. Enige gesin funksioneer tog daagliks op die basis waar die verskillende generasies op 'n natuurlike wyse aangespreek en bedien word, sónder dat hierdie geweldige spanning wat ons binne eredienste beleef, daar gevoel word. Alhoewel nie elke generasie op dieselfde wýse betrokke is nie, verander dit nie die féit van hulle betrokkenheid nie! (Potgieter 1995:63).

Nooit kan dit die veronderstelling of verwagting wees dat elke liewe erediens almal op dieselfde wyse moet aanspreek nie – só werk dit tog ook nooit in die alledaagse gesinsfunksionering nie. Binne die natuurlike gesin word elkeen se

behoefte op ‘n unieke wyse aangespreek sónder om die gesin uit mekaar te skeur of om een generasie bo ’n ander te verhef.

Selfs wanneer hierdie aanspreek van verskillende behoeftes konflik meebring, hoef dit net soos binne die natuurlike gesinstruktuur nie rede vir paniek te wees nie, maar kan dit as deel van die normale groeiproses gesien word. Die basis van onderlinge verhoudinge is tog nie die blote aangenaamheid daarvan nie, maar die onderlinge verbintenis aan mekaar uit gehoorsaamheid aan Christus (Potgieter 1995:68). Hierdie verbintenis vra ’n groter verdraagsaamheid van elke gesinslid ten opsigte van die aanspreek van die behoeftes van die ander gesinslede, wat immers tog ook ’n Bybelse verwagting is – Rom 12:16; 1 Tess 5:15b. Long praat hier van ’n etiek van toleransie ter wille van die eenheid van die liggaam van Christus (2001:64).

In Ef 5:21-6:9 vind ons ’n duidelike teologiese riglyn vir die korrekte gesindheid waarmee gesinslede van verskillende generasies met uiteenlopende behoeftes teenoor mekaar moet optree. Alhoewel vers 21 struktureel deel vorm van vers 18-21 – in die Grieks is dit een sin (Van Roon 1976:137) – lui vers 21 ook die res van hierdie perikoop in, en dien dit in wese as inleiding of opskrif tot die hele daaropvolgende gedeelte (Van Roon:1976:140).

Onderdanigheid, soos die Griekse woord υποτάσσω hier vertaal word, het die woord “dien” as stam, en kan ook beteken “om te onderwerp” of “onder beheer te bring” (Louw en Nida 1988:476). Uit eerbied vir Christus, moet gesinslede mekaar dus dien en hulleself aan mekaar onderwerp. Hierdie algemene beginsel van diensbaarheid aan ander, geld vir álle verhoudinge van gelowiges: die vrou teenoor die man (5:22 en 5:33), die man teenoor die vrou (5:28-31), kinders teenoor ouers (6:1-3), ouers teenoor kinders (6:4), slawe teenoor eienaars (6:5-8) en eienaars teenoor slawe (:9).

Om mekaar as geloofsgesin te dien, beteken prakties om dit met die gesindheid van Christus sélf te doen (5:25). Hierdie gesindheid van Christus word duideliker deur Paulus in Fil 2:3-8 uitgewerk, waar dit daaroor gaan om ander hoër te ag as

die self, en nie net aan die eie belange te dink nie, maar ook aan dié van ander. In Ef 4:2 en 3 word dieselfde gesindheid van verdraagsaamheid, beskeidenheid en eenheid beklemtoon. Sonder hierdie houding teenoor mekaar, sal ’n gesinserediens nooit kan slaag nie!

York ondersteun hierdie gedagte dat kruis-generatiewe eredienste alleen kan slaag met ’n ingesteldheid en hart van openheid – openheid vir vrygewigheid teenoor mekaar eerder as selfsugtigheid, ’n gees van leerbaarheid eerder as vrees, gehoorsaamheid aan God eerder as “beskerming” van God, en klem op persoonlike groei eerder as beheer (2000:12). ’n Gees van gee en neem word vir hierdie wyse van kerkwees gevra (York 2000:13). ‘n Transformasie van ‘n gesindheid van toleransie na ’n begeerte na gemeenskap, is die impetus wat nodig is om hierdie intergeneratiewe eredienste tot stand te bring (York 2000:18).

Eredienste moet daarom egter doelgerig rondom gesinne ingerig word, en nie alleen rondom die volwassenes nie (Potgieter 1995:88). Daar sal volgens Potgieter geen behoefte aan kinderdienste wees indien kinders in elke gesinserediens as volwaardige lede behandel word nie! Stevenson bevestig hierdie gedagte dat kinders en tieners nie klein volwassenes is nie, maar mense in eie reg, met ’n eie spiritualiteit asook ’n eie besondere bydrae tot die res van die geloofsgemeenskap (1981:41).

Binne die gesin bestaan daar wel verskillende behoeftes en verwysingsraamwerke. Tog is dit nét so waar van enige spesifieke generatiewe erediens waar ook nie almal presies dieselfde behoeftes, verwysingsraamwerk en spiritualiteite openbaar nie (Van Tonder 2001:56). Ons hoef egter nie weg te skram vir hierdie diversiteit wat eintlik ’n Godgeskape werklikheid en wonderlike skeppingsverskeidenheid simboliseer nie! Juis hierin lê die dinamika van geestelike groei opgesluit.

Gelowige ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders deur hulle eie voorbeeld te leer wat die waarde en betekenis van aanbidding is (Piper 2006:2). Geestelike rolmodellering bly immers eerstens die verantwoordelikheid van die gelowige ouer. Iets is verskriklik verkeerd wanneer ouers hulle kinders in hul

kosbare vormingsjare, saam met ander kinders en enkele volwassenes plaas, waar hulle eenkant die houding en gesindheid van aanbidding moet aanleer!

Om van ’n kind te verwag om ook met tye binne die erediens stil te sit, is nié so ’n groot onmoontlikheid indien die kind van kleins af geleer is om sy ouers te gehoorsaam nie (Piper 2006:2). Is dit nie juis volgens 1 Tim 3:4 en 5 een van die vereistes vir die geestelike volwasse ouer nie? Kinders kan wél binne die eerste vyf jaar van hulle lewens geleer word om stil te sit – die probleem van hulpelose ouers wat nie hulle kinders kan beheer nie, moet nié deur die skep van alternatiewe eredienste opgelos word nie.

Wanneer in hierdie navorsing vir ’n gesinserediens gepleit word, moet egter deeglik verstaan word dat hierdie beslis nié ’n teruggrype na die vorige bedeling van sogenaamde “gesinsdienste” is waar die klem in die praktyk hoofsaaklik op die volwassene geval het nie – volwasse-gefokusde eredienste waarby gesinne ingeskakel het (York 2000:10). Gesinseredienste soos dit hier verstaan word, is ’n beweging vorentoe, in reaksie op die ontwikkeling van generatiewe eredienste asook generasie-gefokusde gemeentes, na kruis-generatiewe eredienste waar ’n integrasie van die kosbaarhede wat generatiewe eredienste ons geleer het, plaasvind.

Intergeneratiewe eredienste bring alle ouderdomsgroeperinge byeen binne ’n inklusiewe maar ryke diverse viering van die gemeenskap van gelowiges. Hiermee gee York dus ’n bruikbare definisie van kruis-generatiewe eredienste of inklusiewe eredienste, oftewel intergeneratiewe eredienste of gesinseredienste soos in hierdie studie voor gekies word (2000:10). Stevenson sluit hierby aan met sy beskrywing van gesinseredienste as ’n korporatiewe styl van aanbidding waar die totale ouderdomsreeks ontmoet en op ‘n verskeidenheid van maniere tot daardie ontmoeting bydra (1981:41).

God is ’n Wewer (York 2000:13). God as die “verweefde” Skepper, Verlosser en Trooster, verweef hemel en aarde, die geestelike en fisiese wêrelde, asook individuele gelowiges met gemeenskappe van gelowiges. Hoe kan dit dan anders

as dat Hy ook sy kinders in diversiteit en uiteenlopendheid byeen bring en tot een volk van God binne die samekoms van gelowiges verweef? Nie alleen bring hierdie Wewer generasies byeen nie, maar oorbrug Hy ook generatiewe verskille (York 2000:18). Sodoende beantwoord Hy ook die gebed van Jesus in Joh 17:21, naamlik dat almal een mag wees (York 2000:16).

### 3.5.7 Prediking aan die post-moderne hoorder

Aangesien dit volgens Dingemans sonder twyfel aanvaar kan word dat modernistiese sisteme wêreldwyd besig is om uit mekaar te val, is hy van die oortuiging dat dit verseker konsekwensies vir die prediking en spreke binne die kerk het (Nel 1996:123). Reeds binne die homiletiek sien mens ’n verskuiwing van die betoogpreek na die verhalende preek, en van die logiese argumentering en die oortuigende retoriek na narratiewe prediking.

Al hoe meer word onder die indruk gekom dat die Bybel geen vaste sisteem van geloofswaarhede bied nie, maar eerder ’n boek is wat verskeie geloofservaringe vanuit verskillende perspektiewe bevat (Nel 1996:123). Die tyd van groot verhale en sisteme is verby – hiervan is die val van ideologieë soos kommunisme en apartheid ’n konkrete bewys. Kleiner en tasbaarder belewenisse het miskien nie noodwendig ewigheidswaarde nie, maar vir die post-moderne hoorder beslis groot betekenis in die alledaagse sin.

Vir die prediking impliseer dit, soos Dingemans dit verstaan, dat dit ook meer sal moet gaan oor die besondere as die algemene; meer oor die persoonlike en individuele as oor die groter vraagstukke van die mensdom (Nel 1996:125). Prediking sal moet begin by die vrae wat die gemeente besig hou, en daar sal nie meer van bo af na ondertoe gepreek kan word nie, maar eerder van onder af na die kante toe!

Die soort teologie en prediking wat die post-moderne mens bevredigend vind, hang direk saam met ’n persoonlike lewensgeskiedenis en lewenservaring (Nel

1996:125). ’n Goeie post-moderne preek sal volgens Dingemans dus besig wees met kleiner tekseenhede eerder as die totaliteit van die Skrif.

Post-modernisme se heel grootste vraagstuk lê gesetel in die vraag: “Wie is ek?” Hierdie eksistensiële kwessie impliseer dat die prediking nie meer vir die post-moderne hoorder voorsê wat geglo en hoe geleef moet word nie, maar die hoorder begelei om self uit te vind hoe dit wat gehoor word binne sy of haar lewe inpas en sin daaraan toevoeg (Nel 1996:129). Sodoende kom die prediker nie meer met ‘n afgeronde visie waarby die hoorder bloot sy of haar persoonlike daaglikse belewinge met die geloof moet harmonieer nie. ’n Spanning tussen die gewone lewe en die geloofslewe moet steeds behoue bly en die post-moderne mens moet binne hierdie spanning leer leef (Nel 1996:129).

Dingemans kies ook vir die narratiewe of verhalende preek, waar daar meer ruimte bestaan vir die hoorder se eie interpretasie en gebruik van fantasie, as by die betoogpreek (Nel 1996:129). Collison bekragtig hierdie uitgangspunt dat Bybelse storievertelling die mees effektiewe predikingstyl vir vandag se tieners is (2000:2).

Post-moderne filosowe leer ons enersyds dat daar geen vaste betekenis in die teks is wat almal outomaties so verstaan nie, en andersyds dat die hoorder sélf die betekenis van die teks interpreteer en vasstel. In beide hierdie gevalle moet die hoorder binne die preek die geleentheid kry om self ’n relasie met die teks op te bou.

Natuurlik kan hierdie uitgangspunt heeltemal te ver gevoer word! Verseker het die teks ’n min of meer afgebakende betekenisruimte wat nooit geïgnoreer mag word nie (Nel 1996:130). Selfs binne ’n verskeidenheid van interpretasiemoontlikhede en eksegese-variasies, bly daar steeds ’n grens aan die betekenisruimte. Elke teks is tog ook ’n subjek met ’n bepaalde bedoeling binne die beperking van die spesifieke taalkode waarvoor die skrywer oorspronklik gekies het!

Iewers tussen hierdie twee uiterstes, van aan die een kant die teks vasmaak aan slegs een betekenismoontlikheid, en aan die ander kant die teks aan géén betekenismoontlikheid verbind nie, lê die oplossing van die hermeneutiek as

dialogiese gebeure. ’n Post-moderne preek sal nie meer alleen één uitleg van die teks as normatief kan aanbied nie, maar ruimte moet maak – natuurlik binne die betekenisgrense van die teks sélf – om verskillende perspektiewe te open waarmee elke hoorder self verder kan gaan werk (Nel 1996:131).

Elke teks moet daarom binne die veelkeurigheid van die verskillende betekenismoontlikhede gerespekteer word. Tekste bevat meer as een waarheid oor God (Van Wyk 2002:250). Meer as een interpretasie van die teks sal meebring dat die teks en die uiteindelike boodskap nie verskraal en selfs beperk word nie. Vir die prediker behels dit aldus Van Wyk dat ’n eie perspektief nie ander skade moet berokken nie, maar ook dat ’n bepaalde openheid en gewilligheid om na ander perspektiewe te luister en selfs daarvolgens te verander, krities is (2002:250).

### 3.5.8 Prediking aan die post-moderne gesin

Prediking aan die post-moderne gesin mag nooit met oppervlakkige prediking verwar word nie (Van Wyk 2002:248). Alhoewel bogenoemde soort prediking miskien wel in ’n korttermynbehoefte van die individualisme kan voorsien, sal dit nóóit op die langtermyn blywende antwoorde en vrede aan die soekende post-moderne gesin kan bied nie. Ook die hedendaagse gesin moet steeds deur middel van die prediking begelei word tot ’n ontmoeting met en belewenis van die lewende God.

Eenvoudige en praktiese prediking praat die taal van die post-moderne mens. Predikers sal hulle preke moet vereenvoudig sónder om eenvoudig te raak (Van Wyk 2002:258). Vir Van Wyk gaan dit nie hier om ’n simplistiese of moralistiese veralgemening nie, maar om prediking wat by die eksistensieel-pragmatiese lewensingesteldheid van die post-moderne mens aansluit (2002:257).

Prediking aan die post-moderne gesin mag egter nooit die Woord van God negeer ter wille van die gesin nie. Een van die groot gevare van ‘n gesinsgerigte bediening en in besonder gesinsgerigte prediking, lê juis daarin dat die fokus nie meer op God en sy Woord sal val nie, maar op die promovering en

oorbeklemtoning van die gesin sélf (Brown 2005:1). Steeds bly dit die uitsluitlike doel van prediking – ook binne ’n post-moderne konteks – om die hoorder tog by die Bybelse gegewens te betrek (Van Wyk 2002:247).

God se opdrag aan die hedendaagse prediker bly nog steeds nét so relevant as toe Hy dit deur Paulus aan Timoteus in 2 Tim 4:1-5 gegee het. Indien ons egter 2 Tim 3:1-9 ernstig opneem, hoor ons hier ook iets van die tipiese kenmerke van die post-moderne gesin! Aan hierdie mens moet die Woord volgens Paulus steeds gepréék word.

Prediking, soos Paulus dit dan in 2 Tim 4:2 verstaan, sluit die weerlegging van valshede en dwaling, bestraffing en bemoediging in (Brown 2005:6). Die wyse waarop dit gebeur, geskied deur met alle geduld onderrig te gee. Dit alles word gedoen omdat, soos Paulus dit in 2 Tim 4:3 en 4 beskryf, daar ’n tyd sal kom dat mense nie meer die gesonde leer sal verdra en die waarheid sal wil hoor nie.

Die soort styl van prediking aan die post-moderne gesin waarna vandag gevra word, is egter nie meer ’n styl van absolute sekerhede nie, maar is liewer ’n oop styl met ’n oop einde wat iets van die misterie van God probeer oopbreek (Wagner-Ferreira 2005:52). Hedendaagse predikers sal moet leer om met minder stelligheid te preek (Van Wyk 2002:248). Prediking beteken vir Van Wyk nie ’n kontrole oor en van die waarheid nie, maar ’n verwonderende spreke oor God te midde van die uitspreek van die spreker se onsekerheid, worsteling en gebrokenheid in God se teenwoordigheid (2002:249).

Veral omdat die Generasie Y’s deel van die huidige gesinsamestelling uitmaak, sal die klem moet val op integriteit en egtheid, wat juis ’n pertinente behoefte van hierdie geslag is. Belangriker as ’n blote tegnologies-opgesmukte aanbieding, is die begeerte na ‘n boodskap van hoop in die prediking (Wagner-Ferreira 2005:53). Hierdie hoop lê nie alleen maar in die aanbied van waarhede nie, maar in die bekendstelling van God in Christus aan die soekende en onsekere mens.

Prediking bevat in wese steeds die dimensie van lering (Pieterse 2005:419). Na aanleiding van Pieterse se empiriese bevindinge dat hedendaagse mense kwynende

Skrifkennis openbaar, word onderrigtende prediking weer al hoe belangriker vir vandag se preke (2005:418). Natuurlik beteken dit nié dat lerende prediking slegs kognitief van aard sal geskied deur 'n magdom van dorre leerredes wat oorgedra word nie, maar kan dit ook uiters aktueel en relevant wees as dit as 'n uitleg van die Skrif verstaan word wat die Bybelse boodskap bevrydend in die lewe van die gesin inspeel (Pieterse 2005:419).

Millennium-kinders se primêre wyse van leer is nie so sterk op die visuele ingestel as die vorige geslag Generasie X'ers wat met TV die opgegroei het nie (Van Wyk 2002:280), maar hulle leer eerder – as die geslag wat met die Internet opgroei – deur betrokkenheid en deelname (Wagner-Ferreira 2005:24). Ervaringsleer sal dus ook 'n groot komponent van die prediking moet uitmaak indien hierdie soort gesin werklik bedien gaan word. 'n Post-moderne leerlokaal is eerder 'n ruimte waar mense aan 'n verskeidenheid ervaringe blootgestel word, as wat dit 'n ruimte is waar mense na iemand sit en luister wat hope feite in hulle koppe in wil praat (Opperman en Snyman 2005:1).

Verhale is die taal van die hedendaagse gesin. Narratiewe prediking kan juis die verhale van die Bybel wat vertel hoe God die lewens van gewone mense aangeraak en verander het, aan die post-moderne gesin oopbreek. Om deur middel van persoonlike getuienis oor God se werking in jou eie lewe te getuig, sal ook veel groter trefkrag as die argumentatiewe beredenering van teologiese feite hê (Van Wyk 2002:249).

Dialogiese prediking, waar gesprek tussen die prediker en hoorder, asook hoorder en prediker, geskied, behoort ook 'n belangrike rol in hedendaagse prediking te speel (Van Wyk 2002:261). Die post-moderne gesin is nie bloot ontvangers van die boodskap nie, maar deelnemers wat reeds voor die preek, tydens die preek en ook ná die preek aan die woord kom deur middel van vrae en kommentaar. Op hierdie wyse kry die hedendaagse gesin ook inspraak in die ontmoetingsgebeure met God, terwyl die outoritêre styl van prediking wat juis soveel opstandigheid by die post-moderne mens veroorsaak, sterk afgespeel word.

### 3.5.9 Die hedendaagse kind binne die erediens

Kinders kan reeds vanaf ’n baie vroeë ouderdom gewoond raak aan rituele (Dunbar 1983:13). Rituele is die wyse waarop die lewe georden word, waarop mense saamgebind word en waarop sin aan die lewe gegee word. Hierdie gewoontes bied aan die kind daardie noodsaaklike sekuriteit wat vir gesonde ontwikkeling so onmisbaar is. Selfs al verstaan die kind nie die ritueel ten volle nie, is dit juis die vastigheid en misterie daarvan wat steeds die grootste betekenis inhou (Potgieter 1995:63).

Ongelukkig is erediensrituele oor die algemeen meer op die volwassene gerig (Dunbar 1983:14). Eredienste is vir grootmense (Vos 2000:6). Vir kinders voel dit gewoonlik of die erediens by hulle verbygaan (Vos 2000:5). Een van die belangrikste redes hiervoor is dat die erediens in die praktyk meestal die kind uitsluit. Meeste eredienste word ingerig vanuit die perspektief en gesigshoek van die volwassene met die fokus op die behoefte van die volwassene. Potgieter stel dit egter onomwonde dat ‘n “Grootmens-kerk” onbybels is (1995:61).

In die algemeen word by die inrigting van die erediens geworstel met die vraag: “Wat doen ons *vir* die kinders?” eerder as “Wat doen ons *met* die kinders?” Volgens Du Plessis word kinders in die kerk hoofsaaklik beskou as iemand wat iets moet ontvang (1989:23). Sodoende mis ons die feit dat die kind ook ’n besondere bydrae tot die erediens kan lewer en ’n unieke dog nodige dimensie kan bybring (Vos en Müller 1989:23).

Du Plessis wys op die belangrikheid van die kind by God en in die kerk (Vos en Müller 1989:23). In God se koninkryk neem die kind ’n sentrale plek in. Veral in die eerste drie evangelies, ook die sinoptiese evangelies genoem, word die kind baie gunstig waardeer. Hiervan is teksgedeeltes soos Mrk 9:33-37, Mrk 9:42 en Mrk 10:13-16 voldoende bewys.

Uiteindelik bring dit Du Plessis by die konklusie dat ons kinders in die kerk moet ontvang en behandel asof dit Christus sélf is wat deur ons ontvang word (Vos en Müller 1989:30). Vir die erediens impliseer dit dat ons nooit die kind mag ignoreer

of afspeel nie! Om die kind bloot met die perspektief te benader dat hy of sy besig gehou moet word, ignoreer die waarde wat Christus aan die kind gee. Waar daar wél met die behoeftes van die kind in eredienste erns gemaak word, geskied dit gewoonlik waar die kind in isolasie apart van die res van die gesin bedien word.

Geen kerk kan egter ooit tevrede wees met geloofsrituele wat die gemeente van Christus opdeel nie – anders gestel, rituele waar een generasie los van 'n ander generasie hanteer word (Dunbar 1983:16). Die kategesestelsel van die kerk veral, het juis in die verlede hierdie pad geloop en het daartoe bygedra dat die gemeente gefragmenteerd bedien is (Durka en Smith 1983:voorwoord). Sodoende het die kind nooit 'n omvattende begrip vir kerkwees en Christelike gemeenskap verkry nie – 'n tekortkoming wat die kerk vandag baie duur te staan kom.

Daar bestaan 'n geen groter bedoeling met die gemeenskap van gelowiges as juis om mense één te maak deur gedeelde en geïntegreerde lewens nie – juis lê dit tog in die aard van Christelike gemeenskap! Indien aanbiddingsrituele binne die geloofsgemeenskap generasies opbreek, kan daardie eenheid in die geloof moeilik behoue bly. Eredienste moet daarom só ingerig word dat die kind binne daardie ruimte kan leer om in die teenwoordigheid van God, midde van ander gelowiges, tuis te wees (Vos 2000:6).

Volgens Du Plessis sal die kind egter altyd steeds die erediens – waar lerende Woordbediening sentraal staan – as buitestaander beleef (Vos en Müller 1989:30). Op die oog af lyk kinderdienste waar slegs op die kind gefokus word, na gehoorgewing van die eis van Jesus in Mrk 10:14, maar in wese word die kind nog steeds as ontvanger verstaan aan wie iets gedoen moet word. Hierdie uitgangspunt werk ook met die eng en verkeerdelike siening van die preek as enigste wesenlike deel van die erediens (Wagner-Ferreira 2005:39) .

Solank as wat die ander liturgiese elemente nie ook ontdek word as ruimtes waaraan die kind handelend kan meedoen nie, kan nie van die kind verwag word om geduldig en gedissiplineerd fasette van die erediens mee te maak wat op die volwassene gerig is nie (Vos en Müller 1989:31). Piper voel sterk daaroor dat 'n

afsonderlike kinderprekie nie deel van die gesinserediens moet wees nie (2006:1). Alhoewel dit vir die kind pret sal wees, sal dit op die langtermyn geestelike vervlakking meebring en die geestelike intensiteit van die aanbiddingsgebeure verminder. Van die ander liturgiese elemente kan goedskiks aangewend word om die kind sinvol te betrek, terwyl die preek hoogstens een of twee kernelemente hoef te bevat wat ook op die kind inspeel.

Christelike opvoeding van kinders in veral die voorskool tot vroeë laerskooljare, is grotendeels gesindheidsopvoeding (Dunbar 1983:17). Kinders binne die ouderdom van vier tot sewe kan moeilik rituele en simboliek ten volle verstaan. Tog leer hulle binne daardie rituele houdings en gesindhede van die geloofslewe van die betrokke geloofsgemeenskap waarvan hulle deel vorm.

Al verstaan hulle nie elke liewe woord of stukkie simboliek nie, ervaar hulle tog saam met die volwassenes iets van die misterie van God. Só word geestelike rituele voertuie van die Goddelike bedoeling (Durka en Smith 1980:72). Op hierdie wyse word gemeenskap met God ook intiem verbind met die geloofsgemeenskap en veral diegene wat die heel naaste aan die kind staan – die gesin. Long ondersteun hierdie gedagte dat kinders deur hulle gereelde betrokkenheid in die erediens, dinge raaksien en optel tot op daardie dag wanneer geheue, volwassenheid (begrip) en motivering byeenkom en die kind volwaardig begin deelneem (2001:87).

In wese is die kleuter en kind ’n nabootser van mense en dinge (Drescher 1980:35). Deur nabootsing leer die kind praat en optree (Le Roux 1983:19). Al begryp die kind nie altyd godsdienstige handelinge nie, het selfs die nabootsing daarvan tog groot sin omdat ’n mens later die inwendige betekenis hiervan makliker daarby kan laat aansluit (Pulles 1968:60).

Hoe meer die kind aan die atmosfeer en liturgie van die erediens blootgestel word, hoe meer word dit vir hulle bekend, word hulle daarmee gemaklik en groei hulle in hierdie taalkode op (Piper 2006:2). Selfs wanneer die kind sou kla dat dit wat in die erediens gebeur vervelig is, beteken dit steeds nie dat die kind niks inneem nie!

Kinders is soos sponse in die eerste klompie jare van hulle lewens, en kan ’n geweldige hoeveelheid feite en gegewens absorbeer (Van Tonder 1993:16).

Kinders moet ook van kleins af ’n bepaalde sin van die gewigtigheid en ontsag in die teenwoordigheid van God binne die erediens beleef (Piper 2006:3). Hierdie belewenis sal in die praktyk baie moeilik in die kinderdiens ervaar word, omdat die fokus daar geplaas word op die beperkende vermoëns van die kind en nie die groter gesinskonteks nie.

Ouers moenie hulle eie bydrae onderskat wanneer dit by die beïnvloeding van hulle kinders kom nie. Indien ’n positiewe en vreugdevolle gesindheid teenoor die erediens deur ouers by hulle kinders gekweek word, gepaardgaande met die ouers se eie optimistiese houding daaroor, sal dit vir die kind alreeds ’n veel beter ervaring wees (Piper 2006:3). Ouers se persoonlike uitsien na die erediens, hulle verwagting en gesprekke voor en ná die erediens, sal alles meehelp dat die kind die erediens leer liefkry. Hierdie eredienshouding word reeds in die huis aangekweek waar die peuter geleer word om stil te bly wanneer gebid word, en die kleuter geleer word om stil te sit terwyl ’n Bybelstorie gelees word (Piper 2006:3).

Volgens Potgieter word ’n mens die sterkste in jou denke, waardes en sieninge gevorm deur ’n samelewingsverband wat ’n primêre groep genoem word – ’n intieme groepie waarin ’n mens binne ’n noue verhouding lewe saam met mense wat vir jou die belangrikste is (1995:80). Hierdie is die wesenlike eienskap van die huisgesin, wat as primêre vormingsgroep vir die kind funksioneer. Rolmodellering, waar die kind met ander woorde van kleins af sien hoe sy huismense lewe en God ook binne die erediens aanbid, werk uiteindelik vormend in op die kind se eie lewensbeskouing.

Kinders leer die heel beste deur persoonlike ervaring en aktiewe deelname (Van Tonder 1993:75). Binne die erediens is daar meer as genoeg ruimte vir beide ervaring én deelname. Vervolgens word ’n paar elemente van die erediens kortliks bekyk, waar kinders sinvol betrek kan word en hulle kosbare geestelike ervaringe kan versamel:

1. Liedere: Die gebruik van musiek en sang in die onderrig van kinders gaan so ver terug as na die tyd van Dawid en Salomo in die Ou Testament (Van Tonder 1993:33). Ook in die Nuwe Testament het Paulus reeds die opvoedkundige waarde van die lied besef (Kol 3:16). Musiek en sang kan die meeste van die behoeftes van die kind aanspreek, maar word ongelukkig nog grootliks onderskat in die rol wat dit kan speel. Eerstens gee dit aan die kind ‘n unieke geleentheid om hom of haar deur middel van musiek uit te druk; tweedens bevorder die lied die bediening van die evangelie aan die kind; derdens bring dit persoonlike betrokkenheid en vierdens skep dit die nodige afwisseling binne die program wat weer die kind se konsentrasiespan verleng (Wilson 1975:259). Musiek en sang is aldus Long kragtig en formatief in die godsdienservaring (2001:54). Natuurlik vra die unieke behoeftes van die kind na ’n gespesialiseerde soort geestelike lied wat ernstig met die kleuter en kind se ontwikkelingsfases rekening hou. Hierdie besondere lied is deeglik deur Van Tonder in ’n vorige skripsie bespreek (1993).
2. Gebede: Kinders leer van baie kleins af reeds bid (Dunbar 1983:21). Gebed kom van jongs af heel spontaan en gemaklik, juis omdat die kind die vermoë het om dit maklik te snap, weens die feit dat die Godsbegrip baie vroeg reeds gevorm word. Alhoewel gebede by veral die kleuter nog baie selfgesentreer is (Van Tonder 1993:20), word die fondament vir ’n gebedsverhouding met God alreeds vroeg gelê. Om hierdie ervaring met ander gelowiges te deel deur byvoorbeeld saam te bid of vir mekaar te bid, is daarom van die grootste belang (Durka en Smith 1980:217). Deur ook binne ’n eredienssituasie aan die voorbeelde van ander wat bid blootgestel te word, leer die kind hoe om prakties met gebed om te gaan.
3. Offergawe: Kinders geniet dit altyd om iets vir iemand te gee (Dunbar 1983:22). Om self die kollektebordjie te kan hanteer en hulle eie geldjie

daarin te kan gooi, versterk ook hulle deelname aan die erediens en die geloofsgemeenskap.

4. Preek: Natuurlik sal die preek vir die volwassene nooit op die kind van toepassing kan wees nie – veral nie wat die lengte betref nie. Daarom sal die preek òf wat sekere elemente betref in vereenvoudige vorm oorgedra moet word, òf in verkorte weergawe aan hulle herhaal moet word, òf hulle slegs vir daardie deel van die erediens afsonderlik bedien moet word (Dunbar 1983:23). Piper glo egter tereg dat deur die kind uit die erediens te haal wanneer die preek begin, eintlik die boodskap kommunikeer dat alles in die erediens tot en met die preek, goed is (2006:4).
5. Sakramente: Reeds vanaf ses-jarige ouderdom het die kind ’n basiese begrip vir die simboliek en betekenis van die tekens van die nagmaal. Hierdie begrip is in lyn met Paulus se vereiste vir die gebruik van die nagmaal in 1 Kor 11:28 en 29, en daarom kan kinders sinvol aan die nagmaal deel hê wanneer ’n basiese pad daarrondom met hulle geloop word. Ook wat die doop betref, kan kinders sinvol betrek word deur hulle nader te roep wanneer die doop bedien word, en hulle daardeur gehelp word om iets van die betekenis van hulle eie doop te ervaar.
6. Responsoriese liturgiese elemente: Elemente soos die votum, skuldbelydenis en geloofsbelydenis kan goedskiks binne die responsoriese styl benut word om kinders op ’n eenvoudige wyse, soos byvoorbeeld deur herhaling en interaksie, aan die liturgie te laat deelneem.

### 3.5.10 Die hedendaagse tiener binne die erediens

Vanweë die verskynsel van post-modernisme, het ons vandag ook met ’n geslag tieners in die kerk te make wat heeltemal anders oor die erediens, aanbidding en kerkmusiek as vorige geslagte dink (Van Tonder 2001:37). Hierdie nuwe geslag tieners staan algemeen bekend as die “Millennial” generasie of “Generasie Y,” wat tussen 1980 en 2002 gebore is (Hestorff 2005:1).

Hestorff identifiseer ses karaktertrekke van die millennium-tiener (2005:1):

1. Hierdie geslag is báie besig: millenniums se programme is oorvol, en hulle spandeer gemiddeld tot sewentig ure per week aan akademiese en buitemuurse aktiwiteite, wat impliseer dat hulle minder tyd aan kerklike aktiwiteite kan wy. Vandaar is hulle so gefragmenteerd en gekompartementaliseerd in hulle lewens, dat hulle byna geen tyd spandeer aan die vraag na wie hulle is en hoe alles in hulle lewens in mekaar pas nie. Verder veroorsaak hierdie vol lewens van hulle ook dat wanneer hulle ’n beskikbare volwassene vind waarmee hulle sinvol tyd kan spandeer, hulle nie tyd daarvoor kan inruim nie (De Vries 1994:38).
2. Generasie Y’s beleef eensaamheid vanweë ouers en ander tradisionele versorgende instellings wat hulle in die steek laat en totaal isoleer (Hestorff 2005:1). Tieners leef ’n lewe van afsondering, wat die gevolg is van die samelewing se fiksasie met tegnologie wat tieners in hulle ontspanning en spel van uiters nodige sosiale vaardighede beroof. Toerusting soos rekenaarspeletjies, selfone en TV’s isoleer die tiener al hoe meer van ander mense, en interaksie geskied al hoe meer onpersoonlik (Kimball 2003:2). Hierdie tienergeslag is vir dié rede ’n verhoudingshonger generasie (Wagner-Ferreira 2005:24). Hulle ken baie min betekenisvolle verhoudinge – veral met volwassenes – en het daarom ’n dringende behoefte aan egte en intieme relasies. Veral is hulle op soek na ten minste een volwassene wat vir hulle sal omgee sonder ’n eie agenda (Clark 2006:1). Vir Clark is die nommer een tendens onder hedendaagse tieners, juis die misbruik van tieners deur volwassenes vir eie gewin. Hy noem dit ’n sistemiese verwaarlosing, en dit kom ondermeer duidelik tot uiting in druk tot prestasie wat volwassenes op tieners plaas. De Vries wys op die ongeëwenaarde emosionele verwaarlosing van tieners deur volwassenes, asook die groot hoeveelheid tyd wat tieners alleen spandeer en die

gevaarlike beperkte kontak wat hulle in werklikheid met volwassenes het (1994:36).

3. Millenniums beleef weens hulle oorvol programme en geïsoleerdheid oorweldigende stres (Hestorff 2005:1). Hulle is dan ook die eerste geslag tieners wat ly aan stresverwante siektes weens die druk van prestasie, asook die gesinskonflik wat die direkte gevolg is van gesinsvervreemding.
4. Hierdie geslag tieners se wêreldbeeld is heelwat wyer as selfs die tienergeslag van slegs twee dekades gelede (Hestorff 2005:2). Weens die invloed van die Internet asook die media-gedrewe kultuur wat vandag baie meer multi-kultureel, multi-godsdienstig en multi-sensories is, is dit vir hierdie groep adolessente moeilik om een sentrale universele waarheid te aanvaar.
5. Omdat puberteit al hoe vroeër begin, en die tydvak van volwassenheid al hoe later skuif, sal generasie Y's 'n veel langer tydperk as vorige geslagte in hierdie onsekere fase van adolessensie spandeer – enigiets van tienjarige ouderdom tot die vroeë twintigs (Hestorff 2005:2). Hierdie verlenging van die puberteitsfase word juis toegeskryf aan hulle besige en gefragmenteerde lewensstyl, wat min ruimte laat vir selfidentifikasie.
6. 'n Interessante tendens van die millennium-geslag het te make met hoe hulle hulself groepeer. Hestorff noem hierdie verskynsel "bondeling" (2005:2). Alleen een uitsluitlike doel kan vir hierdie soort groepering gevind word, naamlik die behoefte om aanvaar te word. Só 'n bondel bestaan gewoonlik nie uit meer as vyf tot agt tieners nie en neig om meer geslagsgebonde te wees. Hierdie bondeling word gevorm rondom 'n gelyksoortige selfbegrip en ouerlike verbinding.

Hestorff trek uiteindelik die hoogs belangrike konklusie dat hedendaagse tieners nie langer op soek is na 'n groep om mee uit te hang nie, maar soekend is na veilige gesinstrukture! (2005:2). Hierdie bevinding word sterk ondersteun deur die empiriese navorsing wat die "National Study of Youth Religion" onlangs onder

vroeë adolessente gedoen het (2003:5). Hier is ondermeer bevind dat tieners in godsdienstig betrokke gesinne meer daartoe neig om sterker gesinsverhoudinge te hê, as tieners wat nié deel is van gesinne wat godsdienstig betrokke is nie. Eersgenoemde tieners se verhoudinge met hulle ouers is nie net beter nie, maar hulle is ook meer geneig om deel te neem aan gesinsaktiwiteite soos om byvoorbeeld aandete saam te eet, en veel minder geneig om van die huis af weg te loop.

Hiermeesaam verklaar De Vries dat tieners wat beveilig word deur betekenisvolle verhoudinge met volwassenes, deurlopend in staat is om negatiewe invloede en versoekings die hoof te bied (1994:54). Waar sulke verhoudinge werklik bestaan, het groepsdruk dan ook veel minder van ’n invloed op die individuele tiener!

Een saak staan vir Tinklenberg soos ’n paal bo water: hierdie tieners gee net om vir één ding, en dit is verhoudinge (2005:3). Hulle het veral ’n opmerklike behoefte aan daardie spesifieke soort bekragtiging en versekering wat voortspruit uit hulle verhoudings met hul ouers en ander volwassenes. Een in vier tieners dui volgens De Vries aan dat hulle nog nóóit ’n betekenisvolle gesprek met hulle pa’s gehad het nie (1994:40). Ses en sewentig persent van tieners wat spesifiek hieroor ondervra is, gee dan ook die aanduiding dat hulle die behoefte daaraan het om meer tyd saam met hulle ouers te spandeer (De Vries 1994:40).

Volgens ’n empiriese ondersoek wat deur die “National Study of Youth and Religion” gedoen is, word hierdie behoefte van tieners om tyd saam met hulle ouers te spandeer, sterk bevestig. Hiervolgens wil 50% van die respondente meer tyd saam met hulle ouers hê – veel meer as met enigiemand of enigiets anders:

| | |
|---|---|
| Gesin | 50% |
| Vriende | 44% |
| Skoolaktiwiteite | 17% |
| Studies | 9% |
| Godsdiens | 8% |

| | |
|---|---|
| Musiek | 6% |
| Gemeenskapswerk | 6% |
| Ontspanning | 3% |
| TV | 1% |

Aan die ander kant toon dieselfde navorsing die hoeveelheid tyd wat tieners wél in die praktyk saam met hulle ouers spandeer:

| | |
|---|---|
| Gesin | 8% |
| Groep vriende | 69% |
| 2 vriende | 20% |
| Alleen | 3% |

Vir die erediens het hierdie gegewens natuurlik ook belangrike implikasies, aangesien die erediens ’n besondere ruimte kan wees waar tieners en hulle ouers saam die Here kan beleef. Om hierdie noodkreet van die tiener te ignoreer, kan verreikende gevolge vir die kerk inhou. De Vries verwys in hierdie verband na navorsing wat in Australië bewys het dat mense wat opgegroei het in die bywoning van eredienste, meer geneig is om as volwassenes steeds in die kerk betrokke te wees as mense wat van kleins af slegs by die fragmentariese kategeseprogram ingeskakel het (1994:64).

’n Geweldige kloof bestaan egter tans tussen die leefwêreld van die millennium-tiener en die kerklike omgewing. Wie nog redeneer dat die erediens in vorm en styl ’n ánder karakter moet hê as die leefwêreld waarin die hedendaagse kerkganger hom of haar bevind, hou nouliks rekening met die konteks van die post-moderne mens en die invloed daarvan op sy of haar godsdiensbelewing (Van Tonder 2001:36).

Vir die hedendaagse tiener is ’n praktiese en fisiese geloofsbelewing hoogs noodsaaklik. ’n Sterk soeke na konkrete antwoorde op alledaagse vrae kenmerk hierdie adolessent se lewe. Emosionele belewenis en persoonlike ervaring van

God speel ’n groterwordende rol, terwyl ervaring van persoonlike sinvolheid en betekenis van die grootste belang is (Van Tonder 2001:38). Volgens LaRue woon die meeste tieners juis eredienste by om nader aan God te voel (1999:1). Om te behoort binne die kerk – as geestelike tuiste met ruimte vir persoonlike uitlewing – weeg ook vir die millennium-geslag baie swaar. Geloofsekerheid, geestelike troos en vastigheid is ’n dringende nood, terwyl die belewenis van hoop en vreugde ’n groter groeiende behoefte word.

Hedendaagse tieners word uit onlangse navorsing aangetoon as ’n teologies ongeletterde generasie wat primêr oor God dink as ’n persoonlike huiskneg (NSYR 2005:2). Alhoewel kontemporêre godsdiens nog wyd deur tieners beoefen word, is hulle geloof ook gedeprioretiseer en word min daarvan werklik as toepaslik verstaan (Smith 2005:33). Geloof ondergaan ’n geweldige transformasie onder die nuwe geslag tieners – ’n verskuiwing wat deur Smith beskryf word as ’n moralistiese terapeutiese deïsme.

Ook Pieterse ondersteun hierdie bevinding in empiriese navorsing waarmee hy bewys dat die lees van die Bybel onder Graad 11 leerders in SA ’n dalende tendens toon, wat weer op kwynende Skrifkennis dui (2005:416). Hy wys ook op ’n studie van Carson in hierdie verband, wat ’n stygende ongeletterdheid van die Bybel in die VSA in die afgelope veertig jaar met meer as dertig persent aandui (Pieterse 2005:415). Die skrywer is sterk van mening dat hierdie afname in Bybelkennis onder andere direk te make het met die gefragmenteerde bediening aan tieners los van die verbondsgesin en die rolmodellering van die geloofsgemeenskap, waar dikwels dan ook op ’n oppervlakkige en terloopse (“jeugvriendelike” of “nie-bedreigende”) wyse met die Bybel omgegaan word.

Om hierdie Bybelse ongeletterdheid teë te werk, sal die plek van die erediens in die lewe van die verbondsgesin, en veral die rol van prediking daarbinne, dringend herbesin moet word. Pieterse pleit in hierdie lyn vir ’n onderrigtende prediking waarin die Skrifkennis van die hoorder doelbewus verbreed word (2005:418).

’n Kritiese element van die bediening aan die tiener binne die erediens, lê op die terrein van die lied. Hedendaagse tieners kan moeilik sonder musiek voorgestel word (Van Tonder 2001:31). Hulle leef met hulle musiek saam en vind selfs hulle identiteit en vervulling binne hul musiek. Musiek is daarom ook die adolessent se stem, omdat hulle assosieer met musiek wat hulle gevoelens en emosies uitsing (Hutchcraft 1998:3).

Musiek is die taal van hierdie generasie (Hutchcraft 1998:2). Daarom is dit ook die beste wyse van kontak maak met tieners (Van Tonder 2001:32). Tieners het die behoefte aan spesiale oomblikke van lof en aanbidding wat direk verband hou met hulle alledaagse realiteite. Tradisionele kerkmusiek spreek baie min tieners werklik op hierdie wyse aan (Wagner-Ferreira 2005:62).

Die besondere wêreldwye oplewing in die lof-en-aanbiddingskultuur van die geestelike lied, bevestig hierdie tendens dat die post-moderne mens vir God wil ontmoet en ervaar binne die erediens. Daar kan geensins getwyfel word oor die belangrikheid van die kontemporêre kerklied vir die hedendaagse tienerkultuur binne die erediens nie (Van Tonder 2001:58). Indien die erediens die tiener enigsins wil aanspreek, sal betekenisvolle musiek en sang integraal deel daarvan moet uitmaak (Wagner-Ferreira 2005:38).

Borgman stel voor dat musiek binne die erediens gebruik kan word om effektief tot die tiener te spreek en die bediening van die evangelie aan hulle relevant te hou (1997:173). Martin Luther het al geglo dat musiek naas die prediking, die tweede kragtigste vorm van kommunikasie is (Borgman 1997:176). Musiek is een van die diepste en mees holistiese vorme van kommunikasie wat die mens fisies, emosioneel, intellektueel en geestelik aanspreek.

Van Wyk het in ’n empiriese ondersoek bevind dat tieners gereeld bid (2002:278). Natuurlik is daar seker ’n sterk dimensie van ‘n verbruikersmentaliteit in die gebedshandelinge van tieners te sprake, wat nie deur die prediker geïgnoreer kan word nie en waarin begeleiding sekerlik sal moet plaasvind. En tog kan gebed in al

die besondere dimensies daarvan, ’n besondere sleutel word waarmee Godsbelewing vir die adolessent in die erediens oopgesluit word.

### 3.6 Konklusie

Verseker hou die erediens nog besondere waarde vir die hedendaagse post-moderne gesin in. In dieselfde asem moet egter bygevoeg word dat die styl en atmosfeer van die erediens, sowel as die samestelling daarvan, dringend aandag sal moet geniet. Intergenerasie-eredienste waar gesinne saam byeen kom, blyk nie net ’n noodsaaklikheid vir die kerk van die toekoms te wees nie, maar ook ’n noodsaaklikheid vir die mens van die toekoms.

# HOOFSTUK VIER

## ‘N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE WAARDE VAN GESINSDIENSTE

### 4.1 Inleiding

Aangesien die prediking binne die konteks van die post-moderne gesin nou prakties-teologies gekonseptualiseer is, is die volgende stap vir hierdie studie om daardie konteks van naderby te gaan ondersoek. In hierdie ondersoek word van ’n empiriese metode gebruik gemaak om die inligting uit die konteks te versamel en wetenskaplik te verwerk. Vandaar moet die empiriese navorsingsmetode eers wetenskaplik verantwoord word, alvorens dié metode in hierdie betrokke ondersoek aangewend kan word.

### 4.2 Empiriese navorsing wetenskaplik begrond

Homiletiek as beide kommunikatiewe en hermeneutiese geloofshandeling, soos dit deel uitmaak van die praktiese teologie wat in wese ’n handelingswetenskap is, impliseer dat juis hierdie kommunikatiewe geloofshandelinge as studieveld onder die loep kom (Wagner-Ferreira 2005:54).

In die verlede het die teologie hoofsaaklik met drie wetenskaplike metodes van teologiese beoefening gewerk: die histories-kritiese metode, die literêr-kritiese metode asook die sistematies-kritiese metode (Wagner-Ferreira 2005:54). Sedert die sestigerjare word ’n vierde metodiek in die teologie aangewend, naamlik die empiries-kritiese of handelingswetenskaplike metode (Van Tonder 2001:5). As wetenskap moet die praktiese teologie binne hierdie nuwe wending empiries benader word (Pieterse 1993:52).

Empiriese navorsing kan ook as praktyknavorsing bekend staan, en het ten doel om die praxis met die teorie in verband te bring. Juis omdat daar ’n verskuiwing binne die homiletiek weg van die teks na die konteks (die hoorder) plaasgevind het, en hierdie hoorder deur die Gees opgeneem word in sy handelinge, het

empiriese navorsing ’n noodsaaklike rol om te vervul. Teologie as hermeneutiese gebeure eis vir dieselfde groot erns met die praxis.

Die praktyk word hier egter nie bloot intuïtief beleef nie, maar empiries-wetenskaplik verstaan, sodat daar in hierdie hermeneutiese wisselwerking tussen teorie en praktyk nie bloot maar net met persoonlike ervaring gewerk word nie, maar met presiese gegewens vanuit die praktyk (Van Tonder 2001:5). Op hierdie wyse word empiriese navorsing dan as ’n meetbare wetenskap beoefen.

## 4.3 Empiriese navorsing metodologies begrond

Empiriese navorsing kan een van twee benaderings volg: die kwalitatiewe benadering of die kwantitatiewe benadering (Denton en Smith 2001:3). In die kwantitatiewe benadering word deur middel van breë opnames soos byvoorbeeld vraelyste op groot groepe respondente gefokus, terwyl die navorsing op ’n onpersoonlike vlak geskied en die resultate in syfers uitgedruk word.

In die kwalitatiewe benadering gaan die navorser op ’n interpersoonlike wyse met die nagevorsde om, deur gebruik te maak van byvoorbeeld in-diepte onderhoude waarby aansienlik kleiner groepe betrek word, en die resultate in omskrywende woorde uitgedruk word (Denton en Smith 2001:22).

Wester waarsku egter tereg teen die vereenvoudigde onderskeiding tussen die twee benaderings van syfers teenoor woorde, met die argument dat die kwalitatiewe benadering eerder gefokus is op die nominale aard van die gegewens, terwyl die kwantitatiewe benadering liewer met kontinue punte werk (1995:11). Kwalitatiewe navorsing is dus besig met indelingskategorieë wat variasies en afwykings aangee, alhoewel hierdie verskille nie op een kwantitatiewe kontinuüm uitgedruk kan word nie. Woorde is immers nie matematies so suiwer meetbaar soos syfers is nie, maar dit verander steeds nie aan die wetenskaplikheid daarvan nie.

Volgens Wester word hierdie misverstand verder gevoer deur wetenskaplike denke as kwantitatief uit te druk, teenoor die voorwetenskaplike denke wat dan

volgens hierdie wanopvatting kwalitatief uitgedruk word (1995:12). Sodoende word die wetenskaplike denke wat verkeerdelik as kwantitatief verstaan word, as absolute sekere kennis deur middel van matematiese wette verstaan, terwyl die kwalitatiewe nie op dieselfde wyse beoordeel kan word nie. Tog beteken die feit dat kwalitatiewe gegewens gedetailleerde en konkrete nie-metriese beskrywings van mense en gebeure bevat, nié dat dit minder meetbaar en minder betroubaar is nie (Wester 1995:12). Eerder lê die verskil vir Wester daarin dat kwalitatiewe meting konkreet maar minder gestruktureerd is in dié sin dat die ondersoeker nie gebruik maak van 'n vooraf uitgewerkte waarnemingskema nie (1995:13).

### 4.4 Metodiek van hierdie empiriese ondersoek

Vir hierdie betrokke studie word van die kwalitatiewe navorsingsmetodiek gebruik gemaak. Binne die kwalitatiewe benadering kan een van die drie meer algemene metodes aangewend word: in-diepte onderhoude, fokusgroepe of deelnemersobservasie (Denton en Smith 2001:22). In-diepte onderhoude – waarvoor dan ook hier gekies word – het die voordeel dat die ondersoeker die ondersoekte binne 'n werklike ruimte ontmoet waar laasgenoemde in eie woorde ervaringe, gedagtes en gevoelens kan weergee. Hier word ook die unieke geleentheid gebied om deur middel van opvolgvrae dieper te fokus ("probing") en sodoende meer bruikbare en deeglike informasie te bekom.

Natuurlik het in-diepte onderhoude as navorsingsinstrument ook sekere nadele, soos die moontlike beperking van die individuele ondersoekte se vermoë om te artikuleer en te reflekteer, en sodoende hom of haar behoorlik uit te druk (Denton en Smith 2001:23). Verder bestaan die vraag of 'n mens binne een onderhoudsessie genoegsaam van die nagevorsde kan leer, aangesien dit tyd neem om vertroue te bou en openlike en eerlike reaksies te verkry. Alhoewel hierdie geldige besware mag wees, is dit aan die ander kant net so waar dat mense, wanneer hulle die geleentheid gegun word om ernstig opgeneem te word, hierdie geleentheid ten beste sal aangryp.

Wat die toetsgroep betref, moet die volgende belangrike opmerkings gemaak word. Aangaande die grootte van die groep, moet die toetsgroep groot genoeg wees om variasies en genoegsame verskeidenheid te bevat (Denton en Smith 2001:24). Tog kom daar ’n versadigingspunt in die onderhoude wanneer addisionele onderhoude geen nuwe en bruikbare inligting bybring nie. Vir hierdie studie is die sewe post-moderne gesinne wat in die ondersoek gebruik is, en wat verteenwoordigend oor die spektrum van gesinsstrukture en gesinsamestellings versprei is, wetenskaplik meer as genoegsaam. Betreffende die plek van die onderhoude, verkies baie navorsers om dit aan huis van die ondersoekte te doen, omdat dit die voordeel inhou dat bykomende inligting sodoende verkry kan word. Ook vir dié opsie word in hierdie navorsingstuk gekies.

’n Laaste opmerking oor die ondersoeker is hier van belang. Aan die een kant is daar die bevooroordeeldheid van die ondersoeker; hierdie problematiek kan aangespreek word deurdat die navorser deurlopende konsekwentheid by al die onderhoude aan die dag lê. Aan die ander kant is daar die styl – hetsy informeel of formeel – waarmee die ondersoeker die gees van die onderhoud sal bepaal (Denton en Smith 2001:26). Aangesien die onderhoude vir hierdie studie op die post-moderne mens fokus en ook post-moderne kinders en tieners insluit, word ’n meer informele en ontspanne onderhoudstyl aangewend.

**4.5 Praktyk van hierdie empiriese ondersoek**

Vir hierdie ondersoek word twee gesinne gebruik wat binne die kategorie van die tradisionele post-moderne gesin val – een van hierdie gesinne bevat ook ’n nie-biologiese komponent, een gesin wat in die kategorie van ‘n opgedeelde post-moderne gesin val en een gesin wat lê binne die kategorie van ‘n enkel-ouer post-moderne gesin. Wat die drie hersaamgestelde gesinne betref, het een van hierdie gesinne slegs een kind, een van die gesinne een kind uit die huidige huwelik en een tiener uit een van die ouers se vorige huwelik, terwyl een van die gesinne twee kinders in die huidige huwelik het, met ‘n verdere twee tieners uit die een ouer se

vorige huwelik. In tabelvorm sien die respondente volgens geslag en ouderdomsgroepering as volg daar uit:

| | **Manlik:** | **Vroulik:** |
|---|---|---|
| **Volwassene:** | 7 | 7 |
| **Tiener:** | 4 | 4 |
| **Kind:** | 3 | 4 |
| **TOTAAL:** | **14** | **15** |

Onderhoudskedule: Tydens 'n eerste rondte is in-diepte onderhoude met elkeen van die respondentgesinne binne gesinsverband gevoer, waar die waarde van gesinseredienste in die algemeen nagevors is. Hierna is 'n gesinserediens op Sondag 23 Julie 2006 te NG Eldoraigne Familiekerk in Centurion gehou, wat gebruik is as toetserediens na aanleiding van die resultate van die onderhoude asook die teoretiese konseptualisering van hierdie studie. 'n Tweede rondte onderhoude is weer in die week na afloop van hierdie gesinserediens gevoer waar die respondente in besonder oor die waarde van die betrokke gesinserediens ondervra is.

Die volgende agt kategorieë is aan die hand van die teoretisering van hoofstuk drie geïdentifiseer:

- Kategorie 1: Biografiese inligting – besonderhede oor elke gesin
- Kategorie 2: Bywoning van eredienste – in die algemeen
- Kategorie 3: Bywoning van eredienste as gesin – gesamentlik
- Kategorie 4: Belangrikheid van gesinseredienste
- Kategorie 5: Behoefte aan gesinseredienste versus generatiewe eredienste
- Kategorie 6: Prediking aan gesinne binne gesinseredienste
- Kategorie 7: Samestelling van 'n gesinserediens
- Kategorie 8: Rol van die ouer in die geestelike begeleiding van kinders

Vanuit hierdie teoretiese kategorieë is die volgende twaalf vrae vir die eerste onderhoud aan die respondentgesinne ontwerp:

| |
|---|
| 1. Hoe lyk julle gesinsamestelling en gesinstruktuur? |
| 2. Hoe gereeld woon julle alleen sonder die res van julle gesin eredienste by? |
| 3. Hoe gereeld woon julle as gesin saam eredienste by? |
| 4. Hoe belangrik is dit vir julle om saam met julle gesin eredienste by te woon? |
| 5. Sou julle eerder eredienste saam met julle maats/portuurgroep wil bywoon? |
| 6. Watter erediens wat julle kan onthou het vir julle hele gesin baie beteken het? |
| 7. Watter erediens wat julle kan onthou het vir julle as gesin glad nie gewerk nie? |
| 8. Wat dink julle moet in ’n erediens vir gesinne gebeur? |
| 9. As julle ’n gesinserediens kan beplan, hoe sou dit lyk? |
| 10. Hoe dink julle moet ’n goeie preek vir gesinne wees? |
| 11. Watter voorstelle het julle vir ’n preek wat vir gesinne bedoel is? |
| 12. Wat dink julle is ouers se rol in die geestelike begeleiding van hulle kinders? |

Vanuit die agt teoretiese kategorieë is die volgende elf vrae vir die tweede onderhoud aan die respondentgesinne ontwerp:

| |
|---|
| 1. Wat het die gesinserediens vir julle beteken? |
| 2. Wat in die gesinserediens was vir julle elkeen spesiaal? |
| 3. Wat in die gesinserediens het julle nie van gehou nie? |
| 4. Wat in die gesinserediens het julle baie van gehou? |
| 5. Dink julle die gesinserediens was regtig vir almal in die gesin? |
| 6. Hoe kon die gesinserediens nog beter vir die hele gesin gewees het? |
| 7. Hoe was dit vir julle om saam met die res van die gesin in die erediens te wees? |
| 8. Sou julle liewer ’n aparte erediens saam met julle maats/portuurgroep wou hê? |
| 9. Wat dink julle wou die preek vir julle sê? |
| 10. Wat het die gesinserediens in julle gesin verander? |
| 11. Sou julle graag weer sulke eredienste in die toekoms wou bywoon? Motiveer. |

**4.6 Resultate van hierdie empiriese ondersoek**

Hieronder volg die resultate van die veertien onderhoude soos dit met die sewe respondentgesinne gevoer is. Ter wille van volledigheid word die temas soos dit in die onderhoude ter sprake gekom het, elkeen onder die spesifieke kategorieë waarbinne dit val, uiteengesit sodat duidelik gesien kan word hoe elke gesprek verloop het en hoe elke gesin rondom spesifieke sake gedink het. Verder word elke individuele gesinslid ook duidelik in die tabelle aangedui volgens ouderdom en geslag, sodat telkens waargeneem kan word hoe elkeen van die onderskeie generasies op die verskillende vrae gereageer het.

Tabel A bevat die resultate van onderhoud een wat voor die toetserediens met elke respondentgesin afsonderlik gevoer is. Tabel B bevat die resultate van die tweede onderhoud wat na afloop van die toetserediens met elke respondentgesin afsonderlik gevoer is. Beide tabelle A en B bevestig die informasie wat reeds in die teoretisering van hoofstuk drie bepaal is. Tabel C bevat die nuwe gegewens wat in beide onderhoude met elke gesin na vore gekom het, maar wat nie reeds in die teoretisering van hoofstuk drie bepaal is nie, en dus as nuwe informasie tot die studie toegevoeg word en sodoende die praktykteorie verbreed.

## Tabel A: onderhoud 1 (Algemene navrae oor gesinsdienste)

| | 1a | 1b | 1c | 1d | 1e | 2a | 2b | 2c | 3a | 3b | 3c | 4a | 4b | 4c | 5a | 5b | 5c | 5d | 5e | 5f | 5g | 5h | 6a | 6b | 7a | 7b | 7c | 7d | 7e |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kategorie 1:** Biografiese inligting – ouderdomme en geslagsamestelling | 36 m | 36 v | 12 v | 10 m | 6 v | 53 m | 46 v | 13 v | 48 m | 39 v | 6 m | 37 v | 10 m | 9 v | 44 m | 41 v | 8 v | 7 m | 19 v | 18 m | 71 m | 66 v | 36 m | 6 v | 38 m | 38 v | 16 m | 13 v | 9 m |
| **Kategorie 2:** Erediensbywoning – 80% apart van die res van gesin | x | x | x | x | x | | | | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 3:** Erediensbywoning – 80% saam met die res van die gesin | | | | | | x | x | x | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 4:** Noodsaaklikheid van gesinsdienste | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 5:** Behoefte aan gesinsdienste bó generasiedienste | | x | | x | | x | x | | x | x | x | x | | | x | x | x | | x | x | x | x | x | x | x | x | | | x |
| **Kategorie 5:** Behoefte aan beide gesinsdienste én generasiedienste | x | | x | | x | | | x | | | | | x | x | | | | x | | | | | | | | | x | x | |
| **Kategorie 5:** Gesinsdienste as ideaal wanneer dit régtig op almal fokus | x | x | | | | x | x | | x | | | x | | | x | x | | | x | | x | x | x | | x | x | | x | |
| **Kategorie 6:** Belangrikheid van prediking in gesinsdienste | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 6:** Narratiewe preke – stories | x | | | | | | x | | | | | | | | | | | | | | | | | x | x | | | | |
| **Kategorie 6:** Eenvoudige praattaal | x | x | x | | | x | | x | | | | | | | | x | | | | | x | | x | x | | x | x | x | x |
| **Kategorie 6:** Verstaanbare inhoud | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 6:** Aktuele gesinstemas en boodskap vir almal | x | x | x | | | | | | x | | | x | | x | x | x | | | | | | | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 6:** Informeel; gemaklik; vrolik | | x | | | | | | | | | | | x | | | | | | | | | | x | | x | | | | |
| **Kategorie 6:** Praktiese illustrasies en relevante voorbeelde vir toepassing | | x | | | | x | x | | x | x | | x | | | x | x | | | x | | x | | x | x | x | | | | |
| **Kategorie 6:** Gerig op almal – sensitief vir elkeen se behoeftes | x | | | | | | x | | x | x | | | | | | x | | | | | | | x | | x | | x | x | |
| **Kategorie 6:** Lerende preke – inhoud en teologiese diepte; Bybelkennis | | | | | | | x | | | | | x | | | x | x | | | | | | | x | | x | x | | | |
| **Kategorie 6:** Kort maar kragtig | | | | | | | x | | | x | | x | x | x | | | | | | | | | x | | | | | | |
| **Kategorie 7:** Pret, spel en humor | x | | | | | | | | | x | | | | | | | | | | | | | x | | x | | | | |
| **Kategorie 7:** Deelname, betrokken-heid; interaktiewe aktiwiteite | x | | x | | | | x | | x | x | x | x | | x | | x | | | | | | | | | x | | x | x | x |
| **Kategorie 7:** Oudiovisuele hulpmiddels soos skyfies of DVD's | | | x | | | x | x | | x | x | x | | | | | x | | | | | | | x | x | x | x | | x | |
| **Kategorie 7:** Oudiovisuele kunsvorme soos drama en mimiek | | | x | | | | | | | | | | x | x | | | | | | | | | x | x | x | x | | x | |
| **Kategorie 7:** Afwisseling – nie vervelig nie; spontane vloei | x | | | | | | x | x | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | x | | |
| **Kategorie 7:** Steeds liturgie en orde | | | | | | | | | | | | | | | x | x | | | | | x | | | | x | x | | | |
| **Kategorie 7:** Liedere vir almal: spiritualiteite en generasies | | | x | x | x | x | | | | | x | | x | | | | | | | | | | | x | x | x | | | |
| **Kategorie 7:** Lof- en aanbiddings-atmosfeer – stemming; belewing | | x | | | | x | | | | x | | | x | x | | | | | | | | | | | | | | x | |
| **Kategorie 7:** Opdrag – doen van iets prakties ná die erediens; huiswerk | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | x | | | | |
| **Kategorie 8:** Geestelike begeleiding van kinders is primêr ouers se rol | x | x | | | | x | x | | x | x | | x | | | x | x | | | | x | x | x | x | | x | x | | | |
| **Kategorie 8:** Kerk sekondêre rol; ondersteun en help slegs ouers | | | | | | | x | | x | x | | x | | | | x | | | | | x | x | x | | x | x | | x | |

## Tabel B: onderhoud 2 (Spesifieke navrae oor die toetserediens)

| | 1a | 1b | 1c | 1d | 1e | 2a | 2b | 2c | 3a | 3b | 3c | 4a | 4b | 4c | 5a | 5b | 5c | 5d | 5e | 5f | 5g | 5h | 6a | 6b | 7a | 7b | 7c | 7d | 7e |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K**ategorie 1:** Biografiese inligting – ouderdomme en geslagsamestelling | 36 m | 36 v | 12 v | 10 m | 6 v | 53 m | 46 v | 13 v | 48 m | 39 v | 6 m | 37 v | 10 m | 9 v | 44 m | 41 v | 8 v | 7 m | 19 v | 18 m | 71 m | 66 v | 36 m | 6 v | 38 m | 38 v | 16 m | 13 v | 9 m |
| **Kategorie 4:** Gesinsdiens was baie besonders, treffend, lekker, genotvol | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 4:** Gesinsdiens het geestelike groei in gesin bevorder | x | x | | | | | | | | x | | x | | | | x | | | x | | | | | | x | x | | | |
| **Kategorie 4:** Gesinsdiens het gesin nader gebring en saamgesnoer | x | | x | | x | | | | | x | | | x | | x | x | | | | | | | x | | | | | | |
| **Kategorie 4:** Dit was lekker om saam as gesin in erediens te wees | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 4:** Interaksie, deelname, betrokkenheid van gesin was spesiaal | | x | | | x | | | | x | x | | x | x | | x | | | | | | | x | x | | | x | | x | x |
| **Kategorie 4:** Opdrag het ’n verskil in gesin gemaak en nuwe fokus gegee | | | | | | | | | | x | | | | | x | | x | | | | x | | x | x | x | x | | x | |
| **Kategorie 4:** Om saam kollekte op te neem en by deure te staan spesiaal | | | | | x | | | | | x | | | x | x | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** Noodsaaklikheid om as gesin saam te aanbid is bevestig | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 5:** Sou liewer saam met eie generasie wou aanbid - lekker | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** Gesinsdienste kom eerste vóór generasiedienste | | | | | | x | | | | x | | | | | x | x | | | | | | | | | x | x | | x | |
| **Kategorie 6:** Boodskap van preek is goed weergegee, vasgelê en verstaan | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 7:** Almal is aangespreek – régtig iets vir almal in gesinsdiens | | x | | | | x | x | | | x | | x | | | x | x | | | | | | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 7:** Gesinsbesprekings in gesinsdiens was besonder spesiaal | | x | | | x | | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | |
| **Kategorie 7:** Drama was treffend, relevant, duidelik en geslaagd | x | x | x | | | | | | | | | | x | x | | | | | | x | | | x | x | x | | | | x |
| **Kategorie 7:** Musiekvideo was uiters treffend | | | x | | | | x | x | | | x | | x | | | | x | x | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 7:** Geloofsbelydenis en seëngroet was baie besonder | x | | | | | x | x | | | | | | | x | | | | | | | | | x | | | | | | |
| **Kategorie 7:** Vrae en speletjies rondom teks en boodskap was lekker | | | | | x | | | | | | x | | | | | | | | | | | | | | | | | | x |
| **Kategorie 7:** Liedere het werklik vir almal gewerk – kon God aanbid | | | | | | | x | | | | x | | | | | | x | | | | | | x | x | | | | | x |
| **Kategorie 7:** Oudiovisuele was treffend, sinvol en onontbeerlik | | | | | | x | x | | | | | | | | | | | | | | | | x | x | x | | | | |
| **Kategorie 7:** Humor het gewerk | | | | | | | | | | x | x | | | | | | | | | | | | | | x | | | | |
| **Kategorie 7:** Afwisseling en variasie het goed gewerk twv konsentrasie | | | | | | | | | | | | x | | | | x | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 7:** Geen kritiek – perfek | | x | x | x | x | x | x | x | x | | x | x | x | x | x | | x | x | x | | | | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 7:** Geslaagd vir gesin | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| **Kategorie 7:** Aanbieding vloeiend, professioneel, kort maar kragtig | | | | | | x | x | | | | | x | | x | x | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 7:** Liturgie treffend | | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | x | | | | x | x | | | |
| **Kategorie 7:** Gees ervaar - seën | | | | | | | | | | | | x | | | x | x | | | | | | | | | x | x | | | |
| **Kategorie 7:** Kinders aandag geboei | | x | | | | x | x | | | x | | | | | x | | | | | | | x | x | | x | | | x | |
| **Kategorie 8:** Meer gesinsdienste hê | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |

## Tabel C: nuwe gegewens vanuit onderhoude 1 en 2

| | 1a | 1b | 1c | 1d | 1e | 2a | 2b | 2c | 3a | 3b | 3c | 4a | 4b | 4c | 5a | 5b | 5c | 5d | 5e | 5f | 5g | 5h | 6a | 6b | 7a | 7b | 7c | 7d | 7e |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kategorie 1:** Biografiese inligting – ouderdomme en geslagsamestelling | 36 m | 36 v | 12 v | 10 m | 6 v | 53 m | 46 v | 13 v | 48 m | 39 v | 6 m | 37 v | 10 m | 9 v | 44 m | 41 v | 8 v | 7 m | 19 v | 18 m | 71 m | 66 v | 36 m | 6 v | 38 m | 38 v | 16 m | 13 v | 9 m |
| **Kategorie 4:** Huidige gesamentlike eredienste ignoreer kind/tiener/gesin | x | x | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | | x | | x | x | | | |
| **Kategorie 5:** Eredienste moet gesinne saambind – nie verskeur nie | | | | | | | | | x | | | | | | | x | | | | | | | | | x | x | | | |
| **Kategorie 5:** Generatiewe bediening hoort by kategese – nié erediens nie | | | | | | | | | | | | | | | x | x | | | | | x | | | | x | x | | x | |
| **Kategorie 5:** Generatiewe dienste bring afkeur in gemeente-eredienste | | | | | | | | | x | | | | | | x | | | | | | | | | | x | | | | |
| **Kategorie 5:** Hoe langer in aparte dienste, hoe groter die aanpassing | | | | | | | | | | x | | | | | x | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** Gesinne kan ná diens saam gesels en by mekaar leer | | x | | | | x | x | | | | | x | | | x | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** In gesinsdiens kan gesin sáám God se seën ervaar | | | | | | | | | | x | | x | | | | x | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** Gesinne word oral verskeur – reeds te min tyd saam | | | | | | x | x | | | | | | | | | | | | x | x | | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** Kinderdienste té oppervlakkig – geen geestelike kos | | | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | x | | | | | x | | | |
| **Kategorie 5:** Vriende kan nie die plek van die gesin neem nie | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | | x | |
| **Kategorie 5:** Generasiedienste gaan nie die jeug behou nie | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | | | |
| **Kategorie 5:** Geestelike volwassenheid en toleransie is nodig | | | | | | | | | | | | | | | x | x | | | | | | | | | x | x | | | |
| **Kategorie 6:** Moenie kinders se vermoëns en begrip onderskat nie | | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | | | x | | x | | | | |
| **Kategorie 6:** Prediker se persoon, styl en gees maak 'n groot verskil | | | | | | x | | x | | | | x | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Kategorie 6:** Groot woorde waarborg nié geestelike diepte nie | | | | | | x | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | | x | | | |
| **Kategorie 7:** Gesinne bid en praat saam in die gesinserediens | | x | | | | | | | | | | x | | | | | | | | | | | x | | | | | | x |
| **Kategorie 8:** Ouers word geïsoleer van kinders se geestelike groei | | | | | | x | x | | x | | | | | | | x | | | | | | | | | | x | | | |
| **Kategorie 8:** Kerk neem ouers se verantwoordelikheid uit hulle hande | | | | | | | | | | | | | | | x | | | | | | | | | | | x | | | |
| **Kategorie 8:** Ouers moet rolmodelle en voorbeelde wees in erediens | | | | | | | | | | | | x | | | | | | | | x | | | x | | x | x | | | |
| **Kategorie 8:** Kerk moet ouers bemagtig en groter mandaat gee | | | | | | | | | | | | x | x | | | | | | | | | | x | | | x | | | |
| **Kategorie 8:** Opvolg van opdrag 1 week later dmv terugvoer/getuienisse | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | x | | | |

## 4.7 Analise van hierdie empiriese ondersoek

### 4.7.1 Tabel A

Vanuit kategorie 2 en 3 blyk dit duidelik dat die respondentgesinne huidig grotendeels generatiewe eredienste bywoon. Die rede hiervoor is dat die gemeente waar hierdie gesinne lidmate is, gekies het vir 'n generatiewe bediening waar gesinne opgedeel word ter wille van gespesialiseerdheid. Bykans al hierdie gesinne woon slegs 20% van die tyd eredienste gesamentlik as gesin by. Slegs respondentgesin 2 is hier die uitsondering weens 'n doelbewuste besluit wat hulle geneem het om saam eredienste by te woon – die rede wat hiervoor aangevoer word is dat beide ouers voltyds werk, lang ure op die pad spandeer, en hulle kind daagliks by die naskool moet vertoef, wat impliseer dat hulle min tyd saam as gesin kan hê.

Al die gesinne het in kategorie 4 en 5 oorwegend aangedui dat dit vir hulle problematies is om so min saam as gesin in eredienste te kan kom. Verder het al die respondente hulle duidelike behoefte uitgespreek aan gesamentlike eredienste waar die hele gesin betrokke kan wees. Meeste respondente het ook aangedui dat hulle gesinseredienste bó generatiewe eredienste verkies. Waar respondente wél vir generatiewe eredienste gekies het, was dit gewoonlik van die jonger kinders wat geensins welkom en tuis in die huidige gesamentlike eredienste voel nie, aangesien hulle nie tans daar geakkommodeer word nie.

Respondente wat vir beide generatiewe- en gesinseredienste gekies het, se motivering was deur die bank dat die huidige gesamentlike eredienste kinders en selfs tieners uitsluit, en daarom die behoefte aan generatiewe eredienste laat. 'n Beduidende groep van hierdie respondente het egter erken dat gesinseredienste steeds die ideaal sou wees indien dit werklik daarin kon slaag om almal binne die gesin sinvol te akkommodeer.

Alle respondente was by kategorie 6 oortuig van die belangrikheid van prediking in die gesinserediens, en almal het ook die behoefte uitgespreek aan preke wat werklik vir elke gesinslid verstaanbaar is. Narratiewe prediking is deur verskeie

respondente uitgewys as ‘n goeie model van prediking, terwyl eenvoudige alledaagse praattaal deur ’n groot groep respondente as voorvereiste vir ’n gesinspreek gestel is.

Aktuele temas wat op gesinne in geheel fokus en vir elkeen ’n boodskap het, was by baie respondente ’n noodsaaklikheid. Verskeie respondente wys op die belangrikheid van ‘n informele en gemaklike atmosfeer in ’n gesinsdiens. Praktiese visuele voorbeelde en illustrasies het telkens in die onderhoude by vele respondente as behoefte uitgekom, terwyl ’n beduidende groep daarop gewys het dat die gesinserediens sensitief vir almal in die gehoor moet wees en op almal gerig moet word.

Lerende preke met genoegsame Bybelinhoud en teologiese diepte was vir bykans die helfte van die groep ouers steeds ’n hoë prioriteit. Talle respondente het opgemerk dat kort maar effektiewe preke ter wille van kinders se konsentrasie onontbeerlik is.

’n Paar respondente het by kategorie 7 op die rol van humor, pret en kreatiewe spel in die oordrag van die boodskap gewys, terwyl ’n groot groep respondente die behoefte aan betrokkenheid en deelname deur middel van interaktiewe aktiwiteite uitgespreek het. Oudiovisuele hulpmiddels en kunsvorme is deur talle respondente uitgewys as ’n noodsaaklike element vir die oordrag en versterking van die boodskap. Alhoewel ’n hele paar respondente ernstig gevoel het oor orde en liturgie binne die gesinserediens, is die behoefte aan afwisseling en spontaniteit tog ook deur van die respondente as vereiste genoem.

’n Groot groep respondente het die waarde van musiek en sang in die gesinserediens beklemtoon, en veral verwys na die noodsaaklikheid om liedere vir elke generasie van die gesin in die repertorium van die gesinserediens in te bou. Verskeie respondente het die duidelike behoefte uitgespreek om ’n bepaalde stemming en atmosfeer van lofprysing en aanbidding in die gesinserediens te beleef – in ander woorde iets meer as net die saamsing van liedere ter wille van die vul van die program. Van die respondente het gewys op die rol wat ’n opdrag aan

die gesin wat ná die gesinserediens uitgevoer kan word, kan speel om sowel die boodskap as gesinsbande te versterk.

In kategorie 8 het ál die ouers sonder enige uitsondering hulle baie sterk uitgespreek oor hulle rol as primêre geestelike begeleiers van hulle kinders. Verskeie het ook gevoel dat hulle nie hierdie rol in generatiewe eredienste behoorlik kan vervul nie. Almal het die rol van die kerk as sekondêr en ondersteunend tot ouers se rol gesien.

### 4.7.2 Tabel B

Al die respondente het onder kategorie 4 terugvoer gegee dat die proeferediens van 23 Julie 2006 iets besonders, treffend, geseënd en genotvol was. Een van die middeljarige respondente meld dat hierdie een van die beste eredienste was wat die persoon nog ooit bygewoon het. Verskeie respondente het opgemerk dat die gesinserediens geestelike groei in hulle gesin tot gevolg gehad het. Van die respondente beskryf hulle ervaring dat hierdie gesinserediens hulle as gesin nader aan mekaar gebring het en as eenheid saamgesnoer het.

Voor die voet het al die respondente daarvan getuig dat dit vir hulle ’n besondere ervaring was om as gesin saam in die erediens te wees. Vir talle van die respondente was die interaksie met mekaar asook die betrokkenheid van die gesin by die eredienselemente baie spesiaal. Verskeie respondente het die opdrag aan die einde van die gesinserediens as ’n hoogtepunt beleef aangesien dit die gesin met ’n nuwe fokus uitgestuur het. Vele respondente het die opneem van die kollekte en die verwelkoming by die deure as iets besonder ervaar.

Onder kategorie 5 het al die respondente erken dat die waarde van die totale gesin wat in ’n erediens saam aanbid onmeetbaar is. Slegs een respondent het die gevoel uitgespreek dat om saam met sy maatjies in ’n erediens te wees dalk nog steeds lekkerder sou wees. Verskeie respondente het onomwonde bevestig dat gesinseredienste groter waarde as generatiewe eredienste het.

Wat kategorie 6 betref, kon bykans elke respondent die boodskap van die preek een tot twee weke ná die gesinserediens bevredigend weergee. Dit was vir talle respondente ‘n bewys dat die preek eenvoudig en op elkeen se vlak aangebied is. Verskeie ouers het met vreugde opgemerk dat hulle kleiner kinders die preek verstaan het, dit in die week aan ander in eie woorde kon weergee en selfs eie toepassings daarvan kon maak. Slegs een respondent van ses jaar kon ’n week later nie meer die boodskap van die preek weergee nie.

In kategorie 7 was die meeste respondente dit eens dat die gesinserediens werklik geslaagd was as erediens vir gesinne, en dat elkeen van die gesin op ’n verskeidenheid van wyses daardeur aangespreek is. Alhoewel nie elke respondent se persoonlike reaksie hierrondom in Tabel B vervat word nie, was daar geen respondent wat van mening was dat die erediens nié as gesinsdiens geslaagd was nie.

’n Paar respondente het opgemerk dat die gesinsbesprekings vir hulle baie spesiaal was. ’n Groot deel van die toetsgroep het die drama as suksesvol en treffend beskryf, en alhoewel nie elke respondent hieroor ’n bydrae gelewer het nie, was daar geeneen wat dit negatief of steurend beleef het nie. Ook die musiekvideo was vir die meeste respondente treffend – veral vir die tieners – alhoewel twee van die ouer respondente gemeen het dat dit effens te hard en te besig was terwyl een ander ouer respondent gesukkel het om die woorde van die lied duidelik te hoor.

Vir verskeie respondente was die varsheid van die liturgie iets besonder en ’n paar het aangedui dat veral die seëngroet en geloofsbelydenis hulle sterk aangespreek het. Die jonger respondente het baie gehou van die speletjies wat by die teks en die vaslegging van die preek ingebou was, en het ook die vrae geniet omdat die antwoorde daarop nie te moeilik vir hulle was nie.

Verskeie respondente het ervaar dat die liedere almal in die gesin aangespreek het en dat dit noukeurig gekies is om juis elkeen se behoefte te bevredig. ’n Hele paar respondente het veral die sang geseënd beleef omdat daar ruimte vir beide lof en aanbidding was. ’n Paar respondente was getref deur die oudiovisuele hulpmiddels

wat gebruik is, en het spesifiek opgemerk dat dit ’n groot verskil vir hulle sowel as hulle kinders gemaak het. Vir sommige respondente het die keurige humor ’n groot bydrae gelewer tot die informele en ontspanne atmosfeer in die gesinserediens. Twee respondente het opgemerk dat die afwisseling en variasie goed gewerk het om hulle kinders se aandag te behou en die konsentrasiespan sodoende te verleng.

Betreffende negatiewe ervaringe en opmerkings het slegs ’n paar respondente iets gehad wat gepla het: een respondent het gemeen dat die goeie gebruikmaking van beligting die sintuiglike ervaring nog verder sou kon verhoog; een respondent het gevoel dat sommige van die liedere wat gekies is dalk nog te onbekend vir die gemeente was; twee jong respondente se inset was dat daar dalk te min voorbeelde uit die fliekwêreld was wat spesifiek meisies sou kon aanspreek; een middeljarige respondent het die tromme van die musiekbegeleidingsgroep ietwat te hard beleef; een bejaarde respondent het gevoel dat die ritme en tempo van die erediens effens te vinnig en oorweldigend was om by te hou.

Voor die voet het al die respondente die opinie gehuldig dat die toetserediens werklik vir die gesin geslaagd was – ook die meeste ouers kon uit die reaksie, opgewondenheid en deelname van hulle kinders agterkom dat dit vir hulle gewerk het. ’n Paar respondente het opgemerk dat hulle kon sien dat die voorbereiding vir die gesinserediens deeglik gedoen is, en het die hele verloop en program as vloeiend en professioneel ervaar. Drie respondente het spesifiek melding gemaak van die feit dat die preek kort maar steeds kragtig met groot impak was.

Vir verskeie respondente was die aanwesigheid van ’n bepaalde orde en liturgie uiters positief, terwyl ander weer opgemerk het hoe die liturgie hulle aangespreek het. Van die respondente het getuig van die Gees se teenwoordigheid en groot seën wat hulle in die erediens beleef het. Talle van die ouers onder die respondente het opgewonde getuig van hulle kinders wat heeltyd in die erediens deur die gebeure geboei was.

Elke respondent het aan die einde by kategorie 8 van die onderhoud die behoefte uitgespreek om meer sulke eredienste te hê – meer as een respondent wou dit selfs graag op ’n weeklikse basis beleef.

### 4.7.3 Tabel C

Verskeie respondente het onder kategorie 4 aangedui dat die huidige gesamentlike eredienste (in ander woorde tradisionele eredienste waar gesinne wel saam is maar die fokus nie by die totale gesin of die jonger generasies lê nie) in wese die kind en tiener ignoreer, en daarom nie vir gesinne geskik is nie. Vandaar word hulle tans verplig om hulle kinders en tieners na generatiewe eredienste te stuur alhoewel dit nie vir hulle die ideaal is nie. Selfs die respondente wat die waarde van die generatiewe eredienste raaksien, het aangedui dat die ideaal steeds eredienste sou wees waar die hele gesin sinvol geakkommodeer kan word.

Van die respondente het hulleself in kategorie 5 sterk uitgespreek oor die feit dat die huidige generatiewe bedieningsklem in die gemeente gesinne verskeur in plaas van saambind. ’n Hele paar respondente merk op dat generatiewe bediening wel ’n plek het, maar dat daardie plek nié die erediens is nie. Generatiewe bediening hoort volgens hierdie respondente eerder by die kategese en aksies van die gemeente, terwyl die erediens daardie ruimte moet wees waar gesinne saamkom om God as geheel te aanbid.

Sommige van die respondente het gevoel dat generatiewe eredienste ’n afkeur by hulle kinders en tieners teen die gemeente-eredienste bring, aangesien laasgenoemde vir hulle vreemd word en hulle bykans nooit daaraan blootgestel word nie. Twee respondente het selfs gemeen dat hoe langer hulle kinders generatiewe eredienste bywoon, hoe groter hulle aanpassing later van tyd in gemeente-eredienste sal wees. ’n Beduidende groep respondente het opgemerk dat gesamentlike eredienste die besondere geleentheid skep om na afloop van die erediens as gesin daaroor te kan gesels, terwyl dit geensins moontlik is as gesinne

gefragmenteerd eredienste bywoon, en ouers geen idee het wat kinders in hulle eredienste geleer en ervaar het nie.

Drie respondente het die stelling gemaak dat daar ’n besondere seën ervaar word wanneer hulle eredienste bywoon, en dat hulle graag hierdie seën as gesin wil beleef en vir die totale gesin wil toeëien. Verskeie respondente het opgemerk dat gesinne reeds vandag so min tyd en geleentheid het om saam te verkeer, en dat eredienste nie hierdie verskeurdheid nog verder moet aanmoedig nie.

Van die respondente het dit onomwonde gestel dat hulle die waarde van generatiewe eredienste betwyfel omrede hulle van mening is dat dit geen werklike diepte en geestelike kos bevat nie maar oppervlakkig met die Woord en die leringe van die kerk omgaan. Twee respondente het die punt gemaak dat vriende nooit die plek van die gesin kan of mag inneem nie, en dat die kerk dit ook nie moet toelaat of verdra nie.

Een respondent het die twyfel uitgespreek of die huidige generatiewe model van erediensbediening werklik daarin gaan slaag om die jeug vir die kerk te behou. Verskeie respondente het die stelling gemaak dat geestelike volwassenheid en verdraagsaamheid by alle generasies aangemoedig en gekweek moet word, sodat daar ruimte kan wees vir mekaar en gesinne saam seën in eredienste kan beleef. Generatiewe eredienste kweek nie hierdie verdraagsaamheid nie, maar moedig eerder volgens van die respondente ’n gesindheid van onverdraagsaamheid aan.

Betreffende kategorie 6 het drie respondente gemeld dat ons nie die vermoëns en begrip van kleiner kinders moet onderskat nie, en dat daar talle elemente van die erediens is wat hulle reeds van kleins af kan verstaan en sinvol aan kan deelneem. Verskeie respondente was van mening dat die persoon, styl, persoonlike oortuiging en geestelike verhouding van die prediker met God ’n groot verskil aan die erediens en die preek maak, en veral dat dit tot ware seën lei wanneer hulle ervaar dat die prediker of liturg self ook oortuig is van wat hy of sy doen en dit opreg en eerlik oordra.

’n Paar respondente het die opmerking gemaak dat predikers nie groot woorde met geestelik diep prediking moet verwar nie, maar dat diep teologiese konsepte en Bybelse waarhede beter deur eenvoudige taal en beelde oorgedra kan word. Verskeie respondente het die behoefte uitgespreek om binne die gesinserediens geleentheid te kry om self ook as gesin saam te bid, saam te gesels en mekaar te bedien of te bemoedig. Een respondent het ondermeer gewys op die nut daarvan om by geleentheid in die gesinserediens ouers kans te gee om ’n moeilike teologiese konsep op hulle eie manier aan hulle eie kinders oor te dra, en sodoende uit hulle verhouding en kennis van hul kinders te put tot voordeel van die suksesvolle oordrag van geloofswaarhede.

Talle respondente het opgemerk dat hulle geïsoleer voel van hulle kinders se geestelike groei wanneer die kinders apart bedien word en ouers nie daarby betrokke is nie. Vir baie van hierdie respondente het dit ingedruis teen hulle doopbelofte en sommige het gevoel dat die kerk hulle as geestelike begeleiers van hulle kinders wantrou en hulle verantwoordelikheid sodoende uit hulle hande neem.

Een respondent was selfs van mening dat ouers wat nié hulle geestelike verantwoordelikheid teenoor hulle kinders nakom nie, nou die kerklike bediening dikteer en uiteindelik veroorsaak dat God se standaard by hulle ongehoorsaamheid aangepas moet word, pleks daarvan dat hulle tot gehoorsaamheid opgeroep word. Heelparty van die respondente het hulleself gesien as geestelike rolmodelle vir hulle kinders wat ook deur eie voorbeeld binne die erediens moet voorgaan sodat hulle kinders by hulle kan sien en leer.

Vier respondente het gevra dat die kerk hulle as ouers meer moet bemagtig en ’n groter mandaat moet gee om self hulle kinders geestelik te begelei, en een respondent het selfs opgemerk dat wanneer ouers in eredienste toegelaat sou word om self vir hulle kinders te kan voorgaan, hulle hande versterk word en die kerk hulle as primêre geestelike leiers in hulle kinders se lewens sal bevestig en ondersteun.

## 4.8 Samevatting

Uit hierdie empiriese navorsing blyk dit duidelik dat die hedendaagse gesin binne die huidige beklemtoning op die generatiewe benadering tot die bediening binne die kerk en veral eredienste, ernstig benadeel word. Vanweë die nadruk wat tans op hierdie gefragmenteerde filosofie van bediening geplaas word, het die intense behoefte by alle generasies binne die gesin ontstaan om God gesamentlik binne eredienste te aanbid, en saam as gesin bedien te word en geestelik te groei.

Wanneer na die resultate van die navorsing gekyk word, moet minstens gesê word dat die respondentgesinne ’n dringende pleidooi lewer vir ’n balans tussen generatiewe en intergeneratiewe bediening. Die praktykteorie soos dit in hoofstuk drie van hierdie studie uiteengesit is, bevestig hierdie dilemma en pleidooi.

Onomwonde word die noodsaaklikheid van intergeneratiewe eredienste en bediening in die algemeen deur hierdie empiriese navorsing ondersteun. Dit beteken dat die kerk nie hierdie noodkreet van die post-moderne gesin kan ignoreer nie, en dat indringende aandag hieraan gegee sal moet word.

# HOOFSTUK VYF

## RIGLYNE VIR DIE SAMESTELLING EN AANBIEDING VAN ’N GESINSEREDIENS VIR DIE HEDENDAAGSE GESIN

### 5.1 Inleiding

Vanuit die resultate van die empiriese navorsing wat in hoofstuk vier na vore gekom het, sowel as die teoretisering van hoofstuk drie, word daar nou vervolgens na riglyne asook praktiese voorstelle vir die samestelling en aanbieding van ’n gesinserediens vir hedendaagse gesinne gekyk.

### 5.2 Toetserediens as praktiese voorbeeld van ‘n gesinserediens

Die gesinserediens soos gehou op Sondag 23 Julie 2006 te NG Eldoraigne Familiekerk word in hierdie studie as toetserediens en voorbeeld van ’n gesinserediens gebruik. In hierdie toetserediens kom die meeste van die riglyne en voorstelle wat uiteindelik in hierdie studie neergelê word, ter sprake.

### 5.2.1 Beplanningskedule vir die toetserediens

| Teikendatum: | Taak: | Verantwoordelike: |
|---|---|---|
| *Ses weke voor die erediens:*<br>(i) Teks en tema: | Stel reeds ses weke voor die tyd die teks en tema vas deur informeel met gesinne in gesprek te tree oor hulle huidige behoeftes en uitdagings. | Leraar |
| *Een maand voor die erediens:*<br>(i) Bemarking: | Begin met die bemarking van hierdie spesiale gesinserediens en lê veral klem op die feit dat dit vir gesinne in totaliteit bedoel is en selfs tieners en kleuters nie uitgesluit sal word nie, alhoewel dit ook nie volwassenes sal afskrik of irriteer nie. Maak seker dat die bemarking by die kleuterdiens, | Leraar, Bemarkingsbediening en kerkkantoor |

| | | |
|---|---|---|
| | kinderdiens, tienerdiens en volwasse dienste binne elkeen se milieu geskied. Maak naas die afkondigingsblaadjie ook gebruik van visuele bemarking soos skyfies en plakkate wat reeds twee weke voor die gesinserediens op sal wees. | |
| (ii) Drama: | Reël met die Teaterbediening om bymekaar te kom en 'n drama te skryf en in te oefen wat die tema en die boodskap van die gesinserediens sal ondersteun en uitdra. | Leraar en Teaterbediening |
| *Twee weke voor die erediens:*<br>(i) Verwelkoming: | Reël met vier gesinne om reeds 15 minute voor die aanvang van die gesinserediens by die verskeie ingange van die kerkgebou stelling in te neem en die erediensgangers vriendelik te groet en welkom te heet. Hulle kan hier selfs ook die afkondigingsblaadjies aan die mense oorhandig. | Leraar en eredienswerkers |
| (ii) Kollekte: | Reël vooraf met drie gesinne om met die opneem van die offergawes behulpsaam te wees, en reël met die eredienswerker aan diens om hulle vooraf in die vierkant te ontmoet sodat die bordjies en spesifieke take aan hulle uitgedeel kan word. | Leraar en eredienswerkers |
| *Een week voor die erediens:*<br>(i) Liedere: | Reël met die musiekspan vir die keuse en inoefening van die lof- en aanbiddingsliedere. Maak seker dat daar liedere uit elke genre vir elke generasie en spiritualiteit in die repertorium is. | Leraar en musiekkoördineerder |
| (ii) Musiek: | Reël met die klankpersoon aan diens vir die speel van die CD asook vir gepaste musiek vir verskillende generasies vooraf en na afloop van die erediens. | Leraar en klankpersoon |

### 5.2.2 Liturgie van die toetserediens

**Votum**

"Hierdie is 'n erediens wat vir die Here gehou word. Dit is baie spesiaal omdat ons weet God is self ook hier by ons. In hierdie erediens is Hy die héél belangrikste. Amen."

**Seëngroet**

"God gee sy drie grootste geskenke vir jou: genade, vrede en liefde. Dit is die belangrikste persente wat jy van Hom kan kry. Elkeen eindig op die letters 'd-e,' asof God wil sê: 'Dê, dis vir jou, vat dit – net soveel as wat jy kan, net soveel as wat jy nodig het.'"

**Lofprysing en aanbidding**

"Nou kry ons ook 'n kans om die grootste geskenk wat ons het, vir die Here te gee. Ons het nie iets waarmee ons kan betaal vir God se geskenke nie, want alles wat ons het kom van Hom af. Die enigste geskenk wat ons vir God kan gee, is ons lof! As ons Hom loof, gee ons eintlik onsself vir Hom. En dit is ook wat Hy die graagste wil hê – vir óns. Kom ons doen dit daarom so goed as wat ons kan!"

1. *Staande (lof):* 'Sing 'n nuwe lied;" "In sy Naam"
2. *Kinders vorentoe (bewegingsliedere):* "My God is so groot;" "Daar's vissies in die water"
3. *Sittende (aanbidding):* "Here, God almagtig;" "Koos se gebed"

**Wet**

"Eendag het iemand vir Jesus gevra: 'Wat wil God die heel graagste hê moet ons doen?' Jesus het toe gesê dat daar twee dinge is wat vir God die heel belangrikste is:

1. Jy moet vir God die heel liefste van alles en almal wees! Niemand mag so belangrik vir jou wees as God nie. Hy moet altyd heel eerste in jou lewe wees – voor enigiets of enigiemand anders.

2. Jy moet vir ander mense nét so lief wees soos wat jy vir jouself is! Hulle moet net so belangrik wees as jy. Nié soos Garfield, die strokieskat nie – hy is vir homself altyd eerste en die heel belangrikste van almal."

**Verootmoediging**

"Vat bietjie tyd en gesels op jou eie met die Here oor hierdie twee belangrike dinge wat God van jou wil hê. Dink daaroor of dit regtig vir jou ook so belangrik is as vir God, en praat baie saggies daaroor met Hom."

**Gebed van vergifnis en vryspraak**

"Here, ons is so jammer dat ons nie altyd vir U eerste maak in ons lewens nie. Ons is ook jammer dat ons baie keer dink ons is belangriker en beter as ander mense. Vergewe ons asseblief daarvoor. Dankie dat ons weet as ons regtig jammer is en dit eerlik bedoel, u ons dadelik daarvoor sal vergewe. Amen."

**Geloofsbelydenis**

"Nou kan ons weer voor die Here staan sonder om sleg te voel, en ons kan vir mekaar vertel hoe wonderlik God is! Ons kan oor Hom spog, en vertel hoe lief Hy ons het – só lief dat Hy sy énigste Seun vir ons gegee het, om al ons lelike dinge op Hom te vat, sodat ons nie meer bang hoef te wees om hel toe te gaan nie, maar kan uitsien om vir altyd saam met die Here te gaan bly! Dit is wat ons nou gaan sê! (Hardop staande): 'Ons glo God het die wêreld so liefgehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.'"

**(Preek)**

**Kollekte**

**(**Gesinne neem saam dankoffers op)

**Slotlied**

"Here, Jesus, U skyn oor almal."

**Seënbede**

"Jesus se genade, die Vader se liefde en die Heilige Gees sélf sal by jou en jou gesin wees, sodat julle Jesus se getuies kan wees oral waar julle gaan. Amen."

**Uitstap**

(Voordat die gemeente uitstap, moet hulle daaraan herinner word dat hulle nou die sendingveld betree – wys hulle op die borde wat aan die binnekant bo elke deur van die kerkgebou opgesit is, met die woorde: "↓ Sendingveld begin hier ↓").

### 5.2.3 Preek van die toetserediens

**Tema van die preek**

***"Die sendingveld begin hiér:"***

**Inleiding van die preek**

"Wat is ons gemeente se slagspreuk? (Laat iemand antwoord). Natuurlik, baie goed! FMM: 'Familie met 'n Missie.' Wie het almal geweet sonder om eers na die embleem te kyk? Steek bietjie julle hande op! Toemaar, ná vandag sal julle dit almal ken!

Ons is almal Christene met 'n missie! Dis wat ons slagspreuk sê. In die flieks het almal mos altyd 'n 'mission:' '007;' 'Spy Kids;' 'Spiderman;' 'Batman;' 'Superman;' 'Mr Incredible;' 'Power Puff girls;' party het selfs 'n 'Mission Impossible!' Het julle geweet Christene het óók 'n 'mission?' Luister en kyk of julle in hierdie musiekvideo kan agterkom wat dit is:"

*Mission 3:16! (Carman musiekvideo*)

"Ons is op 'n missie: Missie 3:16 – wat beteken dit? Waar kom hierdie 3:16 vandaan? (Laat iemand antwoord). Ja, Joh 3:16 – wat staan daar? (Laat iemand antwoord). Dít is wat mense moet hoor! Dis ons 'code' – ons kodewoord vir ons 'mission.' Dit is nie omdat dit 'n geheim is nie, maar om vir ons presies te sê wat ons moet gaan doen. Gewoonlik kry 'n spioen of agent mos sy missie van 'n baas af – 'This message will self destruct in 10 seconds.' Hierdie missie wat ons het, het Jesus sélf vir ons gegee! Hy's ons Baas wat ons op 'n sending stuur! Here beteken mos eintlik Baas! Dis waarom ons van sendingwerk in die kerk praat – want ons is op 'n sending – ons is gestuur! Kom ons lees wat ons Baas Jesus se

sending vir ons is. Dis nie 'top secret' nie, want dit staan in die Bybel, en dis bedoel vir élke kind van God:"

**Teks**

(Lees Hand 1:8. Gebruik die visuele speletjie in Powerpoint om die teks aan te leer en almal se aandag deur middel van 'n eenvoudige uitdaging aan te spreek).

**Boodskap van die preek**

"Hier gee Jesus ons 'mission' vir ons: 'Wees my getuies oral waar julle gaan.' Jesus se sending het 3 belangrike dinge wat ons moet onthou (net soos wanneer 'n 'spy' 'n 'mission' kry):

(i) *Wat?* – jy moet weet presies wat om te doen: Getuig van My – met ander woorde, vertel mense van Joh 3:16: 'God het jou so lief dat Hy sy enigste Seun vir jou gestuur het, sodat as jy in Hom glo en sy kind is, jy nie hel toe sal gaan nie maar vir altyd by Jesus kan bly.'

(ii) *Waar?* – jy moet presies weet waar om jou 'mission' te doen: Doen dit op al die plekke waar jy is en waar jy elke dag kom – skool, werk, straat, maats, familie, kollegas, huiswerker en tuinwerker, buitemuurs, in die 'gym,' in die Pick 'n Pay, op die N1, op die sportveld, in die DVD-winkel, in die fliek, op die internet, as jy 'lan' saam met jou pêlle. Kom ons kyk nou na 'n dramatjie wat dit mooi vir ons sal wys:"

*(DRAMA!!)*

"Die sendingveld is nié net daar ver nie – dis sommer hier by ons ook! Dit is hier by ons én dit is daar ver van ons. Hier is gewoonlik twee groot misverstande oor hierdie vers: aan die een kant kan ons dink dat die vers sê ons moet net hier bý ons sendingwerk doen – nou die dag weer het ek iemand gehoor wat nie kan verstaan waarom ons Mosambiek toe gaan vir 'n uitreik terwyl hier by ons soveel werk is nie. Party mense voel ons moet eers hier klaar maak, en dan verder gaan – nee! Aan die ander kant kan ons dink dat sendingwerk nét daar ver is en nie hier by ons ook nie. Mense kan dalk sê dat almal hier mos al van Jesus gehoor het, en dat ons liewer na mense toe moet gaan wat nog glad nie gehoor het nie – nee! Ons

sending is oral tegelyk! Jesus sê nie, eers in Jerusalem, en dan as julle daar klaar is in Judea en dan Samaria en dan eers verder nie – daar staan: 'Sowel as..!' Nie 'hier òf daar' nie, maar 'hier én daar.'

(iii) *Saam met wie?* – jy moet weet wie jou met jou 'mission' gaan help – jou kontak wat jou gaan ondersteun en beskerm. Jy doen dit nie alleen nie – die Heilige Gees is by jou; Hy is saam met jou op hierdie 'mission!' So, ons 'mission' is 'possible!' Die Heilige Gees maak dit moontlik – Hý waarborg die sukses van ons sending."

**Toepassing van die preek**

*"Stemtyd:* kom ons speel 'n stemspeletjie, om te kyk of ons die boodskap van die preek verstaan: Stem of die volgende plekke sendingveld is of nie. Steek elke keer jou hand op as jy 'ja' stem, en hou net elke keer jou hand af as jy 'nee' stem:

| **Voorbeeld:** | **Merk?** | **Voorbeeld:** | **Merk?** |
|---|---|---|---|
| Vreemde ver plekke | | Die skool | |
| Jou universiteit/kollege | | Plakkerskampe | |
| Donker woude vol inboorlinge | | Die gemeente | |
| Die middestad | | Derdewêreld-lande | |
| Vuil armoedige plekke | | Die N1 | |
| Jou werksplek | | Jou woonbuurt | |
| Plekke sonder krag en water | | Die plaaslike "Mall" | |

*Geselstyd:* ons bly nie vandag in Jerusalem nie. Destyds was Jerusalem die stad waarin hierdie eerste dissipels van Jesus gebly het, Judea was die land waar hulle gebly het, Samaria was een van die lande langs hulle eie land (buurlande), en die uithoeke was so ver as wat daar destyds mense en lande was. Waar sou Jerusalem, Judea, Samaria en die uithoeke van die wêreld vir ons vandag wees? Praat met mekaar in gesinne/groepies daaroor:"

| | |
|---|---|
| Jerusalem: | |
| Judea: | |
| Samaria: | |
| Uithoeke van die wêreld: | |

"Omdat ons op 'n 'mission' is, is ons almal eintlik 'missionaries' – ons het 'n sending en dit maak ons sendelinge! Het jy al ooit só oor jouself gedink? Elke gesin wat in Jesus glo is 'n sendinggesin! Het julle dít geweet?

Het jy ook geweet dis glad nie so moeilik om 'n sendeling te wees nie? Luister na die volgende stories en jy sal sien hoe gesinne getuies vir Jesus kan wees:

- Gesin verlede jaar tydens Kersfees: koekies in ons omgewing uitgedeel en kersliedjies van deur tot deur gesing
- Gesin besluit om Sondae-middae na ander in hulle omgewing uit te reik: gooi 'n sjokolade met 'n briefie van hoop in elke posbus in hulle straat
- Ons eie gesin verlede kersfees: 'n boks sjokolade aan al ons direkte bure as geskenk gegee. Ons een buurgesin is nou so oop en vriendelik teenoor ons!"






**Slot van die preek**



*"Geselstyd:* gesels saam as gesin/groepie: hoe kan júlle sendingwerk doen? Wat kan julle saam doen om julle 'Misssion 3:16' te gaan doen?" (Speel weer 'Mission 3:16' sag in agtergrond terwyl gesinne/groepies gesels)

*Bidtyd:* laat een persoon in elke gesin/groepie bid vir daardie planne wat hulle gemaak het.

*Slotgebed:* liturg sluit af en bid vir almal se sendingwerk.

## 5.2.4 Oudiovisuele aanbieding van die toetserediens

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
|  |  |   |   |  |
| Wet: God liefhê | Wet: naaste liefhê | Geloofsbelydenis | Slagspreuk | 007 - missie |
|   |  |  |  |   |
| Spy kids - missie | Spiderman - missie | Batman - missie | Superman - missie | Mr Incredible - missie |
|  |  |  |  |  |
| Power Puff Girls | Mission impossible | Musiekvideo | | |
|  |  |  |  |  |
| | | | | |
|  |  |  |  |  |
| | | | | |

<table>
<tr><td></td><td></td><td></td><td>
</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td></td><td>
</td><td></td><td>
</td><td>
</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td>Wat is ons missie?</td><td>Jesus het dit gegee</td></tr>
<tr><td>
</td><td>
</td><td>
</td><td>
</td><td>
</td></tr>
<tr><td>Teksspeletjie</td><td>Inhoud van preek</td><td>Stemtyd</td><td>Geselstyd</td><td>Kollekte</td></tr>
<tr><td>
</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Uitstap</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
</table>

### 5.2.5 Drama van die toetsërediens

**Tema: "God soek jou!"**

Akteurlys:

- Werwer
- Pa
- Seun
- Dogter
- Ou man
- Ou dame
- Tuisteskepper
- Tuisteskepper se baba
- Tuisteskepper se buurvrou
- Sakeman

(Die werwer staan by 'n buitestalletjie in 'n winkelsentrum en wag vir mense om verby te stap. Oral is plakkate op met die woorde: "God soek jou!" 'n Pa en seun stap verby)

*Werwer:* "Goeie môre, menere!" (Geen reaksie van pa en seun – kyk slegs sydelings na werwer, maak geïrriteerde gebare en stap vinnig verder. Werwer probeer weer vriendelik groet)

*Werwer:* "Goeie môre, menere!"

(Die dogter kom ingestap, kyk nuuskierig na die werwer maar drafstap dan vinnig in die rigting van haar pa en broer, voordat die werwer nog met haar kan praat. 'n Ou man met 'n kierie en sy vrou kom stadig aangestap)

*Werwer:* "Goeie môre, meneer en mevrou! Mag ek 'n oomblik met julle gesels?"

*Ou man:* "Man, kan jy nie sien ons is haastig nie – wat is dit?"

*Werwer:* "Ons is besig om mense te werf om sendingwerk hier in ons eie omgewing te doen."

*Ou dame:* “Sendingwerk hiér?! Is dit nie vir ander lande bedoel nie? Ons is in elk geval te oud vir so iets – gaan vra die jongmense!”

*Werwer:* “Niemand is te oud nie, dame! God wil jou nog steeds gebruik.”

*Ou man:* “Jong, ons sal daaroor dink – net nie vandag nie, ek is klaar moeg.”

(Ou man en vrou stap weg. ’n Tuisteskepper met haar baba in ’n babawaentjie kom ingedwarrel)

*Werwer:* “Môre, mevrou! Kan ek gou met jou praat?”

*Tuisteskepper:* “Nie nou nie – ek moet nog inkopies gaan doen en dan moet ek begin met aandete vir my man en sy gaste. En my kleinding moet nou-nou weer sy bottel kry.”

*Werwer:* “Sjoe, mevrou, ek kan sien dat jy besig is. Maar wat sal jy doen as God ook so besig raak dat Hy nie meer tyd vir ons het nie?”

(Tuisteskepper gaan staan half skuldig stil)

*Tuisteskepper:* “Nou goed – praat maar gou...”

*Werwer:* “God wil sendingwerk hier by ons doen, maar Hy het ons elkeen nodig wat bereid is om dit te doen – by ons skole, winkels en enige plek waar ons oor Hom met ander mense kan praat.”

*Tuisteskepper:* “Haai, meneer, ek is so jammer. ’n Mens vergeet soms om ’n bietjie stil te staan en daaroor te dink dat God jou vir ’n spesifieke doel hier op aarde geplaas het. Ek dink ek moet miskien vir ’n rukkie hier by jou bly en jou help om met die mense te praat.”

*Werwer:* “Ag, dis nou sommer wonderlik, mevrou!”

(Die werwer en tuisteskepper wag by die stalletjie vir mense om verby te stap. Haar buurvrou kom aangestap en herken haar by die stalletjie)

*Buurvrou:* “Môre jong! Wat lyk jy so besig? Dit lyk my jy help hier by die stalletjie. Laat ek jou baba vir so ’n rukkie by jou neem, en dan kan jy hom weer ’n bietjie later by my kom kry.”

(Voordat die tuisteskepper nog kan reageer, kom ’n sakeman met ’n aktetas en selfoon teen die oor aangestap. Hy maak die gesprek met die persoon op die selfoon klaar)

*Werwer:* “Môre, meneer! Kan ons ’n oomblik met jou gesels?”

*Sakeman:* “Man, ek is verskriklik aan die gang. Wat soek julle nou al weer?”

*Werwer:* Het jy geweet God het jou nodig?”

*Sakeman:* “Waarvoor nogal?”

*Werwer:* “Om sendingwerk hier in die omgewing te doen!”

*Sakeman:* “Ja, man, ek weet dit. Maar my tyd is so beperk – daar is sekerlik ander wat God se werk beter kan doen, en minstens meer tyd het. En wat gaan dit my kos – hoeveel geld het julle nodig?”

(Pa, seun en dogter kom versigtig nader en luister aandagtig)

*Werwer:* “Nee, meneer. God soek nie jou geld nie. As Hy wil sal Hy self daarvoor sorg. God soek jóú! Daar is soveel geleentheid vir sy werk hier tussen ons. By die aftree-oord, by die winkelsentrum, die sportveld, die haarsalon, die skool en selfs by jou kantoor! Deur oor Hom te praat is om sendingwerk vir Hom te doen. Die kleinste dingetjie wat jy vir iemand doen is sendingwerk. Selfs al help jy net ’n ouer dame om haar pakkies na die motor te dra, of al gee jy net vir ’n honger persoon ’n stukkie brood, doen jy al klaar sendingwerk.”

*Sakeman:* “Wil jy vir my sê sendingwerk begin sommer hier by ons? Ek hoef nie Mosambiek toe te gaan om sendingwerk te doen nie?”

*Werwer:* “Ja, meneer! God het jou hiér nodig!”

*Dogter:* Nou verstaan ek hoekom God selfs vir mý soek. Ek moet sy sendingwerk hier by ons begin – dis nie nodig om weg te gaan daarvoor nie! En ek hoef ook nie eers ’n grootmens te wees of opgelei te wees nie!”

### 5.2.6 Meting van die toetserediens

Hieronder volg ’n praktiese meetinstrument waarmee die prediker of liturg telkens elke fasset van die erediens, sowel as dit wat vooraf of agterna gebeur, kan meet

aan die spesifieke behoeftes van elke generasie wat die erediens bywoon, en terselfdertyd ook elke element aan die behoeftes van gesinne kan meet:

| Fasset: | Kleuter: | Kind: | Tiener: | Jongmens: | Volwassene: | Gesin: |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ***Vóór gesinserediens:*** Bemarking: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Verwelkoming: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Afkondigings: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Vooraf musiek: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Vooraf skyfies: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| ***Tydens gesinserediens:*** Votum: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Seëngroet: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Lofprysing: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Aanbidding: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Wet: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Verootmoediging: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Stilte: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Vryspraak: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Geloofsbelydenis: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Skriflesing: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Epiklesegebed: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Inleiding van preek: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Boodskap: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Drama/dans/mimiek/poppe: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Visuele hulpmiddels: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Oudio hulpmiddels: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Voorbeelde en illustrasies: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Groepswerk: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Toepassing van preek: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Slot van preek: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Groepsgebed: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Slotgebed: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Offergawes: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Visuele tydens offergawes: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Musiek tydens offergawes: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Slotlied: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Seënbede: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| ***Ná gesinserediens:*** Uitstap (Borde bo deure): | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Uitstapmusiek: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Aktiwiteite in vierkant: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Opdrag vir gesinne: | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |

## 5.3 Praktiese riglyne vir die samestelling van die gesinserediens

### 5.3.1 Algemene riglyne vir die gesinserediens

Saam met York moet erken word dat die saamvoeg van seniors, middeljariges, jong volwassenes, tieners, kinders en kleuters in een vertrek, nié noodwendig verseker dat kruis-generatiewe aanbidding outomaties sal plaasvind nie (2000:13). Suksesvolle aanbidding het met veel meer te make. Respondent 1c (13 jaar) het iets gemeld van wat nodig is om ’n gesinserediens te laat slaag: “Sondae wil jy altyd by die huis bly en laat slaap. Ons is nooit saam nie en ek dink as jy na ’n erediens toe kan gaan waar jy dit geniet en jy actually as ’n familie saam wíl gaan, sal dit julle nader bring en julle meer tyd saam kan spandeer.” Daarom moet nou eerstens gekyk word na die basiese riglyne wat nodig is om só ’n erediens saam te

stel en uiteindelik te laat slaag, alvorens daar na die voorstelle beweeg word om prediking binne gesinseredienste suksesvol aan te wend.

#### 5.3.1.1 Betrokkenheid

In aanbidding gaan dit om die betrekking van elkeen – nié observasie vanaf die kantlyn nie (York 2000:13). Hierdie betrokkenheid kan ook op alle vlakke van die menslike persoonlikheid geskied – nie alleen op die intellektuele vlak nie, maar ook op die emosionele en psigologiese vlak (Jones 2001:21). Gesinne kan betrek word deur onder meer ’n preekwerkgroep uit ’n paar gesinne saam te stel, wat reeds voor die erediens saam met die liturg byeen kom om die erediens te beplan en ook ná die tyd as toetsgroep te dien (Stevenson 1981:42). Hiermeesaam kan gesinne ook sinvol by sekere elemente van die erediens betrek word deur fisiese insette of bydraes daartoe te lewer. Een groot voordeel van betrokkenheid lê in die dividende wat dit oplewer wanneer gesinne deur ’n leerervaring geneem word en uiteindelik iets meer van die liturgie en die erediens verstaan. Respondent 1a het sy ervaring as volg gedeel: “As dit ’n gesinsdiens is, is dit ’n goeie idee dat ’n paar gesinne kollekte opneem – dit maak dit nogal toepaslik vir ’n gesinsdiens.” Respondent 1b het hierby aangesluit rondom die verwelkoming deur gesinne by die deure: “Dit was nogal lekker om iemand te hê wat hallo sê en vra hoe dit gaan.” Respondente 1e, 3b en 3c het terugvoer gegee dat die opneem van die kollekte tydens die proeferediens vir hulle spesiaal was.

#### 5.3.1.2 Deelname

Een van die basiese behoeftes van gesinne binne ’n gesinserediens is die begeerte aan fisiese deelname aan die erediens. Veral die jonger geslagte is baie meer ingestel op aktiewe en interaktiewe leer waardeur hulle informasie inneem en verwerk. Vandaar is post-moderne aanbidding baie meer intiem en interaktief van aard (Jones 2001:21). York meen dat daar byvoorbeeld geen ander aktiwiteit binne die erediens is met meer potensiaal om gemeenskap te skep as samesang nie

(2000:15). Lof en aanbidding is inherent intergenerasioneel en kan bydra tot die effektiewe verhoging van deelname. Wat Long betref, is musiek en sang waar die gemeente nie bloot as gehoor deur professionele musikante vermaak word nie, maar werklik deelneem terwyl die rykdom van die musikale gawes van die gemeente ook benut word, vir mense grootliks betekenisvol (2001:62). Respondent 5c het dit bevestig: “Om voor te gaan staan en sing en bewegings maak was baie lekker.” Vir hierdie rede moet die lof- en aanbiddingsliedere vir die gesinserediens ook met groot sorg gekeur word sodat dit verteenwoordigend van alle spiritualiteite, style, genres en generasies sal wees (Long 2001:63). Respondent 7d het as volg oor die samesang van die proeferediens gereageer: “Ek voel dat daar ’n lied vir almal was om te sing en te geniet.” Ook respondent 7a en 7b kon dit bevestig. York stel hier voor dat ’n aanbiddingsbeplanningspan saamgestel kan word wat verteenwoordigend is van kinders vanaf graad vier en vyf tot en met senior burgers (2000:16). Ander elemente wat groot deelname kan verseker, is verder volgens Stevenson ’n goed uitgevoerde drama of mimiek waarby gesinne fisies betrek kan word, terwyl die res van die gehoor aktief daardeur meegesleur kan word (1981:42).

#### 5.3.1.3 Verhoudinge en mentorskap

Intergeneratiewe eredienste bou voort op die relasies wat reeds binne gesinne bestaan. Hierdie dinamika vorm ’n sterk energerende basis wat deur die liturg binne die gesinserediens aangewend kan word om suksesvolle interaksie tot gevolg te hê en uiteindelik ook mentorskap en rolmodellering op gesinsvlak te bewerkstellig (York 2000:15). Selfs waar hierdie onderlinge verhoudinge onder spanning en gebrekkigheid ly, skep dit steeds die unieke geleentheid om verhoudinge te versterk, genesend daarop in te werk en gesinslede nader aan mekaar te bring. Sodoende kan ook meegehelp word om gesprek, belewenis asook geestelike groei te bevorder, terwyl ouers bemagtig word om hulle geestelike leiersrol in die gesin op te neem. Respondent 6a het hieroor die volgende

opgemerk: “Jy ken jou kind. As jy op ’n stadium dalk kan stop in die erediens – want jy weet dalk wat haak aan jou kind deur ’n goeie voorbeeld – en jy dalk aan die woord gestel kan word en iets vir jou kind kan gee deur ’n voorbeeld wat in lyn met die tema van die diens is, daardie gesprek sal goed wees en dit vestig ook natuurlik jou as gesant in jou kind se lewe.” Respondent 7b het gevoel: “Die kerk vat ouers se verantwoordelikheid uit hulle hande en sê eintlik hulle is nie goed genoeg om hulle kinders te begelei nie.” Respondent 5a het bygevoeg: “Ouers hoef nie meer vir hulle kinders ’n voorbeeld te stel nie, want die kerk neem dit weg.” Ook vir respondent 5f was ouers se voorbeeld die belangrikste van alles, terwyl respondent 7d die opinie uitgespreek het dat, alhoewel vriende belangrik is, die rol wat ouers inneem dit by verre oortref.

### 5.3.1.4 Verweefdheid van spiritualiteite en generasiebehoeftes

Aldus York moet die grootste moeite binne die kruis-generatiewe erediens gemaak word met die verwewing van ons kennis van die mees relevante aspekte van elkeen van die generasie-gefokusde benaderings van eredienste (2000:13). Vir hom is daar boonop sekere algemene elemente en gedeelde aspekte wat binne die verskeie generasie-gefokusde eredienste lê, wat ’n logiese verweefdheid tot gevolg kan hê (2000:13). Sonder twyfel is hierdie sinergisme nie net die ideaal nie, maar soos reeds met die proeferediens bewys is, ook heeltemal haalbaar. Respondent 1b het hierdie feit tydens die terugvoer van die toetserediens ondersteun: “Die diens het almal gedek.” Respondent 2b het dit bevestig: “Dit het bewys dat dit vir almal kan werk.” Ook respondente 1a, 1c, 2a, 2c, 3a, 3b, 4a, 4b, 4c, 5a, 5b, 5e, 5f, 5g, 5h, 6a, 6b, 7a, 7b, 7c, 7d en 7e was dit almal eens dat daar in die proeferediens vir elkeen se behoeftes voorsiening gemaak is.

### 5.3.1.5 Verbeelding en verwondering

Die teenwoordigheid van wonder, verbeelding, fantasie en die sintuiglike oorweldiging deur skoonheid, maak ’n onlosmaaklike deel van die

intergeneratiewe erediens uit (York 2000:14). Hiervoor is ’n eerlike en kreatiewe respons tot die teks en konteks nodig as deel van ’n voortgaande dialoog tussen God en gesin. Al die sintuie kan en moet sinvol hierby betrek word – smaak, aanraking, reuk, sig en klank kan die totale ervaring van die erediens en die boodskap vir die hele gesin optower tot een groot belewenis en avontuur waar ook die emosionele gestimuleer word. Vir Long moet selfs die gebou van aanbidding iets van die transendensie, die wonder van die teenwoordigheid van die heilige God, bevat (2001:70). Respondent 5b het die proeferediens in hierdie verband as treffend beskryf, respondent 5a het dit as ’n totale vervulling verwoord, respondent 2b het dit as vervullend beskryf, respondent 6a het gevoel dit het baie beteken en respondent 5g het dit as ’n volronde gebeure beskryf.

**5.3.1.6 Kreatiwiteit en oorspronklikheid**

Vars gedagtes en konsepte binne die liturgie van die gesinserediens het die vermoë om die aandag vas te vang, asook die boodskap op ’n nuwe wyse oor te dra en sodoende mense meer ontvanklik daarvoor te maak (York 2000:14). Om selfs ’n eenvoudige liturgiese element te neem en dit in ‘n nuwe baadjie te klee, of dit vanuit ’n nuwe hoek te belig, kan geweldig verfrissend en geseënd beleef word, soos reeds in die proeferediens bewys is. Respondent 2a het die proeferediens as volg beskryf: “Dit was anders. ‘n Bietjie meer moeite het die verandering gemaak. Daar was energie.” Respondent 7a het hierna verwys as ’n vars briesie. Ook respondent 5a het opgemerk dat die toetserediens se deeglike voorbereiding opvallend was en die groot verskil gemaak het. Hiervoor word natuurlik ekstra tyd, moeite en kreatiwiteit gevra sodat dit werklik sinvol en behoorlik gedoen kan word. Wanneer die resultate hiervan egter gesien word in die energie wat daardeur binne gesinne en die gemeente losgemaak word, oorspoel dit die hoeveelheid energie wat aanvanklik daarvoor ingegaan het.

### 5.3.1.7 Waarde van die liturgie

Nie alle lede van die Generasie X en Y ontwikkel eredienste binne die lof- en aanbiddingskultuur of soekersensitiewe kultuur nie (York 2000:14). ’n Merkbare kontingent van die post-moderne geslag is op soek na meer formele liturgiese aanbidding binne eredienste. Kruis-generatiewe eredienste sou dus meer liturgies van aard kon wees om in hierdie groeiende behoefte te voorsien. Binne die post-moderne konteks het liturgie volgens Joubert veral twee belangrike funksies om te vervul, naamlik die inlei in die teenwoordigheid van God en die verkondiging van die verlossing in Christus (2005:93). Liturgie is vir Stevenson die opvoedkundige matriks van die kerk – vertering van die inhoud ontbreek by al ons lering en toerusting totdat dit deel word van die erediens (1981:43). Alhoewel die stereotipe en stagnante liturgie ten alle koste vermy moet word, beteken dit nié dat dit tog nie kreatief en verfrissend binne die gesinserediens aangewend kan word nie. Long glo dat liturgie ’n bepaalde stabiliteit meebring en dat orde ter wille van sekerheid en bekendheid (positiewe assosiasie) onmisbaar is (2001:87). Eenvoud binne hierdie orde skep ’n familiariteit en gemaklikheid terwyl dit mense ook help om te fokus op dit wat werklik in die erediens belangrik is, naamlik God, en nie op die praktyke wat konsentrasie verg omdat dit vreemd en onseker is nie. Respondent 5g het ondersteunend hiertoe as volg rondom die liturgie opgemerk: “Die kleintjies gaan gewoonlik na die ander kerkies toe, wat vir my ’n probleem is, in die opsig dat hulle nie blootgestel is aan dinge soos die wet en skuldbelydenis en vryspraak en daai tipe van dinge nie.” Respondente 5a en 7b het beide sterk daaroor gevoel dat ’n liturgiese orde steeds plek binne ’n gesinserediens moet inneem.

### 5.3.1.8 Balans van die primêre elemente

Vir Stevenson bestaan die intergeneratiewe erediens uit drie basiese elemente, naamlik Woord, lof en gebed (1981:42). Hy waarsku egter daarteen dat hierdie drie hoofbestanddele in fyn balans met mekaar gehou moet word, en die een nie ten koste van die ander twee oorbeklemtoon moet word nie. Te veel sang en

musiek maak dit een groot sangdiens; te veel Woord maak dit te prekerig en verbaal; te veel gebed maak dit te eensydig meditatief. Die regte balans tussen hierdie bestanddele hou die gesinserediens gesond, vervullend vir elkeen betrokke en ’n samehangende eenheid (Stevenson 1981:43). Respondent 3b het hieroor opgemerk: “Daar was ietsie van alles en ietsie vir almal.” Respondent 5h het gesê: “Daar was iets van alles” en respondent 7c het verklaar: “Daar was iets vir almal.”

#### 5.3.1.9 Vloeiendheid

’n Intergeneratiewe erediens vra na ’n vloeiende en gemaklike verloop. Om hierdie vloei te bewerkstellig, moet die erediens in totaliteit behoorlik voorberei en ingeoefen word (Stevenson 1981:43). Hoe beter die inoefening is, hoe meer natuurlik en professioneel kom dit voor, en hoe beter word die boodskap oorgedra en ontvang, omdat daar ’n logiese en vrye gang in die erediensgebeure plaasvind. Vir Long is die dramatiese strukturering van die erediens juis deel van die narratief wat tussen God en mens uitspeel (2001:47). Die strukturering van die verloop van die erediens moet daarom sterk en vloeiend plaasvind, omdat ook daarin betekenis opgesluit lê. ’n Wisselende passering wat aanpas by elke element van die erediens, en wat met tye die tempo afbring en met ander tye die tempo opstoot, dra by tot die ervaring van die drama van die liturgie (Long 2001:48). Respondent 1a het sy ervaring hieroor as volg beskryf: “’n Spontane vloei van fokus werk beter as onderbrekings waar eers iets vir kinders en dan weer iets vir grootmense gedoen word.” Respondent 2a het oor die proeferediens bygevoeg: “Die diens was vloeiend en gemaklik en daarom was dit suksesvol.” Respondent 2b het beleef dat die erediens professioneel aangebied is omdat alles mooi gevloei het sonder enige onderbrekings of stoornisse.

#### 5.3.1.10 Beweging en afwisseling

Om veral die aandagspan van die tiener, kind en kleuter binne die erediens te behou, is beweging en afwisseling van die grootste belang (Stevenson 1981:43).

Sodoende word die belangstelling telkens deur ’n nuwe wending geprikkel, en word die jonger generasies langer geïnteresseerd gehou. Deur afwisseling en wendinge binne die gesinserediens in te bou, word telkens verseker dat dwalende gedagtes weer van voor af vasgevang word. Hiermeesaam vra die post-moderne wyse van aanbidding na veel minder stereotipe gestruktureerdheid in die orde en die verloop van die program. Respondent 4a het soos volg oor die proeferediens opgemerk: “Die afwisseling het konsentrasiebreuke meegebring wat gewerk het om die kinders se aandag gevange te hou.” Respondent 5b kon dit beaam: “Daar was altyd iets wat die kinders weer van voor af getref het net sodra hulle aandag wou begin verloor.”

**5.3.1.11 Tuisopdragte en opvolg**

Een element wat uitstekend binne ‘n gesinsopset gebruik kan word om die boodskap te versterk, maar ook terselfdertyd gesinsbande kan bou en geestelike waardes kan inoefen, is die gee van opdragte aan gesinne wat hulle iewers voor, binne of ná die erediens saam kan uitvoer. Sodoende word ook ’n stuk opvolg van die erediens verseker wat beteken dat die boodskap nie in die kerkgebou agterbly nie. Deur byvoorbeeld bedieningsgeleenthede vir gesinne te skep, word gesamentlike geestelike groei ervaar, terwyl hulle ook nader aan mekaar groei en ’n groeiende passie vir mense en die evangelie ontwikkel (Roehlkepartain 2003:36). Respondent 6a het hierby aangesluit: “As die diens ook lei na huiswerk, sal dit goed wees. Godsdiens in die huis weet ons almal is ’n probleem en is nie altyd gevestig nie. So, as dit is dat daar iets is wat jy moet doen – hetsy dan om op te bou na die diens toe of dan na die diens in afwenteling na die week – selfs om iets prakties te gaan doen – dit sal goed wees.” Respondent 7b het die volgende sinvolle bydrae hiertoe gemaak: “As jy ’n week ná die tyd ’n vormpie gegee het net om te vra: ‘Het jy en jou gesin gedoen wat julle verlede week voorgeneem het om te doen?’ As jy elke week so iets doen om op te volg kan dit die boodskap vasmaak en mense aanspreeklik maak.”

**5.3.1.12 Veelvlakkige aanbidding**

Aanbidding het vanaf die middel negentigerjare verby die Generasie X styl ontwikkel na vorme met verskillende elemente en genres (Jones 2001:21). Hierdie vorme staan bekend as ’n veelvlakkige of multi-dimensionele benadering. Post-moderne mense het oor die algemeen wyer belangstellings en patrone van aandag. Vandaar reageer hulle op aanbidding wat gelyktydig op verskeie vlakke plaasvind. Kuns, in al die verskeidenheid van vorme, maak ’n kragtige deel van hierdie nuwe soort aanbidding uit, omdat dit juis die vermoë het om op veelvoudige vlakke te kommunikeer en aan te spreek. Meeste respondente het positiewe opmerkings oor die drama, musiekvideo en oudiovisuele aanbieding van die proeferediens gemaak juis omdat dit hulle veelvlakkig aangespreek het.

**5.3.1.13 Outentieke aanbidding**

Alle mense wat eredienste bywoon, het inherent die begeerte aan egtheid binne die aanbiddingsgebeure. Long glo dat hierdie betekenisvolheid van aanbidding reeds binne ware aanbidding ingebou is, en dat dit nie nodig is om dit sinteties te moet skep nie (2001:17). Egte aanbidding spreek reeds die diepste behoeftes van mense aan sonder om gefabriseer hoef te word. Mense wil ’n ontmoeting met die lewende God hê, wat veel meer as vermaak of korttermynbelewing veronderstel, en hierheen kan egte aanbidding hulle sonder enige aangeplakte fieterjasies begelei. Respondent 5a het hierdie behoefte as volg beskryf: “Die erediens is heilig. Ek wil God daar ontmoet.” Respondent 4a het die volgende oor die proeferediens te sê gehad: “Ek kon die Heilige Gees ervaar. Ek het ’n positiewe gevoel gehad en was op ’n geestelike high vir die res van die week.” Respondent 5a kon hiermee saamstem: “Ek het die Gees in die erediens ervaar.”

**5.3.1.14 Behoefte aan gemeenskap**

Fundamenteel tot die behoeftes van die mens is die begeerte na gemeenskap – om nie alleen nie maar deel van ’n groep of gesin te wees. Hierdie is volgens Long ’n

honger na gemeenskap met beide God én ander mense (2001:30). Generatiewe gemeenskap bevredig egter nie hierdie inherente behoefte nie, aangesien dit onnatuurlik is en die individu van die res van die ryke gemeenskap isoleer. Alhoewel dit 'n bepaalde solidariteit onder die eie generasie skep, is dit ongesond en anti-sosiaal wat die res van die gemeenskap betref. So word die groei in menswees ernstig beperk in die mate waarin mense se blootstelling aan ander generasies beperk word. Al die respondente het bevestig dat gemeenskap met mekaar as gesin en met ander gesinne binne die erediens vir hulle van kardinale belang is. Respondent 7a het hieroor opgemerk: "Ek is deel van 'n verbondsgesin en wil saam met my verbondsgesin die Here aanbid." Al die respondente was dit eens dat hulle graag saam met hulle gesinne in die erediens wil wees.

**5.3.1.15 Behoefte aan drama**

'n Erediens is niks anders nie as die herspeel van die storie van die evangelie, met 'n verskeidenheid van tonele wat die narratief tussen God en mens uitbeeld (Long 2001:48). Inherent binne die gebeure, lê daar soveel drama opgesluit wat telkens ontgin kan word en terselfdertyd die post-moderne mens se behoefte aan belewing en opwinding kan bevredig. Wanneer mense hierdie polsende en bonatuurlike drama ervaar, gebeur iets kragtigs met hulle wat die erediens 'n besondere gebeurtenis maak waarvoor hulle telkens weer sal wil terugkom. In hierdie toneelstuk van die gebeure tussen God en mens word die mens deel van die opvoering – nie bloot in die gehoor nie maar op die verhoog. Talle respondente het hierdie narratiewe drama wat tydens die proeferediens afgespeel het met woorde beskryf soos "Lekker;" "Vervullend;" "Aangespreek;" "Boeiend;" "Treffend;" "Kosbaar;" "Totale vervulling;" "Energiek;" "Wonderlik;" "Stunning;" "Excellent;" "Waardevol." Van hulle het ook erken dat daar iets besonders in die erediens was wat hulle gees in die diepere sin aangespreek het.

### 5.3.2 Spesifieke riglyne vir die gesinspreek

Noudat 'n paar algemene riglyne vir die gesinserediens vanuit die praktykteorie sowel as empiriese navorsing neergelê is, moet aandag gegee word aan die riglyne vir die gesinspreek binne daardie erediens. Hieronder volg spesifieke voorstelle rondom die preek vir gesinseredienste, soos dit uit die praktykteorie en empiriese navorsing blyk, en wat as vereistes kan dien om 'n gesinspreek te laat slaag.

#### 5.3.2.1 Relevansie en aktualiteit

Een groot geheim vir die suksesvolle gesinspreek lê in die wyse waarop die verskeidenheid van situasies en omstandighede van die gesin daarin aangespreek word. Ook kinders en tieners baat by eredienste wat hulle ernstig opneem (York 2000:16). Hulle sal meer gewillig en ontvanklik wees om te luister wanneer die prediker onder andere ook illustrasies gebruik wat reflekteer dat hy of sy bewus is van die wêreld waarin hulle leef, en die prediking ook by geleentheid probleme en vraagstukke aanspreek wat húlle ervaar. Dieselfde is natuurlik ook van die res van die gesin waar, sodat dit 'n belangrike vereiste vir die gesinspreek sal wees. Respondent 1c het in hierdie trant opgemerk: "Ons gemeente se slagspreuk gaan nou grond toe." Respondent 1a het van die drama spesifiek gesê: "Die verskonings wat daar gebruik is, kon ek so goed mee assosieer, want ek ken dit almal." Respondente 1a, 1b, 2b, 3a, 3b, 4a, 4c, 5a, 5b, 5f, 5g, 6a, 6b, 7a en 7c het almal opmerkings oor die belangrikheid van relevante, aktuele, praktiese en alledaagse voorbeelde en illustrasies gemaak.

#### 5.3.2.2 Narratiewe prediking

Stories het die besondere vermoë om alle generasies aan te spreek (York 2000:13). Die oomblik wanneer 'n prediker 'n storie begin vertel, reageer die hele gemeente en kom almal tot lewe met 'n aktiewe luister-ingesteldheid. Natuurlik beteken dit nie dat alle stories altyd op die kleuter se vlak aangebied hoef te word nie. Volgens York kan selfs kinders baat by die rykdom van 'n goed vertelde storie wat op die

breër gemeenskap van ouderdomsgroeperinge gemik is, op dieselfde wyse as wat volwassenes kan leer uit stories wat op kinders gemik is (2000:15). Storievertelling binne gesinseredienste is ’n wyse van die deel van geloof, waar selfs volwassenes by kinders kan leer en ’n sin vir fantasie, misterie en spontaniteit kan laat herleef (York 2000:14). Respondente 1a en 2b het beide stories voorgestel as ’n kragtige medium waarmee ’n boodskap oorgedra kan word. Respondent 7a het in aansluiting hierby gevoeg: “Stories werk altyd! Jesus het stories gebruik wat Hy sommer uitgedink het om ’n boodskap oor te dra. Ná 2000 jaar preek hope mense nou nog elke Sondag oor daardie stories.”

#### 5.3.2.3 Dialogiese prediking

’n Deeglik voorbereide dialogiese preek het die effek om mense se konsentrasie te verhoog omdat dit hulle onmiddelik aktief by die preek betrek (Stevenson 1981:42). Interaksie tussen prediker en gemeente, asook die interaksie tussen gesinslede of gesinne onderling, versterk die tuiskom van die boodskap en skep ’n openheid tussen mense. Hierdie dialoog kan op verskeie wyses bewerkstellig word soos byvoorbeeld vraestellings of besprekings. Respondente 1b, 1d, 2a, 3a, 3b, 3c, 4b, 4c, 6a, 7b, 7d en 7e het almal opgemerk dat die dialogiese interaksie tydens die boodskap van die proeferediens vir hulle iets besonder was.

#### 5.3.2.4 Oop-einde prediking

Stevenson waarsku teen die oordrewe poging van predikers om altyd alles te wil verduidelik – selfs dramas (1981:42). Wat sou die nut van byvoorbeeld ’n drama wees indien dit voor of na die tyd verduidelik word? Post-moderne mense wil self interpreteer en betekenis toevoeg, sonder om van voor af rondom dit gedikteer te word met ’n enkele of eensydige betekenismoontlikheid. Inleidings moet dus ten alle koste vermy word aangesien dit die dinamika en die verrassingselement wegneem. Eerder moet in die vooraf beplanning verseker word dat die bepaalde oudiovisuele kunsvorm of hulpmiddel wat binne die preek gebruik word, duidelik

en eenvoudig genoeg is om die boodskap vanself en op eie meriete te ondersteun. Respondent 7a het ná die toetserediens hieroor gesê: "Ek is toegelaat om self 'n bietjie te dink en my eie situasie toe te pas."

**5.3.2.5 Lerende prediking**

Post-moderne gesinne leef in 'n tydvak waar die gesag van die Skrif bevraagteken word en mense die geloofwaardigheid van die Bybel betwyfel (Pieterse 2005:415). Vandaar het Pieterse se pleidooi vir onderrigtende prediking te make met die kwynende Skrifkennis van mense wat deesdae eredienste bywoon (2005:420). In geen preek of erediens kan meer aangeneem word dat mense die basiese teologiese of Bybelse taal kan praat of verstaan nie. Predikers sal dié taal en beelde moet verduidelik, en in elke preek klem op onderrig in die Skrifwaarhede moet plaas. Agtergrond van die Bybel sal telkens gegee moet word, en Bybelse konsepte sal omskryf en verklaar moet word. Miskien juis vir hierdie rede is daar talle van die respondente wat in die empiriese navorsing aangedui het dat die plek van die Woord in die erediens en veral prediking nog steeds vir hulle krities belangrik is. Respondent 7b het gepleit vir Bybelkennis wat in preke tot uiting moet kom; respondent 6a het gevoel dat die Bybel steeds pertinent in die gesinspreek moet wees; respondent 4a het geglo dat die preek wel by die konkrete en relevante situasie van die hoorders moet begin, maar van daar af na die Bybel toe moet beweeg; respondent 5b het gevoel dat die vaslegging van die boodskap onmisbaar is. In reaksie op die proeferediens het respondent 6a gesê dat die preek vir hom baie leersaam was; respondent 7a het die preek as 'n vars en goed gefundeerde perspektief op gelowiges se roeping op aarde gesien; respondente 2b, 3b, 5a, 5b en 6a het die missionêre opdrag as 'n Bybelse en Goddelike opdrag verstaan; vir respondent 4a het die preek 'n nuwe dimensie oopgebreek; respondent 2c het vir die eerste keer haar doel as gelowige verstaan; respondente 1a, 2b, 5a, 5b en 7b het beleef dat die preek iets konkreet in hulle denke en lewens verander het; respondent 2b het opgemerk hoe treffend die teksvers deur die hele erediens en

preek vervleg was; respondent 4a was opgewonde oor die feit dat die slegs een vers gebruik is wat goed vasgetrap en deeglik vanuit verskillende hoeke belig is.

**5.3.2.6 Eenvoudige taalgebruik**

Aanwending van taal binne die gesinserediens is van die grootse belang. Alledaagse praattaal in die prediking is vir die post-moderne gesin ’n noodsaaklikheid. Respondent 1a het gevra vir eenvoudige taalgebruik, terwyl respondente 1b en 5b van mening was dat preke nie te hoog moet wees nie. Talle respondente soos respondente 1c, 2c en 7e het gepleit vir verstaanbare woorde wat nie oor hulle koppe gaan nie. Respondent 2a het in hierdie verband opgemerk: “Baie predikers se preke is só gekompliseerd dat selfs ek baie keer wonder wat hulle wil sê – en of hulle ooit self weet.” Ook die gebruik van konsepte in Engels is aanvaarbaar indien dit ’n spesifieke konnotasie het wat vir die oordrag van en assosiasie met die boodskap belangrik is. Die eenvoud van die preek hoef egter nie te beteken dat daar geen diepte in lê en dat verkondiging maar net oppervlakkig geskied nie. Selfs moeilike en diep teologiese temas kan egter steeds in verstaanbare en verteerbare taalkodes omgesit word, sodat selfs die jonger geslagte daaruit kan sin maak. Respondent 7b het hieroor verklaar: “Baie predikante dink dat as hulle groot woorde gebruik, preek hulle diep preke. Maar groot woorde beteken nié geestelike diepte nie. Jy kan diep preke preek en nog steeds eenvoudige woorde gebruik.”

**5.3.2.7 Kort maar kragtige preke**

Een geheim van gesinspreke wat regtig werk lê in die lengte daarvan. Verskeie respondente het in hulle reaksie op die vraag na sinvolle gesinseredienste geantwoord dat kort preke ter wille van konsentrasiespan en effektiwiteit noodsaaklik is. Telkens was die ouers onder die respondente wat hieroor opmerkings gemaak het, se motivering dat hulle uit ondervinding gesien het hoe hulle kinders na ’n rukkie belangstelling in die erediens verloor. Respondent 4a

het die volgende opmerking gemaak: "Opvoedkunde het bewys dat kinders nie vir langer as 10 minute op 'n slag kan konsentreer nie. As 'n preek langer as dit is, moet mens dinge inbou om dit af te wissel of die konsentrasie te breek." Respondent 6a het bevestig: "'n Mens moet die preek kort hou." Na aanleiding van die proeferediens het respondent 2b verklaar: "Die kort teks asook die kort geloofsbelydenis, was great. Ook die preek het glad nie lank gevoel nie."

**5.3.2.8 Oudiovisuele kunsvorme**

Prediking kan sterk ondersteun word deur die sinvolle aanwending van oudiovisuele kunsvorme soos dramas, mimieke, danse, poppespele ensomeer, wat juis die post-moderne styl van prediking ondersteun (Jones 2001:21). Selfs skilderkuns en beeldhouwerk sou sinvol binne gesinseredienste aangewend kon word om die effektiewe oordrag van geloofsinhoud en geloofsbelewing uit te bou. Prediking binne die post-moderne konteks is volgens Jones minder woord-georiënteerd – met ander woorde minder klem word op die verbale geplaas en ander mediums word net so effektief aangewend om die boodskap te kommunikeer. Immers bevind die post-moderne mens homself en haarself in 'n multi-sensoriese kultuur en kan dus nie ánders aangespreek word nie. So verstaan, is oudiovisuele kunsvorme nié iets uit die bose nie, maar 'n Godgegewe instrument waarmee mense met die boodskap bereik kan word. Natuurlik bly die geheim hier dat die spanne wat hierdie kunsvorme binne die gesinserediens beoefen, duidelik ingelig moet wees oor die spesifieke bydrae wat hulle tot die boodskap moet lewer sodat dit werklik effektief by die preek kan inskakel, en sodoende 'n kragtige rol kan speel. Die hoë standaard waarmee hierdie kunsvorm aangebied moet word, kan ook nie genoeg beklemtoon word nie. Hieroor het respondent 6a opgemerk: "Ek was aanvanklik gespanne toe ek hoor daar gaan 'n drama opgevoer word. Ek is altyd bang die ding werk nie en skep 'n verleentheid. Maar ek moet sê toe die drama eers aan die gang was, ek kon begin ontspan, want ek kon sien die mense was goed voorberei." Respondent 1a het die effektiwiteit

van die drama tydens die proeferediens só omskryf: “Die drama het die boodskap mooi uitgebeeld.”

### 5.3.2.9 Oudiovisuele hulpmiddels

Multidata-aanbiedinge is onmisbaar as hulpmiddel vir die post-moderne gesinserediens. Goeie foto’s en skyfies wat die preek sterk ondersteun sonder om die fokus van die boodskap af te haal, is van groot waarde, aangesien dit die verbale visueel maak. Kleuters, kinders en tieners veral, luister immers met hulle oë! Daarmeesaam kan video- of DVD-insetsels ook ’n besondere bydrae lewer tot die effektiewe kommunikasie van die boodskap. Belangrik is egter die spaarsamigheid waarmee hierdie hulpmiddels benut moet word sodat dit nie te oorweldigend en veeleisend vir die gehoor word nie. Vele respondente soos 1c, 2a, 3a, 3b, 5b, 6a, 7a en 7b het die noodsaaklikheid van multidata-aanbiedinge en visuele kommunikasie bevestig, en respondente 1c, 2a, 2b, 3c, 4b, 6a, en 7a het na aanleiding van die oudiovisuele aanbieding van die toetserediens baie positief daarop gereageer.

### 5.3.2.10 Illustrasies en bybehore

Eenvoud is die wagwoord vir enige illustrasie binne die intergeneratiewe erediens. Hoe eenvoudiger die illustrasie, hoe makliker kan dit deur almal in die erediens verstaan word – sodoende het die illustrasie werklik in die doel geslaag. Hoe meer die illustrasie en bybehore aansluit by die alledaagse leefwêreld van die post-moderne gesin, hoe groter sal die impak daarvan wees. Kragtige impakterende voorbeelde of illustrasies het gewoonlik ’n verrassende moment wat die gehoor aangryp of verbasing uitlok. Respondent 2a het die volgende hieroor te sê gehad: “Fisiese voorbeelde wat jy sien, onthou jy baie beter.” Volgens respondente 3a en 3b is die betrekking van sintuie by die illustrasies onmisbaar.

### 5.3.2.11 Humor en komedie

Humor is universeel, en deurbreek ook die skeiding tussen verskillende generasies – dit het die besondere vermoë om van klein na groot aan te spreek. Vandaar is dit onontbeerlik in ’n eredienssituasie waar verskillende geslagte byeen is. Volgens Joubert lê die waarde van humor daarin dat dit die gehoor op die gemak stel, wat ’n openheid tot gevolg het wat uiteindelik komunikasie kan verbeter (2005:95). Komedie bevat die besondere potensiaal om mense te ontwapen sodat skeidsmure afgebreek kan word. Humor kan ook die prediker in staat stel om mense op ’n nie-bedreigende wyse na hulleself te laat kyk, maar kan ook sensitiewe of ongemaklike situasies ontlont of moeilike probleme aanspreek. Verder kan humor ook die hoorder begelei om ’n gedagte of stelling vanuit ’n nuwe hoek of perspektief te benader (Joubert 2005:95). Respondente 3b en 3c het sterk daaroor gevoel dat humor ’n noodsaaklike element vir ’n gesinserediens moet wees. Respondent 3c het in reaksie op die proeferediens opgemerk hoe hy die humor geniet het.

### 5.3.2.12 Simbole en rituele

Simboliek skep positiewe assosiasies en bind ervaringe aan die boodskap. Verder help dit die hoorder om oor die betekenis van die evangelie na te dink (Joubert 2005:97). Sodoende versterk dit die boodskap terwyl dit ook die belewenis van die gesin versterk en positiewe herinneringe skep wat gesinslede saambind. Hierdie repertorium van rituele of aanbiddingselemente moet volgens Long uiteindelik deur die gemeente uit die hart geken word sodat dit werklik groepe mense kan aanspreek en kragtig kan saambind (2001:87). Respondent 5g het die volgende oor die aanwesigheid van sterk liturgie in die toetserediens laat val: “As eredienste só gaan lyk in die toekoms, het ek weer hoop vir die kerk.” Respondent 5a het verklaar: “Dit was lekker om saam met my kinders elemente te ervaar wat ek as kind ervaar het.”

## 5.4 Ander riglyne vir die aanbieding van die gesinserediens

### 5.4.1 Persoon van die prediker

Die persoonlikheid en die gawes van die prediker of liturg het ’n groot rol in die gesinserediens te speel. Nie alle predikers het die vermoë om veral kleuters en kinders op hulle gemak te stel en met hulle te konnekteer nie – ongelukkig is dit ’n voorvereiste vir ’n gesinsprediker. In dieselfde asem moet egter ook gesê word dat die prediker of liturg wat bostaande riglyne in die gesinserediens ernstig begin opneem, sy of haar eie onvermoë om met kinders of tieners te bind, grootliks kan oorkom. Sodra die prediker waarlik glo dat God in die erediens teenwoordig is, wys dit in sy of haar optrede en aanbieding (Long 2001:105) wat weer ’n positiewe reaksie by die erediensgangers ontlok. Respondent 4a het hierdie waarheid bevestig: “Mense kan onmiddelik raaksien of die dominee opreg is en uit sy hart praat, en dit maak die wêreld se verskil in hoe hulle die erediens beleef. As ek weet dat ’n dominee regtig die Here ken, luister ek graag na hom. Hy kan dit nie wegsteek nie.” Predikers moet in die post-moderne era steeds bly besef dat hulle ’n verteenwoordiger van Christus en ‘n spreekbuis van die Here is, en op ’n besondere manier die teenwoordigheid van Christus na die gemeente oordra (Long 2001:101). Hierdie verantwoordelikheid impliseer dat die wyse waarop ’n prediker of liturg met God, die Woord, die liturgie, die gemeente en homself of haarself omgaan, binne menslike beperkinge natuurlik, altyd getrou aan die aard van Christus moet wees. Die prediker of liturg beliggaam in woord en aksie die heilige karakter van aanbidding (Long 2001:103). Respondent 2c het haar weer soos volg oor die styl van die prediker uitgespreek: “Ek hou nie daarvan as ’n dominee skreeu nie,” waarmee sy iets te kenne gegee het van die post-moderne mens se afkeur in ‘n oordonderende geboelie en emosionele opswepery tydens prediking. Post-moderne mense is op soek na egtheid by predikers, en dit is vir hulle selfs meer belangrik as die waarheid.

## 5.5 Skematiese voorstelling van die riglyne vir die gesinserediens en -preek

| **Riglyne vir die gesinserediens:** | **?** | **Riglyne vir die gesinspreek:** | **?** |
|---|---|---|---|
| Betrokkenheid – interaksie | | Relevansie – aktualiteit | |
| Deelname – inskakeling | | Narratief – stories | |
| Verhoudinge – rolmodellering | | Dialogies – tweegesprek | |
| Verweefdheid – ineenskakeling | | Oop-eindigend – selfverklarend | |
| Verbeelding – verwondering | | Lerend – onderrigtend | |
| Kreatiwiteit – oorspronklikheid | | Eenvoudig – praattaal | |
| Liturgie – strukturering | | Kort – konsentrasiebreuke | |
| Balans in Woord, lof en gebed | | Oudiovisuele kunsvorme | |
| Vloeiendheid – gemaklikheid | | Oudiovisuele hulpmiddels | |
| Beweging – afwisseling | | Illustrasies – voorbeelde | |
| Tuisopdragte – opvolg | | Humor – komedie | |
| Veelvlakkigheid – multidimensioneel | | Simbole – rituele | |
| Outentisiteit – egtheid | | Egtheid – eerlikheid | |
| Gemeenskap – koinonia | | | |
| Drama – belewing | | | |

## 5.6 Slot

In hierdie studie het dit duidelik geword dat gesinseredienste waar die volledige gesin volledig bedien word, maar gesinne terselfdertyd ook die geleentheid kry om God en mekaar persoonlik te bedien, sonder twyfel deel van die kerk van die toekoms sal moet wees. Geensins kan dit meer ontken word dat intergeneratiewe bediening – en veral intergeneratiewe eredienste en preke – ’n belangrike rol in die kerklike bediening aan die hedendaagse mens en gesin sal vervul nie.

Nêrens kom God se oorspronklike bedoeling met die verbond só goed tot reg soos binne die gesinsbediening nie. Tegelykertyd skakel dit ook in by God se plan met elke gelowige om uiteindelik tot geestelike volwassenheid in Christus begelei te word. Alhoewel gesinne ook maar gebroke is en onder die sondigheid van hierdie bedeling ly, kanselleer dit nie die feit dat God steeds met gesinne op pad wil wees nie.

## BIBLIOGRAFIE

Barnard, A.C. 1981. **Die erediens.** NG kerkboekhandel: Pretoria

Borgman, D. 1997. **When Kumbaya is not enough.** Massachusetts: Hendrikson Publishers Inc.

Brown, S.T. 2005. "Preaching the Word in the Family Integrated Church." http://www.visionforumministries.org/sections/ncfic/articles/preaching_the_word.asp.

Burns, J. 2006. "What is Family-based Youth Ministry?" http://www.youthspecialties.com/articles/topics/family_based.php.

Carman. 1998. **Mission 3:16.** Sparrow Records: Brentwood, USA

Clark, C. 2006. "How kids are changing and what it means for youth workers." http://www.youthspecialties.com/articles/topics/culture/changing.php.

Collison, M. 2000. "Seven trends to watch in the next decade." http://www.youthspecialties.com/articles/topics/culture/seven/php.

Denton, M.L. en Smith, C. 2001. **Methodological issues and challenges in the studies of American youth and religion.** NSYR: North Carolina

De Vries, M. 1994. **Family-based Youth Ministry.** Intervarsity Press: Illinois

Drescher, J. 1980. **Wat kan ek van my kind verwag?** Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Dressel, L.C. 1987. **Dit het aand geword.** NG Kerk-Jeugboekhandel: Bloemfontein

Dunbar, T.A. 1983. **The children's sermon: can the minister's awareness of child development principles strengthen this experience?** Drew University

Durka, G. en Smith, J. 1980. **Family Ministry.** Winston Press Inc.: Minneapolis

Esslinger, D.C. 1982. **Exploring the effectiveness of preaching through group participation.** D Min: Drew University

**Handboek vir die erediens van die NG Kerk.** 1983. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad

Heitink, G. 1993. **Praktishe Theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden.** Kampen: Kok

Hestorff, S. 2005. "Youth Ministry Changing." http://www.biblicalrecorder.org/content/news.

Heyns, J.A.. 1976. **Brug tussen God en mens.** NG Kerkboekhandel: Transvaal

Heyns, J.A. 1978. **Dogmatiek.** NG Kerkboekhandel: Transvaal

Heyns, L.M. en Pieterse, H.J.C. 1990. **Eerste treë in die Praktiese Teologie.** Pretoria: Gnosis Boeke Uitgewers

Hutchcraft, R. 1998. "12 Sentences that defines a generation." Bl 1-3. http://home.pix.za/gc/gc12/papers/p1010.htm.

Hybels, B. 2002. **Courageous Leadership.** Struik Christian Books: Kaapstad

Immink, F.G. 2003. **In God geloven.** Uitgeverij Meinema: Zoetermeer

Janse van Renburg, J. 2003. **Narrative Preaching.** Acta Theologica Supplementum 4. UFS: Bloemfontein

Jones, A. 2001. Alternative worship. **Cutting Edge.** Winter 2001, bl 19-23

Joubert, P. 2005. **Prediking in 'n post-moderne konteks.** MA Teologie: Universiteit van Pretoria

Kerkorde 1999. NG Kerk Sinode van Noord-Transvaal. Sinodale Regskommissie van N-Tvl

Kimball, D. 2003. "Do we need youth ministry anymore?" http://www.youthspecialties.com/articles/topics/culture/need_youth_ministry.php.

LaRue, J.C. 1999. "What teens think about church." http://www.christianitytoday.com/yc/9y3/9y3080.html.

Le Roux, E.C. 1983. **Die plek van die kleuter in die erediens.** BD Teologie: Universiteit van Pretoria

Long, T.G. 2001. **Beyond the worship wars.** The Alban Institute, Inc

Louw, J.P. en Nida, E.A. 1988. **Greek-English Lexicon Volume 1.** United Bible Societies: New York

Marais, A. 2001. **Positiewe Ouerskap.** Buvton: Maties

National Study of Youth and Religion. 2003, number 4. "Family religious involvement and the quality of family relationships for early adolescents." www.youthandreligion.org.

National Study of Youth and Religion. 2005. "Report on Protestant Teens." http://www.youthandreligion.org/news/2005/0523.html.

Nel, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie en praxis in die Praktiese Teologie. **Praktiese Teologie in SA.** 6 (1), bl 21-37

Nel, M. (Red) 1996. **Prediking – Kommunikasie in konteks.** Makro Boeke: Voortrekkerhoogte

Opperman, R. en Snyman, F. 2005. **Ervaringsleer kook.** Groep 7 Drukkers en Uitgewers BK.

Phelan, J.E. 1999. **The church in the Postmodern world.** CLC Fort Washington: Pennsylvania

Pieterse, H.J.C. 1979. **Skrifverstaan en Prediking.** NG Kerkboekhandel: Pretoria

Pieterse, H.J.C. 1986. **Verwoording en Prediking.** NG Kerkboekhandel: Pretoria

Pieterse, H.J.C. 1993. **Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.** RGN

Pieterse, H.J.C. 1993. Die probleem van normatiwiteit en rasionaliteit in die beoefening van Praktiese Teologie. **Praktiese Teologie in Suid-Afrika.** 8(2) bl 197-203

Pieterse, H.J.C. 2001. **Prediking in 'n konteks van armoede.** Unisa Uitgewers: Pretoria

Pieterse, H.J.C. 2005. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. **In die Skriflig.** 39(3) bl 409-422

Piper, J. en Piper, N. 2006. “The Family: together in God’s presence.” http://www.desiringgod.org/library/topics/family/family_worship.html.

Potgieter, M. 1995. **’n Nuwe Bybelse Lewenswyse.** Lewensvreugde Uitgewers: George

Pulles, J.A. 1968. **De ontwikkeling van de kind.** S Hertogenbosch: Malmberg uitgewers

Robinson, H.W. 1980. **Biblical Preaching.** Baker Book House: Michigan

Robinson, H.W. 1999. **Making a difference in preaching.** Baker Books: Michigan

Roehlkepartain, E.C. 2003. **Journal of family ministry.** Volume 17, Nr 3 bl 22-41

Roxburgh, A.J. 1993. **Reaching a new generation.** Madison: Intervarsity Press

Smith, C. 2005. **Soul searching – the religious and spiritual lives of American teenagers.** Oxford University Press

Stevenson, K. 1981. **Family Services.** SPCK

Stott, J.R.W. 1982. **Between two worlds.** Eerdmans Publishing Company: Michigan

Tinklenberg, 2005. “The needs of teens today.” http://www.findarticles.com/p/articles/mi_m1058.

Van Pelt, R. 1997. **Intensive care – helping teenagers in crisis.** Youth specialties Publishing House: Wellington

Van Roon, A. 1976. **De Brief van Paulus aan de Epheziërs.** Uitgeverij GF Callenbach bv, Nijkerk

Van Tonder, B.J. 1993. **Prakties-Teologiese riglyne vir die skryf en implementering van die geestelike lied met die oog op ’n hedendaagse kinderbediening.** BD Teologie: Universiteit van Pretoria

Van Tonder, B.J. 2001. **Kerkmusiek vir hedendaagse tieners.** M Diac: Universiteit van SA

Van Tonder, B.J. 2005. **Bybelbash 2.** Groep 7 Drukkers en Uitgewers: Pretoria

Van Wyk, R.P. 2002. **Prediking aan die jeug in ’n eietydse situasie.** D Th: Universiteit van Pretoria

Vos, C.J.J. 1996. **Die volheid daarvan 1.** RGN-Uitgewery, Pretoria

Vos, C.J.J. (Red) 2000. **Omdat ons klein is – 40 volledige kinderboodskappe om te gebruik in eredienste en saalopeninge.** Lux Verbi.BM: Kaapstad

Vos, C. en Müller, J. 1989. **Geboorte en Kindwees.** Nasionale Boekdrukkery: Kaapstad

Wagner-Ferreira, E.C. 2005. **’n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoeftes van die tieners in die NG Gemeente Waverley met spesifieke verwysing na die erediens.** MA Teologie: Universiteit van Pretoria

Wester, F. 1995. **Strategieën voor kwalitatief onderzoek.** Countinho: Bussum

Wilson, J.F. 1975. **Using music with children.** The Moody Bible Institute: Chicago

York, T.W. 2000. Cross-generational worship. **Journal of family worship.** Volume 14, Nr 1 bl 10-19

Zaher, H.R. 2003. “Do we need youth ministry anymore?” http://www.youthspecialties.com/articles/topics/culture/need_youth_ministry_cont .php.